Die Onseker Klank

Goeie môre, vriende. Ek is so bly om weer vanmôre terug in die kerk te wees na 'n week van my verkoue elke paar minute aan die Duiwel terug te gee, julle weet. Elke keer dat hy dit aan my sou oorhandig, sou ek dit weer terug oorhandig aan hom. En ons is steeds aan die veg. Ek is net vasbeslote dat hy dit sal moet hou. Sien? Elke keer dat hy dit aan my oorhandig, stoot ek dit net terug na hom toe. Sien? Hy oorhandig dit aan my, en ek stoot dit terug na hom toe. So hy—hy is egter goed daarmee om dit weer te oorhandig, julle weet. Hy weet sekerlik hoe om dit te doen. Maar ons sal hom uiteindelik gedaan maak, of sy geduld laat opraak, soos ek nou die aand gesê het.

2 Kêrel het eenkeer gesê, hy was voor gebid, en hy het gesê: "Wel," het gesê: "die Duiwel het vir my gesê ek was nie genees nie." En het gesê: "Ek het afgekyk," het gesê: "al my simptome was daar, net soos hulle in die begin was." En hy het gesê: "Wel, ek het gesê: 'Satan, dit—dit—dit is waar, ek sien nie enige verskil nie. Maar weet jy wat? Totdat hulle my verlaat, gaan ek net so hard soos ek kan tot eer van God getuig. So as jy nou hierrond wil bly en na my luister, bly dan hierrond.'"

3 Dit is ware geloof. Getuig tot eer van God, want: "Geloof is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie." Sien? Jy sien nie geloof nie. Jy glo net, geloof.

4 En hierdie week, was ek taamlik besig bo by die huis. Hulle was, natuurlik, die eerste dag, dink ek, was daar omtrent dertig in gewees. En ek wou, toe, al my onderhoude en dinge kom. Dit was 'n baie besige week.

5 En ek het 'n paar dinge hierdie week geleer. Ek het afgegaan . . . En ek het 'n vriend hier in die stad, wat 'n baie gawe kêrel is. Hy is 'n mediese dokter. Ons het saam skoolgegaan, Dokter Sam Adair, en hy is net 'n puik kêrel. En so het ek hom nie vir ongeveer vier jaar gesien nie. Ek het omtrent 'n drie— of vieruur gesels hierdie week met hom gehad. Ons het afgegaan na die kantoor toe en dit net toegemaak, ingegaan en gesels.

6 En ek het 'n paar dinge aan hom herhaal wat ek uitgevind het, geestelik, omtrent bose magte, en hoe hulle inkom. En hy het my die mediese vertel, of die—die diagnose daarvan in 'n mediese term. Dis verbasend, om te sien hoe daardie saamgaan. Sien?

7 So, hy het my vertel van 'n sekere slym wat in die menslike gestel kom, waarvoor 'n mens nie juis 'n verkoue hoef te hê, of iets nie. Het gesê jy moet net . . . Dis net 'n sekere slym wat daar inkom, en dan kom die kiem in hierdie sekere slym, of hierdie slym maak die kiem.

8 Ek het gesê: "Wel, as die slym die kiem maak, dan sou ek graag wou weet waar die lewe van die kiem vandaan kom." Sien?

9 "Wel, natuurlik, dit," het hy gesê: "ons weet dit nie." Het gesê: "Kan net nie sê nie."

10 Jy word kouerig, of die een of ander ding, en daardie kiem vorm in verskillende vorms. Dan het dit 'n manier om self te vermenigvuldig, hou net aan om kieme van hierdie slym af voort te bring, dink ek. Dokter, iemand wat hier is, of 'n verpleegster, sou meer daarvan verstaan.

11 Maar my belangstelling was, en my gedagtes, was, daardie kiem self. Die lewe daar binnekant; binnekant daardie koppie soos 'n—soos 'n klein kapsule, so klein, die menslike oog kan dit nie eens sien nie. Maar binnekant daardie klein dingetjie wat net 'n groot sterk vergrootglas kon sien, daar binne—in is 'n lewe. Wat laat daardie lewe soveel van daardie slym neem en dit om homself vou en hierdie kapsule te laat maak, sien, of 'n kiem, dis die Duiwel. Dis geestelike krag. Dit, hulle sal nooit in staat wees nie. . . Hulle het by 'n plek gekom selfs onder die molekule, dat hulle hierdie klein kiemsel kon opspoor, ensovoorts, en die klein slymvliesie wat net deur 'n sterk vergrootglas kon gesien word. En dan, maar, verder as dit, kan hulle nie sien nie, want daar is nie. . . daar is geen. . . daar is nie enige natuurlike stof om beet te kry nie. Nou, voor ek—ek. . .

12 Die mense staan. Nou, Charlie, ek haat om te sien. . . Jy, en David, en Rodney, en almal van julle daar, julle is so goed vir my wanneer ek na julle huis toe afkom, en dinge. Kan julle nie 'n sitplek in die huis van God gee nie, maar ek sal julle sê wat ek doen, as julle hiernatoe sal kom, hier is myne. Kom reguit boontoe, en maak julself net welkom. Enigeen van julle wat hiernatoe wil kom en hierdie sitplek neem, stap net reguit hiernatoe. Sien? Julle sal meer as welkom wees.

13 En dis 'n—dis 'n goeie een. Dit behoort eintlik nie aan my nie. Dit behoort aan Mnr. Wilson, die hoof van skool. Ek het dit sedert 1937 gehad, so dis die oudste. So ek. . .

14 Hy, 'n tyd gelede hier, gesê: "Haai, het jy nog steeds my stoele?"

Ek het gesê: "Ek sit elke aand in hulle voor ek preek."

En hy het gesê: "Wel, dis goeie hande dan, so laat staan dit."

15 Nou julle is welkom. Daar is een sitplek *hier*. En dan as julle net wil hiernatoe kom waar die klein outjies sit. Nou moenie—moenie laat dit julle verleë maak nie, dink julle is 'n klein outjie nie, want julle is nie. Maar, julle sou graag weer wil wees. Maar hier is nog een sitplek *hier*, wat hier sit. En—en daar is nog een *hier* oorkant. En so sou julle kon, veral sommige van daardie dames daar, wat soort van daar staan soos daardie. Dankie. En ons sou bly wees as julle reguit hiernatoe sou kom en kom sit. Dit

sou in die haak wees. Sit net jou arm reg rondom, leun vooroor, terwyl ons praat.

16 En—en, Charlie, ek het gedink jy sou hiernatoe kom. Ek—ek terg hom die heeltyd. Ek het gesê: "Kom jy na die kerk toe." Ek het probeer om hom sover te kry om te kom en my te sien. En toe het ek gesê: "Wanneer jy kerk toe kom, gaan ek sê: 'Vanmôre sal Doktor Charlie Cox die boodskap bring,' en wegstap."

17 Hy het gesê: "Ek sal flou word." [Broer Branham en gemneente lag—Red.] So voordat ek hom kon roep, het hy afgesit na die agterkamer. Hy . . .

18 So ek sou graag wou . . . net voor ons ingaan op die les. Ek het gedink, verlede week, dat die Here ons regtig geseën het. Het julle gehou van die—die . . . [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Goeiste! Dit het net oral heen geswerm. Daardie Boodskap het selfs die hele ent pad na Kalifornië toe gegaan. Hulle het gisteraand uit Kalifornië gebel, Daarvandaan. En—en nou wil hulle begin om dieselfde ding in Kalifornië te hê, in die volgende komende maand van Januarie. Sien?

19 Die Heilige Gees het net geblyk te tref, ewe skielik, net daar by Shreveport. En Dit gaan net van plek tot plek, soos daardie, en net—net 'n openbaringsuur.

20 En so is ons so bly, en vertrou, en sien ons—ons eie groep hier, hier by die tabernakel, so goed vaar hierdeur, sien die manifestasie van God hier onder ons. Ons is so gelukkig daaroor, en glo dat ons by daardie groot uur van die uitroep van die Kerk is, en Dit in orde te plaas. So hulle . . .

21 Ek het iets gevind, wat ek . . . terwyl ek met my goeie vriend, Dr. Adair, gesels het, in sy kantoor gesit het. En hy het gesê, het oor verskeie dinge omtrent x—strale gesels, en het omtrent swaar verkoues en verskillende kieme gepraat. En hom uitgestrek en sy boeke geneem, en my deur hulle gewys, wat hulle uitvind. Hy het gesê: "Ek sal jou sê, Billy," het gesê. "Soos 'n swaar verkoue, soveel van hulle," het gesê: "ons het nie iets vir 'n swaar verkoue nie," het hy gesê.

22 Ek het gesê: "Wel, ek het altyd gedink dat as jy 'n seer keel het, as jy met iets sou gorrel." Ek het gesê: "Nou nadat ek klaar met preek is," het ek gesê: "saans sou huis toe gaan, daardie bietjie hees." Ek het gesê: "Ek—ek kry 'n bietjie Lavoris, en—en gorrel dit." Ek het gesê: "Ons het dit vir jare en jare in ons huis gehad, mondspoelmiddel."

23 Hy het gesê: "Koue water sou net so goed gewees het." Hy het gesê: "Want, moenie ooit dink dat enigiets wat jy kon gorrel sou ooit—sou jou ooit enige goed doen nie. Want, die enigste ding wat dit kon doen is om net watter kieme in jou keel is, uit te was. Dit kan nie af in die bloedstroom kom nie. As dit kon, sou dit jou keel laat bars en jy sal 'n bloeding hê. Sien?" En het gesê: "Kan dit nie doen nie."

24 So kom die ou gesegde weer terug: "Medisyne word gemaak om te verkoop, nie om te drink nie," julle weet. [Broer Branham en gemeente lag—Red.]

25 En hoe ook al, en gesien in mediese boeke wat ek selfs in my huis het, om te lees. Ek is—ek is geïnteresseerd in medisyne, is gewis, enigiets wat God se mense sal help, die mensdom sal help. As dit vrede is, die bestudeer van vredesooreenkomste, is ek daarin geïnteresseerd. Ek is geïnteresseerd in 'n—'n beter gemeenskap om in te bly. Ek is geïnteresseerd in beter skole vir ons kinders om na toe te gaan. Ek is geïnteresseerd in enigiets wat goed is, heilsaam en reg.

26 En medisyne het 'n paar groot dinge gedoen. Ek glo God het dit baie dinge gebruik. Ek glo, as ons meer opreg en toegewyd aan God was, sou hulle reeds middels vir kankers en enigiets anders gehad het. As ons net . . . God het die ding, as ons Hom net daaromtrent wou vra. Sien? So, nou, ek glo die rede vir die Salk entstof was net as gevolg van kindertjies wat so ly. En, Satan, daardie bose ding daarbuite, wat daardie kindertjies en dinge verlam. En God het dit net laat ontdek, vir die inenting. En dit het 'n groot ding gedoen, en waarvoor ons baie dankbaar teenoor Almagtige God is, daarvoor. Net so dankbaar dat God ons ooit geseën het!

27 En, broer, waar . . . Hy gaan nie terug huis toe nie, gaan hy, Suster Nash? Hy—hy . . . [Suster Nash sê: "Nee, meneer. Hy gaan 'n paar stoele te kry."—Red.] O, dis goed. Dis gaaf. Uh—huh. Goed.

28 Nou, in die bestudering dan, nadat ek tuisgekom het, het ek daar in 'n kamer gaan sit en vir 'n lang tyd gestudeer: "Waaroor gaan dit alles?" Ek gaan iets kleins vir julle sê, wat ek bestudeer, dat julle saam met my kan studeer. En die Here, toe ons in die kamer was, ek neem dit dat dit Hy is, want ek het party groot ondervindings met Hom gehad.

29 Maar weet julle, dat, nadat die dokter my dit vertel het, en my in die hoogste en nuutste mediese boeke gewys het, wat ek weet dit pas ontdek is. Daar is 'n dokter wat hier sit, in elk geval, wat na my luister. Nou hierdie, die nuutste en beste dinge vir 'n swaar verkoue, het hulle geen medisyne nie. Hulle veroordeel gebruik van aspiriene, ensovoorts; dit versag net die pyn, ensovoorts, van die verkoue of die ellende, maar dit doen nie die verkoue enige goed nie. Maar dit help om jou te laat rus. En die beste ding vir 'n swaar verkoue is om te gaan lê en aan die slaap te raak, vat dit rustig. Lê net in die bed, omtrent die beste ding wat jy kan doen.

30 Nou, toe, het ek begin studeer. Ek het gesê. "Dokter Sam, dan, hierdie is dit . . . 'n Swaar verkoue, die beste ding is, gaan rus."

Hy het gesê: "Dis die beste ding vir enigiets."

31 "Wel," het ek gesê: "dankie, dokter, dis besonder goed." En ons het 'n rukkie langer gesels, en toe het ek huis toe gegaan. En ek het hom vertel . . . Hy hou van konyne en eekhorinkies, en goeters, kom nie so ver om uit te gaan nie. Ons was gewoond om baie saam te jag, toe ons seuns was, en jag en visvang, of veral vis te vang.

32 So toe ek toe huis toe gegaan het, het ek begin dink. "Wat?" Julle weet, ek het opgelet, hou diere dop. Jy neem 'n hond, wanneer hy siek word, hy sal 'n bietjie water gaan drink en iewers lê, gaan lê. Wel, toe kom die gedagte by my, die volgende oggend. Ek het in die bed gelê, gewag het vir die mense. Hulle staan omtrent ses—dertig op. En so ek word omtrent vier—dertig of vyfuur wakker. Ek het daar gelê. Gedink, baie keer, openbaar God dinge.

33 Julle weet, ek onderrig dit nie. Maar het julle geweet . . . Die mens, in die begin, toe God hom gemaak het, het Hy hom nie gemaak om gedokter te word nie. Hy het sy eie dokter in hom gehad. Hy was toege— . . . Hy was—hy was 'n—'n eenheid van sy eie. Sien? Dan, kom genesing nie van enige buitekantste bron nie. Dit moet van binne kom. Nou ons kan buitekantste hulpmiddels neem, soos om kieme of wat dit ook al in ons is dood te maak. Of, ons kan ons hande neem en aan mekaar sny, en 'n—'n stuk wegvat of iets, soos blindederm, of 'n slegte tand of iets en dit uithaal. Maar genesing kom nie van enigiets wat jy aanwend nie. Genesing kom net deur die—die krag wat binne jouself is, om die—die weefsel te herbou wat geskeur is van die plek waar dit weggeneem is. En, daarom, genesing is in jou.

Nou luister goed, en dink nou hard voor jy jou gedagte hieroor laat gaan.

34 Die mens in die begin, toe hy gemaak is; 'n man is 'n god. Hy is absoluut 'n god. Want hy was in die beeld van God gemaak, as 'n seun van God, en dan is hy 'n erfgenaam van alles wat God is. En aan die mens is 'n gebied gegee, en die gebied was die aarde. "Jy het mag oor die visse, oor die voëls van die lug, en oor alles." Hy kon net praat, en alles het hom gehoorsaam, want hy was 'n—'n god binne—in homself; nie universele God nie, maar ek bedoel 'n . . . die God van die hemele en aarde. Maar hy was 'n—'n heerser in sy gebied. Hy was 'n koning, 'n koning—heerser. Dit was die mens. En selfs nou, in sy gevalle toestand nou, het hy nog die aanskyn.

35 Nou, nie lank gelede nie, het hulle probeer kruisteel, ensovoorts, en gesê dat: "Die mens van laer diere kom, en—en het deur ewolusie homself hoër gemaak." Wel, sien, hulle het aangehou om met wetenskap rond te peuter tot hulle hul eie teorie weerlê het.

36 Jy kan nie enigiets kruisteel en dit laat hoër gaan nie. Dit sal reguit terugval. Dit kan nie. Bastermielies, of enigiets, kan

nie self terugteel nie. Of, soos ek nou die dag gesê het, die—die—die—die donkie en die merrieperd kan teel, sal 'n muil voortbring, maar daardie muil kan nie nog 'n muil voortbring nie. Dit moet reguit teruggaan, om te begin. Want, God het gesê: "Elke saad volgens sy soort."

37 Nou, toe ons gemaak is—toe ons gemaak is. . . En hulle het pas uitgevind, onlangs, dat jou liggaam vol lig is. X—straal bewys dit. Die x—straal het nie enige lig van sy eie nie. Dis jou lig wat dit gebruik. Jy word met vier strale gebore. Na 'n klein tydjie, sê twintig, vyf—en—twintig, gaan een straal uit, en vyf—en—dertig, nog een; of veertig, gaan nog een uit; en uiteindelik wanneer jy verby omtrent vyf—en—sestig is, lewe jy op jou laaste lig. En elke keer wanneer jy 'n x—straal foto neem, breek jy daardie strale af. Dis die rede waarom julle nie meer. . . julle steek hierdie kinders se voete in daardie masjiene, want dit skeur net die strale reguit uit hulle liggaampie. En dit is kosmiese lig wat in julle is, waaruit julle saamgestel is, vol van ligselle. Nou, dit is kosmiese lig.

38 Maar God is 'n ander Lig, maar tog is Hy Lig. Ek dink dat die foto daar 'n groot bewys is van wat ek gaan sê, dat God Lig is. En wanneer ons in Lig van God wandel, as seuns van God; God is nie kosmiese lig nie, maar God se Lig werk deur die kosmiese lig van ons liggame, ons selle. En ons word. . . Ons was absoluut, eenkeer, ware, egte seuns van God. Maar toe die val gekom het, en toe weer. . .

39 Die vrugte van die Gees vandag is liefde, blydskap, geloof, lydsaamheid, sagmoedigheid, sagtheid, geduld, alles bonatuurlik. Dit het net tot 'n punt gekom tot waar die hele liggaam, net so geleidelik. . .

40 Soos 'n seewier, wat jy op die bodem van 'n see kry. Baie keer, duikers, en hulle kom onder hierdie seewiere in. En voor hulle daarvan weet, is hulle op so 'n manier vasgedraai dat hulle nie daaruit kan kom nie.

41 Wel, dis wat sonde aan die mens gedoen het. Dis wat koudheid aan die kerk gedoen het. Dis wat kommuniste aan die nasie gedoen het. Dis so verraderlik! En dan, in die menslike liggaam, het dit ons vasgedraai, stoot hierdie Lig van God uit; deur denominasies, en Geloof te ontken, ensovoorts, het dit al die strale van God se groot Krag van geloof uitgestoot, sien, wat in ons is, wat behoort te wees. Hulle het al daardie strale uitgestoot, tot so 'n mate, dat ons net tot by 'n losie gekom het. En—en toe nou onder die losie, is die kerk, want dit het pas al die duisternis uitgestoot, en sê dit selfs net: "Dit gebeur nie." Ontken dat dit kon gebeur, sien, die wonderwerke van God.

42 En tog, die mens, iewers onder in hom, iewers in hom, as hy net daardie klein. . . Soos ek dit geïllustreer het, soos 'n knoppie. Wanneer 'n man gered word, is soveel van hom God. Dis die klein Liggie wat inkom, om hom te laat ophou om te doen wat

verkeerd is. Nou, as jy al die boosaardigheid en jaloesie, en stryd en ongeloof kon uitneem, sal daardie soos 'n klein knoppie van die Lig en Krag van God aanhou met groei, groei, groei, groei, ongeloof verdring. En jy doen dit nie deur vermanings, van—van liggaamlike oefening nie. Jy doen dit deur 'n heilige, toegewyde Lewe, dat die Heilige Gees deur jou beweeg. Ek het iets Daarvan op 'n plek gesien, waar, nie lank gelede nie.

43 Hoe baie onthou ooit nog toe Elij' Perry uit die dood opgewek is daardie oggend, party van julle hieroorkant? Julle het dit hier in die koerant gesien, baie keer. Ek het gesien Suster Wilson, hulle, steek hulle hande op. Ek het daar gestaan toe daardie man gesterf het. Hy woon nou net hierbuite, kom kerk toe, partymaal, getuig dit.

44 Hy was vir verskeie ure dood. Hy het aan bloeding van die longe gesterf, en hy was so oral vol bloed. En ek het weggeloop. Ek was net 'n jong prediker, daardie dae. En Suster Jackson was vroeër 'n lid van die kerk hier. En—en 'n Metodiste prediker se vrou, ek vergeet wat daardie man se naam nou was. Shafiner, Broer Shafiner en Suster Shafiner. Hulle was een of ander familie van die Wisehearts. En sy en hulle het daar by die kant van die bed gestaan. En ek het begin wegbeweeg. En hy was net so bebloed as kon wees, waar hy gesterf het. En sy oë was omgedop, en sy keel het uitgebol. Hulle het 'n laken oor sy kop getrek. Sy vrou was daarbuite, hulle wat huil, en probeer adresse kry, om die geliefdes te bel.

45 En ek het begin wegstap van die bed, en ek het gevoel Iemand lê Hul hand op my. Ek het gedink dit was Suster Shafiner. En toe ek omdraai, was daar niemand naby my nie. En toe het ek begin . . . Dit het my verlaat toe ek omgedraai het.

46 Broer Elij' het daar dood gelê. Ons was baie goeie maats, het op die rivier visgevang, julle weet, hoe ons soveel saam gedoen het. En hy het hierbuite seergekry, 'n spoorweg, die spaider gery. Wel, dit het sy longe papgedruk. Hy was aan die bloei. Hy het gebloei en het TB gekry daarvan, en het gesterf.

47 Ek het begin om *hierdie* kant toe weg te beweeg, toe het ek daardie Hand weer gevoel. Ek het teruggedraai, Dit sou van my afkom.

48 En voor ek geweet het wat ek doen, het ek bo—op daardie man gelê, met my lippe teen sy lippe. Ek was so vol bloed soos wat hy was, daar op daardie man gelê, tot God uitgeroep. En ek het gevoel iets kom langs die kant van my oor op. Dit was sy hand.

49 Julle het hom net hier gehoor staan en getuig daarvan. Sien? Hoe hy . . . En hy het na die lewe teruggekeer. En dit was ongeveer vyf—en—twintig jaar gelede, of dalk dertig. Lewe, vandag, reg hierbuite op die draai. En hy het nie lank gelede nie hier gekom, het daarvan in die kerk getuig.

50 Nou, dis waar Kanada gebel het en wou weet, eenkeer. Ek het daarvan in Kanada getuig toe ek die eerste keer my byeenkomste begin het. Hulle het Mnr. Coots, die begrafnisondernemer gebel en gevra of daar 'n man wat dood was, in die roukamer opgewek is. Ek het nog die uitknipsels.

Hulle het gesê: "Ons het gehoor van baie wonderwerke wat gedoen is," het Mnr. Coots gesê. Het gesê: "Mnr. Branham is 'n persoonlike vriend van my, en allerhande soorte van dinge het gebeur. Maar ons het geen rekord van enigeen wat uit die dood opgewek is nie, veral nie in hierdie roukamer nie."

51 Die Kanadese het dit misverstaan. En die volgende dag die . . . Goeiste, die koerant was opgelyn. Hy het gesê: "Honderde mense het van oral gebel." En Broer Perry self daarin wat getuig oor die opwekking van sy liggaam daar oorkant, en die—die ding wat hy in die koerant gesit het aan die betwis. En so toe is dit verstaan dat dit nie daar was nie. Dit het in sy huis plaasgevind, en so waar hy gelê het, dood. Hulle het hom nog nie na die roukamer toe geneem nie.

52 Toe lees ek nou die aand van waar Irenaeus, glo ek, was dit, of St. Martin, wat sy liggaam bo—oor sy vriend gelê het, nadat hy gehang is. Nou dis geskiedenis. En het 'n uur op hom gelê, en die man het lewendig geword.

53 En ek sien in die Bybel waar Elía sy liggaam bo—oor 'n dooie baba se liggaam gelê het, en dit het lewendig geword.

54 Ek dink aan die seuntjie daar ver in Finland, toe hy daar dood gelê het, op die kant van die pad gelê het.

55 Dan, ook, omtrent twee maande gelede, meen ek was dit, Gene, in Newsweek; wat hulle, wat hulle "die Goddelike genesers" noem, in Londen losgelaat het. En het hulle laat gaan, vir die siekes te bid. En daar was omtrent tagtig persent meer genesing as wat deur medisyne was. Daardie gebed vir die siekes.

56 *Reader's Digest* het dit opgeneem. En in Amerika hier, hulle, ons het dit hier uitgeskryf gehad, en in *Reader's Digest*, waar hulle vir Goddelike genesing getoets is. En hulle het 'n broer geneem wat vir die siekes gebid het, en het ' siek man geneem, en het hom vir die siekes laat bid. En het toe 'n stukkie loodfoelie gesit. Enigiemand weet, loodfoelie reflekteer daardie straal. Op, tussen die man, en die man wat gebid het, die broer, sy hand. En dit *so* platgesit het, en die x—straal foto geneem het. En vanaf die man se hand, het 'n sigbare refleksie gewys van 'n straal wat uit die hand gekom het, wat na die ander man gegaan het. Sien? Dis reg. Ja.

57 God het geweet wat Hy bedoel het toe Hy gesê het: "Hulle sal hulle hande op die siekes lê, hulle sal gesond word."

58 Handoplegging, van hierdie man, op 'n siek man, en die meganiese x—straal (O God!) wys die Lig wat van die man se

hand kom. Hoe kan mense so onnosel wees, om te sê daar is nie so—iets soos Goddelike genesing nie? Tog, selfs die meganiese apparate, die masjiene wat die wetenskap gemaak het, is 'n—is 'n. . .(wat?) 'n bestraffing vir hulle eie idees van hierdie kerke, wat sê: "Daar is glad nie so—iets soos Goddelike genesing en die Krag van God nie."

59 Wat van die man in Chicago? Net aan en aan, wat vertel hoe hy my voor daardie meter daar gesit het, en daardie ding, hoe daardie wyser soos 'n lewensklikker Daarvan sou registreer. Sien?

60 En daardie vrou, wat gelê het, sterwende, het die toets daarop gesit. Dit het selfs daardie wyser laat omswaai, met genoeg Krag om 'n radio boodskap om die wêreld te stuur, veertig keer, en daardie masjien gebreek. Daardie heilige, sterwende, wat haar getuienis gemaak het. Dit op 'n goddelose man gesit, wat sterwende was; en toe dit gedoen is, het dit die wyser andersom gegooi, oor na die ander kant toe, genoeg om die masjien te laat breek. Daardie—daardie ongelowige, het gesê: "As daar 'n God is, en Hy is goedheid uit 'n goeie hart, tot Sy eer, daardie masjien genoeg Krag sou stuur om dit te laat omswaai, is daar Iets in daardie vrou wat daardie Krag veroorsaak. En indien op 'n goddelose man, sou dit anders omswaai," het gesê: "God, wees my genadig, 'n sondaar," en het sy hart aan Christus gegee. Dis reg. Wel, wetenskap weet.

61 En eendag gaan julle uitvind God is in julle. Sien? God Self in die mens. God in ons! O, hoe dank ek God vir daardie dinge, so wonderlik!

62 Nou, voor Sy Woord genader word, en laat ons nou net ons tyd neem, want vanmôre gaan ons vir die siekes bid. En ek—ek het dit uitgegee.

63 En iemand het nou gevra of ons volgende Sondag hier sou wees. Wel, hoe. . .ek weet net nog nie. Hulle. . .Ek—ek kan skaars weet tensy die Here dit openbaar. As die Here toelaat, dalk volgende Sondagaand. Ek neem al hierdie oggenddienste van my kosbare broer hier. [Broer Neville sê: "Amen. Goed, broer."—Red.] Volgende Sondagaand, dalk, as ek hierrond is, as die Here wil. Wat, gewoonlik is ek, tensy ek 'n oproep kry. Ek wil praat oor: *Ons Het Sy Ster In Die Ooste Gesien En Het Gekom Om Hom Te Aanbid*. Sien, net 'n boodskap, 'n Kersboodskap.

64 En nou voor ons Hom nader, of Sy Woord, laat ons Hom in gebed nader. As. . .Almal wat kan staan, laat ons net vir 'n oomblik staan.

65 Onse Hemelse Vader, ons is die gelukkigste mense, dat ons so bly word dat ons—ons menslike siele dit nie kan hou nie. Ons moet net somtyds uitroep, en uiting gee aan die vreugde wat in ons harte is deur Jesus Christus; om te weet dat in die uur waarin

ons nou lewe, waar alles in die onrus is—is wat dit is, tog is daar 'n Fondament wat seker is.

66 En om slim manne te sien wat opgestaan het, in vergange dae, en probeer het om te ontken dat God selfs bestaan; deur hul eie meganiese toestelle, het reguit teruggekom en tot die eer van God getuig. Waarlik, Judas moes sê, self, dat hy "onskuldige Bloed verraai het." Die Romeinse hoofman oor honderd het gesê: "Waarlik, dit was die Seun van God." Sy Eie vyande moes getuig. En ons het gelewe om 'n wetenskaplike eeu tot sy einde te sien kom. Hulle kan nie verder gaan nie. Hulle gaan net, op enige oomblik, mekaar in stukke opblaas. En tog sien ons dat die einste wetenskaplike masjiene wat hulle uitgevind het, om U te probeer ontken, reguit omdraai en tot U eer getuig. Hoe dank ons U daarvoor, Here! Laat ons, vandag, onthou dat God se Woord nooit sal faal nie.

67 Gee ons geloof, Here. Soos daardie klein, ru uitdrukking, wat ek 'n rukkie gelede gemaak het, omtrent die Krag van God wat in ons is, en al ons vesels wat Lig van God was, en duisternis en sonde die klein porieë in ons verstop het, van ons siel. Laat die Heilige Gees, vanmôre, in ons wese uitsprei, geloof in ons binneste wese uitdruk, dat ons liggame en lewens so geheel en al met die Krag van God deurdrenk sal wees, dat mense sal sien dat Jesus Christus in Sy Kerk woon. Skenk dit, Vader.

68 Ons vertrou dit nou alles aan U toe, en vra dat U hierdie paar woorde sal seën wat ons nou gaan sê, om te probeer uitlê waaroor alreeds deur een van U apostels, die grote Paulus geskryf is. En ek bid, Vader, dat die Heilige Gees Dit sal neem en Dit net laat voortgroei deur die harte van die mense, om geloof te gee vir die aankomende genesingsdiens. Ons vra in Jesus se Naam. Amen.

Kan maar sit.

69 ['n Suster begin in 'n ander taal praat. Leë kol op band. 'n Broer begin in 'n ander taal praat. Leë kol op band. 'n Broer gee 'n uitlegging—Red.] Dank die Here. Amen. Glorie aan God. [Leë kol op band.]

70 God, ons dank U vir U goedheid en genade. Ons dank U vir U manifestasie van liefde en Krag, vir alles wat U vir ons gedoen het. Ons is onwaardig aan die seëninge wat U ons gee. Waarlik ek . . . Volgens die klank van die boodskap, moes dit dieselfde boodskap gewees het wat uitgegaan het, en skynbaar tot sondaars geroep het, om—om U te soek, want die uur van vernietiging is op hande. Vader God, ons bid dat as daar daardie persoon vanmôre hier is, of daardie persone, wat sou verstaan dat ons niks van hierdie dinge weet nie, dat dit waarlik, die Heilige Gees is wat deur menslike lippe praat, om die uitlegging te gee, om die mense te roep wat voor die grondlegging van die wêreld verordineer is, om seuns en dogters van God te wees en dit miskien vir 'n lang tyd vermy het. Mag hulle vandag, Here,

U leer ken, en daardie skuilplek vind, want die uur is op hande. Skenk dit, Vader, soos ons verder op U wag, in die Boodskap. In Jesus Christus se Naam. Amen.

71 Nou, as daar iemand sou wees wat dalk nog nie presies verstaan hoe daardie boodskappe op daardie manier voortkom nie, twee van hulle; dit mag wees dat een gemis het om iets te sê wat die ander een opgemerk het. Want, jy let op hoe min die ander een, klein die ander een was, net miskien 'n paar wat die ander een uitgelaat het. En toe die vertaling gekom het, het dit alles in dieselfde trant gekom, sien julle, wat die boodskap uitgebring het, 'n geroep tot die sondaars.

72 Dit—dit is net so, hierdie mense weet nie waaroor ek sou praat nie. Daar is niemand wat dit weet nie, niemand in die wêreld weet dit nie tot so pas, maar dis die einste ding waaroor ek praat. Sien? Ja. Nou blaai saam met my na Eerste Korinthiërs, die 14de hoofstuk. Dis goed om—om net—net al die ongeloof uit jou te laat gaan, sodat die Heilige Gees kan inkom en net Sy weg baan, julle weet, en dwarsdeur jou vesels beweeg, en—en beheer, en—en jou lewe beheer.

73 Nou, julle wat Skrifte neerskryf. Ek het nou die dag opgelet, daardie soort lering algaande, help soveel, dat, ek drie of vier bladsye hier het waaroor ek vanmôre gaan praat, van Skrifte en dinge, wat julle kon neerskryf en die plekke merk. En ek het hulle hier aangeteken sodat ek hulle nie sal vergeet nie.

74 Nou in die 14de hoofstuk van die Eerste Korinthiërs, 1 tot 8 verse. Luister nou mooi.

> *Jaag die liefde na, en beywer julle met die oog op die geestelike gawes, maar veral om te profeteer.*
>
> *Want hy wat in 'n taal spreek, spreek nie tot mense nie, maar tot God; want niemand verstaan dit nie, maar* sy gees, *deur die Gees spreek hy verborgenhede.*
>
> *Maar hy wat profeteer, spreek tot die mense woorde van stigting en troos en bemoediging.*
>
> *Hy wat in 'n taal spreek, stig homself; maar hy wat profeteer, stig die gemeente.*
>
> *Ek wens dat julle almal in tale spreek, . . . nog liewer dat julle profeteer. Want hy wat profeteer, is groter as hy wat in* 'n onbekende taal *spreek, of hy moet dit uitlê, sodat die gemeente stigting kan ontvang.*
>
> *Maar nou, broeders, as ek na julle kom en in tale spreek, tot watter nut sal ek vir julle wees as ek nie met julle spreek óf deur 'n openbaring, óf deur kennis, óf deur profesie, óf deur lering nie?*
>
> *Net soos met lewelose dinge wat 'n klank gee, 'n fluit of 'n siter, as hulle nie 'n onderskeid in* klank *laat hoor*

nie, hoe sal 'n mens weet wat op die fluit of siter gespeel word?

Want as die basuin ook 'n onseker klank gee, wie sal klaar maak vir die oorlog?

75 Nou ek wil hê, wanneer julle huis toe gaan, gaan net voort om daardie hele hoofstuk daar te lees, want daar is baie verse Daarvan, veertig verse van hierdie hoofstuk. En ek wil hê julle moet—moet Dit lees wanneer julle huis toe gaan. Dit verduidelik die gawes.

76 Nou, as ek dit 'n teks vanmôre sou noem, oor my . . . wat ek wil sê, is: *Die Onseker Klank*.

77 Nou, Paulus het hier gepraat oor—oor die spreek in tale. As daar geen uitlêer is nie, wie sou weet wat daardie mense 'n rukkie terug gesê het? Hulle sou nie weet nie. Maar hy praat net met God. Sekerlik gee—gee sy gees die Woord uit, en hy is salig, dit seën net vir hom. Hy het gesê: "Hy stig homself," omdat hy 'n troos het dat God deur hom praat. Maar as daar 'n uitlêer aankom, daarmee saam, sien, 'n uitlêer kom daarna; dan stig dit nie net vir hom nie, dit stig die hele kerk, gee elkeen die—die Woord van die Here, daardeur.

78 Nou, hulle het gesê: "As daar die profeet is, dan, spreek die profeet so dat die hele kerk," wat 'n . . . 'n Profeet, wat is dit? 'n Goddelike openbaarmaker van die Goddelike Woord, wat die openbaring van die Woord het, om vir die mense te gee. Dan stig dit almal. Sien?

79 Nou, die man wat in tale spreek, kon in tale spreek. En dis ook, vir enigeen, verbied om in tale te spreek in die kerk, tensy daar 'n uitlêer daar is. So dis die rede waarom ons hier toegelaat word om in tale te spreek, want ons het drie of vier uitlêers nou reg in die kerk, nou net, nou net hier by hierdie kerk, uitlêers van vreemde taal. En daarom, as daar geen uitlêer was nie, dan sou ons hulle nie toelaat om in die kerk te spreek nie. Alhoewel, tuis en wanneer hulle bid, omdat hulle hulself stig, want die Gees is op hulle, tot hulle probeer . . . Die mense dink werklik dat hulle sê wat julle kan verstaan, maar hulle weet nie wat hulle sê nie. Hulle, net soos om op te staan en begin om iets te sê, kan hulle dit net nie stop nie. Dit hou net aan—hou net aan om uit te vloei. En hulle dink dat hulle spreek wat julle verstaan. Dis 'n —'n onderbewuste toestand.

80 Net soos wanneer op die verhoog, soos vandag, sal julle oplet wanneer die onderskeidings kom. Daar is baie mense hierbinne wat ek nog nooit in my lewe gesien het nie. Hou die Heilige Gees dop wanneer Dit afkom, onder die gehoor sal begin beweeg en daardie mense vertel wie hulle is, of waar hulle vandaan kom, wat gebeur het, en watter siekte hulle het, dit alles. Sien? Wat is dit? "Dis die Woord van God, skerper as 'n tweesnydende swaard, wat deurdring tot die skeiding van murg van die been, en selfs 'n

beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart." Sien? Sien? Dis die Woord van God.

81 Nou Paulus het gesê: "As julle almal in tale spreek, en daar is geen uitlêer nie, die onkundige kom binne en sê: 'Hulle is kranksinnig, mal.'" Die woord *mal* beteken "kranksinnig." "En nou sê: 'Hulle is mal.' Maar as daar een is wat kon profeteer en die geheime van die harte kon openbaar, dan sal almal neerval, sê: 'God is met julle.'"

82 Nou: "as daar 'n uitlêer is." 'n Uitlegging van 'n vreemde taal, is 'n profesie. Sien, dis profesie, self, want die Heilige Gees spreek en Dit gee die uitlegging. Dit sê aan sekere mense, sekere dinge te doen, en—en alles. En elkeen weet wanneer Dit jou tref, jy weet met wie Dit spreek.

83 En so is dit—is dit goed om te sien dat dit nie net . . . Dit is nie mense nie, dis God in die mense wat Sy werk doen. Grootliks dank ons sekerlik die Here daarvoor.

84 En ek begin oplet dat dit in ander plekke begin kom, kerke. Charles Fuller. Hoeveel het ooit Die Outydse Herlewingsuur gehoor? Groot man. Hy het gesê, nie lank gelede nie. Hy het gesê: "Ons het spreek in tale, uitlegging, net hier." Net daar in Long Beach. Dis waar. Ek het net daar by hom gepreek, baie keer. So hulle het die uitlegging, en laat almal stilsit.

85 Sien, die ding omtrent dit is, ons het nie ontsag vir daardie gawes nie. En dan as 'n gawe somtyds buite orde word, en jy moet dit laat ophou. Nie—nie . . . Sien, dis—dis Satan wat probeer om hulle oorboord te stoot. As hy 'n waarheid nie van julle kan weghou nie, sal hy daardie selfde waarheid neem en julle oorboord stoot daarmee. Sien? Dis reg. Hy sal 'n fanatisme daarvan maak. Sien?

86 Nou, ons probeer om dit reguit te hou, hier. Dit het—dit het begin om weer in ons kerk te voorskyn te kom, vir die eerste keer in baie jare. So ons hou dit reguit, om hulle daarvan bewus te maak. Wanneer nou, baie keer, soos nou net, mag daar iemand wees wat net voel om in tale te spreek, sien, nou net, maar hulle is veronderstel om stil te bly. Sien? Ek is . . . Ek het nou die Woord. Sien? Sien? Sien? En dan na dit alles oor is, en die altaaroproep of wat ook al, dit hier klaar is, dan kan 'n boodskap uitgaan, julle sien. Die spreker kan spreek met tale, of voor hierdie tyd.

87 Nou as dit aanhoudend opkom, en gawes inkom, dan sal ons 'n spesiale tyd vir hulle hê om bymekaar te kom. En hulle sal bymekaarkom, ure voor die kerk ooit begin, en bymekaar sit, en profeteer, en in tale spreek. En daardie boodskappe neerskryf, en dit net hier op die platvorm sit.

88 Wanneer die pastoor afkom, sal hy reguit uitkom, en sê: "SO SPREEK DIE HERE. Dit sal oormôre gebeur, dat Broer Jones wat hier oorkant by die treinspoor bly, gaan trek, want daar gaan 'n trok van die spoor val en sy huis vergruis. SO SPREEK DIE

HERE. Daar sal 'n vrou vanmôre hierbinne wees, genaamd *So—en—so*. Sy kom van 'n sekere—sekere plek. En sy het iets gesteel toe sy 'n dogter was. Broer Branham of Broer Neville, of wie ook al, sal hande lê op haar, nadat sy haar verkeerde bely het en dit sal regstel, sal sy genees word. Haar naam is *So—en—so*." Sien? En die pastoor, voor dit nog plaasvind, die diens, sal hierdie aflees. Dis reg. Sien?

89 Nou is dit in baba vorm, nou onder ons. Sien? Dis in 'n baba vorm. Dan, sien julle, is daar niks wat kan verkeerd gaan nie. Sien? Sien? Die Duiwel sal inkom en net in die vlees begin, dan, hy sal, hy sal die hele kerk so uitmekaar skeur, sien, net na fanatisme gaan, en te eniger tyd te kere gaan, julle sien. Maar die Kerk is in orde. Sien?

90 En nou—en nou as 'n—as 'n persoon wat 'n gawe het, en hy word dan deur die Skrif afgewys, en—en hulle raak opvlieënd daaroor, wys dit dat dit nie 'n gawe van God was nie. Want, enige gawe van God sal die Woord respekteer. Sien? Sien?

91 Dis die rede dat Goddelike genesing is soos dit is. Sien? Dis die Heilige Gees wat die Woord respekteer, die Heilige Gees, die doop in die Naam van Jesus Christus. Die Heilige Gees in jou sal hierdie Woord respekteer, want Hy het Dit geskryf, Self, sien, en Hy is in jou. Dis daardie Lig van God wat in jou is, wat die Woord sal eer ongeag van waar Dit Hier geskryf is. Die gees van die profete (is profeteerders, gawes) is onderhewig aan die profeet, sien julle, wat die Goddelike openbaarder van die Woord is. Nou, en is ons nie gelukkig om hierdie dinge in ons dag te sien nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

Nou, hierdie is 'n dag van onsekerheid.

92 Dit het hier gesê: "As die basuin 'n onseker klank gee, wie sal homself klaarmaak vir die oorlog?" Paulus wat hier praat, natuurlik, hy het met hierdie Korinthiërs gepraat. En baie van hulle was soldate, in daardie dae, in hulle eie leër. "Nou, nou as die basuin 'n onseker klank gee, wie sal homself klaarmaak?" Jy moet die sekerheid oor enigiets hê. Ons moet weet of dit reg is of nie.

93 En nou lewe ons in 'n dag van groot onsekerheid. Ons almal weet dit; die dag van onsekerheid, en die tyd van onsekerheid. Ek glo nie daar was ooit 'n tyd. . . Sedert tyd eers begin het terug in die tuin van Eden, waar sonde ingekom het en Ewigheid in tyd ingebreek het, glo ek nie dat daar 'n tydsduur met soveel onsekerheid was as vandag nie. Want, daar is nie eens een hoop in die natuurlike wêreld vandag oor nie.

94 Nou sê julle: "Wel, ek het tye gesien, en in die geskiedenis gelees, toe die oorloë oor die aarde was." Dit is waar.

95 Maar nooit 'n tyd wanneer die hele aarde opgeblaas sou word, net binne 'n sekonde nie. Sien? En so 'n vernietiging, dit sou weke en ure neem, ensovoorts, nou neem dit een minuut, dalk

nie eers nie. Net 'n knoppie gedruk, en sy is alles oor, alles. En hulle het nie. . . Kuba kan dit self doen. Dit hoef nie, 'n klein bietjie. . . Haïti's kon dit doen. Net enige klein nasie wat wil, kan die wêreld geheel en al aan die brand laat slaan, en haar uit haar baan blaas, enige tyd wat hulle wil. Sien? Dit neem net een fanatikus, waar daar tiene van biljoene van hulle om die wêreld is, om dit te doen.

96 Kyk na 'n sekere selfmoordgeval wat pas daar gebeur het, en daar onder is, en die Duiwel wat hom net so besit het waar hierdie groot vliegloodse hang, druk net daardie een knoppie, hier gaan hulle. En so gou soos hulle opgaan, is dit op die radarskerms van ander; druk hulle hulle s'n, en hier is ons. Sien? Dis al. Want, hulle het net. . . Elke kêrel het sy skerm uit, wat dophou; buite op die see, duikbote; buite op die eilande, oral. Wat rondsit, bo in die Noordpool, onder in die Suidpool, oral, met hierdie groot skerms. Laat iemand net die knoppie druk, dis al wat hulle wil hê. En hier word hulle knoppie gedruk, en die res van hulle druk, en druk en druk. En wat gaan gebeur? Maar, o, die. . . Dink, dat dit kan gebeur voor ons vanmôre uit die diens uitkom.

97 Maar, onthou, voor dit gebeur, het God belowe om vir Sy Kerk te kom, belowe om te kom, so ons weet net nie watter tyd Hy sal kom nie. Wat 'n heerlike ding! "En aan almal wat Sy verskyning liefhet, sal Hy verskyn." Het julle nie. . . Sou julle Hom nie graag vanmôre wou sien nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Soos ons daardie liedjie sing: "Ek wil Hom sien, In Sy gesig kyk. Om daar vir altyd Sy genade te besing." Wanneer alle lewe verby is, en probleme en smarte vir die laaste keer weg is, en ons Hom sal sien. En daar staan ons, jonk, onsterflik, vir Ewig in Sy Teenwoordigheid. Waar daar nooit sonde, siekte, hartseer, smarte sal wees nie, wanneer alle tyd in Ewigheid sal wegsterf. Tog, wat 'n heerlike ding!

98 Dan wat laat dit jou doen? Wil nou werk, om elkeen in daardie posisie te kry, wat jy kon, vir daardie Wegraping. Ek wil. . .

99 Ek het my hertoegewy, en ek—ek het God belowe dat ek sou probeer om 'n dubbele porsie te doen. Ek—ek het alles gedoen wat ek weet hoe om te doen. En ek wens net ek was—ek was weer 'n jongkêrel, agtien, twintig jaar oud, en weet wat ek weet; hoe ek miskien 'n bietjie langer kon regop staan, of 'n paar meer besoek, of iets dergeliks, vir die Koninkryk van God se onthalwe.

100 Julle jongmense vanmôre, wat jonk is, nog baie jonkheid in julle het, en nie familiebande en dinge het nie, mag God julle die visioen laat sien, om die uur te sien—te sien waarin ons lewe.

101 Die onsekerheid. Laat ons nou net na 'n paar onsekere dinge kyk, in hierdie onseker tyd. Daar is onsekerheid oor. . . Siende dat ons van oorlog gepraat het, daar is onsekerheid in die stem

van die krygsheer. "Ons kan nie verstaan nie." Hulle weet nie. Jy gaan, en hulle sal groot samekomste hou, en so aan, en hulle kan net nie saamstem nie. Daar is onsekerheid. Hulle weet nie. Hulle weet nie wat gaan plaasvind nie. Al die groot strategiste, en so aan, wat oorlog bestudeer, en die moontlikhede en hoe *dit* sal gebeur, hulle het nie vanmôre die antwoord nie. Daar is niemand wat het nie. Hulle kan jou net nie sê nie.

102 Wel, wetenskap, na al die groot dinge wat hulle aan kon dink, al die groot strategie wat hulle kon deurgaan, al die wetenskaplike maneuvers en skakelaars wat hulle kon oorskakel, van hulle wetenskaplike masjiene, en—en hulle groot meesterbreine, en verstande wat vir verstande dink; en wanneer hulle almal in hierdie uur bymekaar gekom het, het hulle een ding gesê: "Dis drie minute voor middernag." Dis hulle antwoord.

103 "Kan ons dit oorlewe? Kan ons ondertoe grawe en bo—oor kom, ver genoeg onder die grond kom, om die bomme te keer om ons te kry, en as 'n nasie voortbestaan?" Jy kon sekerlik nie. Dit sal 'n—'n myl ver af in die aarde ontplof. Wat as jy tien myl diep is? As jy sou, sou jy in lawa wees. Maar wat as jy . . . As jy so ver kon kom, sou die skudding net elke been in jou liggaam breek. Daar is geen manier, ondertoe nie.

104 Die Pad is boontoe. O, ek is so bly om die Antwoord te hê! Is julle nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] 'n Klank wat seker is.

105 Daardie basuin, van uitgrawe en in grotte gaan. Nou hoor ek hulle laat die hele regering en dinge hier, rondom Fort Knox, uittrek, en af rondom Mammoth Cave, en het 'n plek daaronder wat hulle regmaak. Dat wanneer die . . . As dit by so—iets soos 'n bietjie bakleiery kom, van 'n oorlog of iets, gaan hulle die regering binnekant hierdie grotte neem. Sê die Bybel nie duidelik dat hulle hulself in grotte en dinge van die aarde sal verberg nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Presies. Sien? Hulle het nie die antwoord nie. So, ons groot regime van militêre krag het nie die antwoord nie.

106 Nou, ons was gewoonlik, ons wetenskap sou sê: "Ons kan 'n groot masjien maak. Ons het 'n beter geweer as wat Duitsland kan maak. Ons het 'n—'n—'n nasie wat baie durf en mag het, en die ou Yankeevuur, en speel die—die dromme, en—en die beuels, en blaas, en die vlae wapper, en 'n klein hoera, en alles soos dit. Jong, ons kan daarnatoe gaan, en ons het die ou durf agter ons, om dit te doen." Jy hoef nie daarnatoe te gaan nie. Dit is een tyd dat ons dit by die huis gaan kry. Sien?

107 Net een kêrel moet die knoppie druk, dis al wat moet gebeur. Een man. Nie nodig om eenduisend soldate opgelei te hê nie. Hê net een man met geen verstand nie, net deur die Duiwel besete, om net daardie knoppie te druk, en dis genoeg. Sien?

108 So, hulle het nie die antwoord nie, so wat het hulle uiteindelik kom sê? "Wel, dis drie minute voor middernag."

109 Ek het—ek het 'n film daarvan. Dis uitgeleen aan 'n doktersvriend van my nou: *Drie Minute Voor Middernag*. Nou, daardie film is ongeveer vyf jaar gelede gemaak, toe die Jode eers begin terugkeer het na Palestina. En die film daar wys hoe hulle die ou kreupeles op hul rug inbring, aan die stap. En hulle gaan rond, voer onderhoude met hulle. En so toe hulle hul gevra het, gesê het: "Keer julle na die tuisland terug, om—om in die tuisland te sterf?"

110 Het gesê: "Ons kom terug om die Messias te sien." Uh—huh. En wat het die profeet belowe?

111 Baie van julle lees die *Look* tydskrif, *Life*, en hulle. Hulle het die foto gehad van daardie vliegtuie wat hul soontoe gebring het, onder van in die verskillende plekke, onder, Iran en die plekke waarby hulle was. En, toe, wou hulle nie op daardie vliegtuig klim nie. Hulle sien nooit. . . Hulle ploeg nog met ou houtploeë, soos wat hulle ongeveer vyf—en—twintig honderd jaar gelede gehad het, toe die Romeinse Ryk hulle verstrooi het. En hulle—hulle wou nie op daardie vliegtuie klim nie. Maar 'n ou. . .

112 Hulle ou priester het daar uitgestap, een van die ou rabbi's, 'n leraar, het daar uitgestap en gesê: "Het God ons nie gesê dat ons eendag sal terugkeer na die tuisland: 'Op die vlerke van 'n arend' nie?" Hulle het hul ploeë neergelê, op die vliegtuig geklim en terug huis toe gevlieg, op die vlerke. Jesaja het dit gesien, maar hy het nie geweet wat dit was nie. Dit het net gelyk soos 'n voël wat vlieg. Hy het Israel gesien terugkeer, heen en weer gewaai. En julle wat in vliegtuie vlieg, weet wat dit is. Dis 'n golf, heen en weer, net soos 'n voël wat vlieg, wat terugkom huis toe.

113 Hulle het daar afgeklim, hulle het gesê: "Wel, waar is die Messias?" Hulle wou Hom sien. En ek sê vir julle, wanneer julle die Jode soos daardie sien terugkeer, is dit God se horlosie. Ons is aan die einde.

114 Nou net onlangs 'n nasie geword, alles geword wat hulle is, en hul eie geld gekry, en hul eie militêre, en alles, hul eie alles. Hulle is weer 'n nasie. Sien? O, wat 'n lieflike gedagte! Ek het bietjie Skrif daaroor, 'n bietjie verder aan hierin, ja, daaroor.

115 Nou onsekerheid van die. . . van oorlog. Ons weet nie watter tyd nie. Luister op die radio. Julle hoor hulle op die radio sê: "Kry soveel goed in jou kelder. Kry genoeg water, in geval van uitval. Kry vir jou 'n radio daarin, en neem dit gemaklik." Ek sien in tydskrifte, adverteer hulle klein geboutjies om in te gaan, om jou kelder te sit of in jou agterplaas, of iets. As die bomme begin te kom, jy dit oorleef, sal die uitval jou in elk geval kry, so jy hoef jou net nie te bekommer nie. Hulle kon 'n bom onder in New Orleans laat val, en die uitval sal jou hier kry. So dit maak nie saak nie, jy sal in elk geval sterf. "So bly binne, en bly 'n rukkie langer

lewendig," of so—iets. O, goeiste! Ek glo dit nie eens nie. Ek glo dis onsin om dit selfs te probeer. Dis reg.

116 Maar die Kerk hoef nie bekommerd te wees nie. Julle gaan dan nie hier wees, in elk geval nie. Sien? Dis een ding wat seker is. Sien? Jy is nie, want die sekerheid van God se Woord het so belowe.

117 Nou laat ons net iets anders neem wat onseker is, net soveel dinge. Werk is onseker. Jy weet nie watter tyd nie. Jy werk vandag, en môre weet jy nie. Dis net onsekerheid. Jy sou 'n goeie werk hê, dink jy, en die volgende dag kom die baas daar en kry iemand anders, en skop jou uit en sit iemand anders in. So, dis onsekerheid van werk.

118 Laat ons ook neem, huislike lewe is onseker. Ek sê julle, ek weet nie wat gebeur het met die morele aard van ons vroue nie. Egskeiding is aan die gang. Ek . . . Dis net verskriklik. En julle sien waar die egskeidingshowe gepak is. Waar meisies en seuns sal trou en saamlewe, twee of drie kindertjies sal hê, of so—iets. En hul sal skei, en weggaan en 'n ander trou, en 'n ander trou, en 'n ander trou, en 'n ander trou, en 'n ander trou. En hulle huise?

119 Ek was in 'n arm, regte arm huis nou die aand. Die man het gesê: "Ek sal jou sê, ek—ek weet net nie." Het gesê: "Ek weet net nie hoe ek gaan uitkom nie."

120 Ek het rondgekyk. Hy het gewerk. Hy het 'n ou klein vroutjie daar wat so blou—getrou was as wat kon wees, en vier of vyf ou klein vuilgesig kindertjies op die vloer rond. Ek het gesê: "Kêrel, jy is 'n miljoenêr."

121 En hy het gesê: "Huh! Wel, Broer Branham, ek sou nie jou woord betwis nie." Hy het gesê: "Broer, ek het nie 'n duit nie."

122 Ek het gesê: "Maar jy het iets wat geld nie kan koop nie." Ek het gesê: "Jy het 'n ou klein vroutjie hier wat waarskynlik nie twee rokke op haar naam het nie." En—en as sy het, is dit iemand wat dit vir haar gegee het, want die man het net dagwerk, nou en dan. En ek het gesê: "Kyk hierna, maar sy is net so lojaal soos lojaal kan wees."

Ek het gesê: "Daar is baie multimiljoenêrs, vanaand, wat elke pennie wat hy het, sou gee om huis toe te kom na so 'n vrou. Reg." Ek het gesê: "Sy vrou is uit saam met 'n klomp mans iewers, in 'n kroeg iewers, vloek, sing, rook, in die nag rondry, en sulke dinge. En tog het hy haar lief, maar kyk wat het hy. Sy hele lewe is in daardie vrou verstrengel, en kyk wat doen sy."

123 En omgekeerd, 'n vrou tot 'n man. Sien? Die . . . Daar's geen verskil nie. Dit het by 'n tyd gekom, waar almal, alles net—net een opeenhoping van sonde is. Klein vroutjie tuis, probeer om na haar kinders om te sien, en haar man iewers uit, dronk en gaan tekere, gaan met ander vroue uit. Wat sou sy wou gee as sy miljoene dollars gehad het, om daardie man regtig 'n man te

sien word? Daar is net een manier wat dit ooit kan wees, Jesus Christus is die antwoord! Daar is niks wat ooit enige goed kan doen nie. Dis by die endtyd. Dis Christus, en Hy alleen.

124 Nou, toe, het ek gesê: "Hoeveel klein vaders wat vandag met miljoene dollar rondloop, sou alles gee wat hulle gehad het, as daardie klein spastiese kindjie wat hy het, net so gesond soos joune hier vanaand was? Sien?" Hy het begin om na my te kyk.

125 Ek het gesê: "Kyk. Jy het gesê dat jy 'n bietjie polonie en boontjies het, en 'n brood; dat jy jou geld vanmiddag getrek het, en 'n bietjie brood en boontjies vir jou kinders vanaand gekry het." Ek het gesê: "Elkeen van hulle met goeie mae, en kon dit eet. En jy het ook. Hoe baie mul— . . .

126 "Wat het John D. Rockefeller gesê? Hy sou 'n koue miljoen dollar gee as hy een gereg kool kon eet." Ek het gesê: "Jy het gesê jy het vanmôre by die venster gesit, die koue wind wat inwaai. Hy, wat in 'n paleis sit, sien, iewers. Maar, tog, as jy daar moes sit en 'n gereg kool eet by daardie koue wind wat inkom, prop 'n stuk papier in." Ek het gesê: "John D. Rockefeller sou 'n miljoen dollar gee om eenkeer te eet soos jy enige tyd kan eet.

127 "Hoeveel blinde mans met 'n kierie in sy hand, wat straatlangs tik, sou elke pennie wat hy gehad het vir jou oë gegee het?" Sien? Jy kan nie die dinge evalueer wat regtig ryk is, met die ding wat ons ryk noem nie.

128 Nou, verskoon my, kerklidmate. Dis die rede waarom ons vanmôre probeer sê, dat julle nie jul groot kerk en jul groot torings, en dinge, kan evalueer met die liefde van God wat in ons harte is deur die Heilige Gees wat hy vir jou gee nie. Geen vergelyking nie. Hierdie dinge kom bonatuurlik. Julle mag dink dat ons snaaks is, want julle hoor hulle in tale spreek en uitlê en mense huil en roep uit en skree. Ek sou liewer dit hê as alles. Ek sou liewer 'n pastoor van 'n ou bouvallige geboutjie soos dié wou wees, waar die krag van God die mense ontmoet, waar die Kerk met sulke dinge soos daardie te doen kry; as om die grootste katedraal wat daar in die wêreld is te hê om in te preek, met 'n klomp lou, koue, voorgewende, sogenaamde Christene, wat elke woord wat jy sê, moet dophou, en jy kan nie deur inspirasie preek nie. Jy moet dit *so—so* hê, en op elke regter en elke dokter en alles daarbinne let, sodat jy nie iets sê wat hulle gevoelens kan seermaak nie, want hulle is groot betalers op die kerk. Ek sal die weg van die Here se paar veragtes neem. Amen. Jy kan dit nie evalueer nie. Daar is geen manier om dit te doen nie.

129 So daarom, vandag, is die man wat ryk is, die man wat in Christus is. Nou, sê jy het goeie sig, goeie gesondheid, 'n klomp geld en alles anders gehad, maar, tog, sonder—sonder Christus, is jy verlore. Jy is 'n ellendige, miserabele, arme, blinde, nakende, en weet dit nie. Sien? Dis wat die Laodicese Kerkeeu was. Jy mag aan die grootste kerk behoort wat daar in die nasie is. Jy mag

aan die grootste denominasie behoort, maar nog so verlore wees soos verlore kan wees. Sien? So, die ryk man is die man wat in Christus is. Dis reg.

130 Nou, die onsekerheid van huislike lewe, die onsekerheid van werk, die onsekerheid van oorlog, die onsekerheid van kerke.

131 Aangesien dat ons daarby gekom het, laat ons net 'n paar minute daaroor praat, die onsekerheid van kerklewe. Hulle, julle—julle net. . .Julle—julle kan dit net skaars evalueer, want daar is geen manier om te evalueer wat 'n ondervinding in die Heilige Gees is, teenoor 'n lidmaatskap van 'n kerk nie. Sien? Daar is geen manier nie. Daar is geen—daar is geen manier waarop jy hierdie Heilige Gees kan koop nie. Dit kom as 'n vry geskenk van God af. Dit kom na enigiemand wat wil. . .

Julle sê: "Sal Dit net na Pinkster gaan?"

132 Pinkster is nie 'n denominasie nie. Hulle het probeer om dit te doen, maar jy kan God nie denomineer nie. Pinkster is 'n ondervinding wat enige gelowige kan hê. Sien? Dis vir Baptiste, vir Katoliek, vir Jode; vir swart, vir wit, vir bruin, vir geel, vir rooi; vir enige kleur, geloofsbelydenis, of enigiets; of jy arm, ryk is, niks het nie, oorvloed het; of jy die tussen—in is, of wie jy ook al is. Jy, Dis vir jou.

133 En dis God se liefde en genade aan jou uitgemeet, om Dit te neem. Kos jou nie een ding nie. Enigste ding wat Dit jou kos, is om net jou lewe aan Hom oor te gee, en Dit te ontvang. Hoe eenvoudig! Net alles kry. . .Net alles vergeet wat jy ooit geweet het, en net jouself aan Hom oorgee. En dis hoe Dit kom, is net ontvang, Dit op daardie manier ontvang.

134 Denominasies, dit kon net nie Dit wees nie. Die denominasie gee 'n onseker klank. Nou laat my net—net—net vir julle wys dat dit—dit 'n onseker klank is. Julle gaan na *hierdie* denominasie, hulle sê: "Ons het Dit. Res van hulle het Dit nie." Goed. Julle gaan na daardie denominasie. Gaan na die volgende een: "Ons het Dit. *Hulle* het Dit nie." Sien, elke denominasie. Daar is negehonderd verskillende denominasionele kerke. Negehonderd nege—en—sestig, dink ek, om presies te wees, volgens die statistieke. Negehonderd nege—en—sestig verskillende denominasionele kerke, en elkeen beweer "die ander een is verkeerd," en hulle "het Dit." So, dit is sekerlik 'n baie erg onseker klank. Uh—huh. Negehonderd en. . .

135 Maar hoe klink Dit: "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd"? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Geen onsekerheid Daaromtrent nie, is daar? ["Nee. Amen."] Dís die manier om te evalueer. Dís die manier om uit te vind waar Waarheid lê. Sien?

136 Sê: "Ons Metodiste het Dit. Ons Baptiste het Dit. Ons Katolieke het Dit. Ons Presbiteriane het Dit."

137 Wel, Jesus ís die Een Wat Dit het, want Hy het gesê: "Ek is die Lig, die Waarheid, die Weg." So, dis Christus in jou.

138 So hierdie verskillende groot denominasie is sekerlik 'n verskil, en hulle gee 'n—'n baie erg onbetroubare klank. En enigiets wat so onseker soos dit is, is onbetroubaar, ook. Enigiets só onseker, is onbetroubaar. Julle kan nie net op die aansluit van 'n kerk staatmaak en sê dis Dit nie. Want, elkeen gee 'n verskillende klank, en waarnatoe gaan julle? Dit verwar jou. As daar ooit 'n plek was. . . Ek het hierdie verklaring al baie keer gemaak. Ek sê dit weer vanmôre. Die ergste plek waar hulle sendelinge nodig het, wat ek van weet, is die V.S.A. Wat ís 'n heiden? 'n *Heiden* is 'n "ongelowige."

139 Wel, nou, het ons in Afrika, en—en onder in Thailand, en verskillende dele van die land, het ons die—die inboorling heiden wat 'n afgod aanbid. En ons noem hom 'n heiden want hy aanbid die afgod; hy ken nie regter en linkerhand nie, hy ken nie sy ABC's nie. Hy, enigste ding wat hy van weet, is 'n god wat die toordokter hom van vertel het: "En dis waar God is, is daarin." En die enigste ding wat hy nou weet, is, kry iets om te eet, en—en eet, enige manier wat hy dit kan kry. Nou dis wat ons 'n heiden noem. Maar, nou, daardie man is nie te moeilik om mee te werk as jy vir hom Waarheid bring nie.

140 Maar die moeilikste man om mee te werk is hierdie opgevoede heiden, sien, hierdie heiden hier in die Verenigde State, wat vier grade op kollege gekry het, wat agter die preekstoel staan, 'n ongelowige.

141 Sê: "Wel, ons het nou die oggend 'n diens gehad, en die Here het 'n—'n dame daaronder genees."

142 "Huh! Huh!" Dis 'n heiden. Hy is net 'n opgevoede heiden. *Heiden* is 'n "ongelowige."

143 Eergister, daarbo by die plek gesit, was daar 'n groep mense, sommige van hulle is nou hier, het 'n dametjie voor ingery gekom. Daar was vyf of ses mense binne—in. Daar was 'n dame wat voor ingery gekom het, in 'n karavaan. 'n Man het na die deur toe gekom, en gesê: "Broer Branham, ek haat dit om verby daardie teken daar te kom. Maar," het gesê: "ons ry net verby en wou sê. . . "

Ek het gesê: "Kom in." Sien? En ek het gesê. . .

144 "Nee," het gesê: "my vrou wil net getuig, om jou iets te vertel wat gebeur het." Wel, sy was toevallig 'n goeie vriendin van Suster Mercier; Broer Leo hier, een van ons broers hier by die kerk, een van die bandopname manne, sy moeder.

145 En ongeveer agt of tien jaar gelede, was ek hier iewers in die Ooste, en 'n vrou het op die verhoog gekom om voor gebid te word. Die Heilige Gees het gesê: "Jy is Mev. *So—en—so*, en jy het van 'n sekere plek gekom. Jy ly aan *so—en—so*."

"Ja. Dit was alles waar."

146 Nou gesê: "Nou, jy het 'n vriendin wat in Kalifornië woon, wat 'n baie kosbare vriendin van jou is. En hierdie vrou is sterwende aan nierkanker." Sy het gesê: "Dit is beslis so, Broer Branham."

147 Dis Heilige Gees wat die geheime van die hart openbaar, julle sien. Behoort die Amerikaanse mense op hul aangesig te laat val en sê: "God!" Sien? Dit behoort dit te doen.

148 Maar, o, hulle is opgevoede heidene. Dis die soort wat moeilik is om mee te doen te hê. Sien, hy is so slim, hy "weet meer as wat God weet," so dis die rede waarom hy sy mielies verbaster, sy diere en alles verbaster. Sien wat hy vir homself gekry het? Gaan reguit terug, maak net eenvoudig, wel, 'n baster van homself, dis reg, deur dit te doen. In al die aanteelt van hul verstand, van die gees, kom hy net eenvoudig af daarop.

149 Nou ons let op dat hierdie vrou gesê het: "Ja. Dis reg. Ek het wel 'n vriendin wat in Kalifornië is, wat sterf aan die nierkanker." Ek het gesê: "Skryf jy aan haar en sê vir haar: 'SO SPREEK DIE HERE. Sy gaan nie sterf nie, maar lewe.'"

En dit was die dame buitekant. En sy het gesê: "Dit was miskien tien, twaalf jaar gelede." En gesê: "Ek het gesond geword, reg en gesond. Daar is nie 'n letsel op daardie nier nie," dat sy genees is. Gesê: "Omtrent vyf jaar daarna, het ek 'n gewas gekry, en die gewas het tot so 'n grootte gegroei, totdat dit geword het," glo ek sy het gesê: "óf sewentien óf sewe—en—twintig duim breed." En sy was só groot, dat sy nie kon regop staan nie, met hierdie gewas. Wanneer sy sou probeer regop staan het, kon sy haarself nie balanseer nie.

150 En hulle het haar na hierdie kerk toe gebring, en haar net daar laat sit. En hulle het haar in die aand gebring, na ons die genesingsdiens daardie oggend gehad het. En die broers hier, het haar gesê dat ons nie daardie aand vir die siekes sou bid nie. Omdat ons sou . . . Ek het daardie oggend vir die siekes gebid. En hulle wou nie te veel druk op een slag op my plaas nie. En so na die diens verby was, maar na die diens verby, ek wat gestaan en praat het met 'n paar mense. En 'n paar mans het hierdie vrou geneem en haar om die huis gedra, en haar op daardie trappie daar neergesit soos hulle uitgegaan het. En sy het daar gesit; die mans wat haar gedra het.

151 En Broer Taylor, een van ons kosbare broeders hier, van die kerk, was net daar waar, toe dit gebeur het, en ek dink, die vrou oral gehelp het. Is jy hier, Broer Taylor, waar is jy? [Broer Taylor sê: "Amen."—Red.] Agter, ja, *hier* agterin. Hy het daar by gestaan, en haar gehelp om hier agter om te kom.

152 En die gewas, uit soos *dié*. En het so—en so toe gesê . . . Toe ek by die agterdeur uitgekom het, net gestaar en afgekyk na haar, gesê: "Vrou, die Here Jesus wat jou van daardie nierkanker

genees het, baie jare gelede, sal jou ook van daardie gewas genees. SO SPREEK DIE HERE." Nooit aangeraak of niks nie; net uitgestap en in die motor geklim, en weggegaan. En ek het gegaan. Sien?

Hy het gesê: "Sal jy uitkom en na haar kyk?"

Ek het gesê: "Ja. Seker. Sê haar om in te kom."

Het gesê: "Nee. Ons het nie tyd nie. Ons moet net gaan."

153 Het daar uitgestap. En 'n klein vroutjie, sy het uitgespring uit die motor, net so plat soos ek is. Sy—sy het 'n heerlike tyd daar op die pad gehad, op en af in die pad gehardloop. Met tale gespreek, en geskree so hard soos sy kon, voor die Presbiteriaanse pastorie, net 'n heerlike tyd gehad.

154 Nou, sommige van die bure kon buite toe gekyk het, en gedink het: "Wel, dit moet iemand uit die kranksinnige gestig wees, gekom het vir Broer Branham om voor te bid." Daardie vrou was nie van 'n kranksinnige gestig nie. Haar siel was net terug uit heerlikheid, sien, net 'n—'n wonderlike tyd gehad.

155 Sy het gesê: "Kyk hierna, Broer Branham." Haar jas oopgemaak; net so plat as wat sy kon wees. Sy het gesê: "Nou, vir die eerste twee of drie maande na jy my dit gesê het," het gesê: "was ek so erg." En het gesê: "Die dokter het gesê hy gaan—gaan nie enigiets meer probeer, as ek hom nie sou toelaat om te probeer om daardie gewas daar uit te haal nie." Het gesê: "Dit sou meer weeg . . . "

156 Hoeveel het sy gesê: "Omtrent dertig pond," broer, Broer Taylor? [Broer Taylor sê: "Ja."—Red.] Omtrent dertig pond, het hulle geskat het die gewas geweeg.

157 En het gesê: "Sommer skielik, het dit begin: 'Shoo, shoo, shoo, shoo'" O, Hy hou Sy Woord. Dis reg.

158 Nou as julle graag vir die vrou wou skryf, ons het haar adres en alles. Sy het dit vir Leo gelos, om sy moeder vir haar te groet, en dinge.

159 Dit het so gebeur dat haar broer met 'n—'n vriendin van my hier bo by Utica getrou het. Die meisie was daarbinne. Sy naam is Clyde Raine. Hy het oral gegaan, baie, en 'n klomp . . . Chisel, noem ons hom. Ek het met hom gespeel toe hy 'n seun was. Woon hierbo by Utica Pike, een of ander soort staatsbeampte nou daar.

160 En sy suster het in die motor gesit. En hulle is, dink ek, gaan na die Campbellse kerk. Ek wonder net watter indruk dit op haar gemaak het? Sy het gesê: "Billy, dis wonderlik." O, ek het vroeër self die meisie geken. Ek was 'n paar keer uit met haar, as jongmense, toe ons hierbo langs die pad gebly het. En—en 'n baie gawe meisie, net so gaaf as wat sy kan wees. Sy is omtrent my ouderdom nou. En so, het sy, maar net daar gesit, na die getuienis geluister. En dit was haar man se suster wat genees is.

161 O, ek sê jou, broer, daar is geen onsekerheid daaromtrent nie. Dis Waarheid. Dis God se Woord. Dit maak Dit reg. So die . . .

162 Enigiets wat onseker is, is onbetroubaar. En so wanneer dae soos hierdie tyd, wanneer hulle nie seker is of Jesus gister, vandag, en vir altyd dieselfde is nie, laat staan die ding.

163 Jy kan seker wees. Jy kan weet dit is. Dat Sy . . . As Hy nooit enige wonderwerk vir jou doen nie, behalwe net die groot wonderwerk, jou sonde vergewe! Dis die grootste wonderwerk wat God ooit gedoen het, was om 'n mens sy sonde te vergewe.

164 Neem 'n man en bekeer hom van die dinge, kyk, dit het sy innerlike verander van die dinge. Dat hy eenkeer gedrink en gedobbel het, en die kwade en sulke dinge gedoen het, en, hom ewe skielik reguit laat omkeer na liefde. En gaan huis toe na sy vrou, en gesê: "Skat, ek is jammer dat ek jou so behandel het." Sy klein kindertjies opgetel en hul in sy arm vasgehou: "Pappa het al sy geld op whisky uitgegee, en pappa het *dit* gedoen. En—en moeder was heelnag uit, en het julle kinders gelos. Ek sal dit nooit weer doen nie." "God, vergewe my." En hoe, daardie getuienis, dis een van die grootste dinge wat daar is. Die hele Alkoholiste Anoniem, en alles soortgelyks, kon nooit so laat verander nie. Hulle kan nooit doen vir die persoon nie.

165 Kyk na arme klein Rosella Griffith hier, wat daar sit daar, toe al die 's—Anoniem in Chicago, vier van die belangrikste hospitale, hul personeel dokters haar opgegee het. In een oomblik se tyd, op die platvorm, het daardie oogknippende wrak verander. Daar gestaan, met jas so gesny soos *dié*, 'n nertsjas aan, wat haar moeder vir haar gekoop het. Sy was 'n deftige meisie. En het haar whiskybottels onder daardie jas gedra; en bang dat sy in die pad sou val, en tot die dood toe verkluim voordat iemand haar kon vind. Daar, daar gestaan, toe almal, die 's—Anoniem en almal, haar opgee het. Sy skryf nou 'n boek daaroor.

166 Daar het sy op die platvorm gekom. Die Heilige Gees het vir haar gesê: "Jou naam is Rosella Griffith." Geen onsekerheid daaromtrent nie. "Jy is 'n alkoholis. Jy was in die 's—Anoniem en alles. Maar, SO SPREEK DIE HERE, dis nou verby.

167 "En daardie dame wat hierbo op die balkon sit, sy is Fred Astaire se dansmaat." Sy het opgespring. "Dis reg. Sy is ook 'n alkoholis, en 'n dwelmsugtige. Die gereg is nou aan die soek na haar."

En haar pappa het gestaan, het gesê: "Ek voel beledig daaroor."

Sy het gesê: "Wag 'n bietjie, pappa. Die man is reg."

168 Geen onsekerheid daaroor nie. "SO SPREEK DIE HERE, jy is genees. Gee jouself oor." Nou is sy buite op die veld met haar man, die Evangelie aan die preek. O, goeiste!

169 Wat is dit? Jesus Christus dieselfde gister, vandag, vir altyd. In die dae wanneer die denominasie die onsekerheid daarvan gee, hoekom sal ons na 'n kerkdenominasie luister, wanneer Christus dieselfde bly? Niks onseker Daaromtrent nie. Dis altyd seker. Nou, die By— . . . Ons weet dat die Bybel hier sê, as . . .

170 Enigiets wat dood is, gee 'n klank. 'n Dooie ding, dooie kerke, of wat meer, kan klanke gee; maar tensy daar 'n onderskeiding in die klank is, tensy daar 'n manier is waarop ons kan seker wees. Nou, ons weet.

171 Hier, ek het 'n paar Skrifte hier neergeskryf omtrent soldate. Ja. Soldate kan, in die dae van hulle opleiding, word hulle opgelei met daardie beuels. En hoe daardie klink om terug te val, of wat hulle moet doen, en alles. Hulle word deur 'n klank opgelei. En as—as hulle nie daardie klank ken nie, hoe sou hulle weet om hulself voor te berei? Dis reg. Maar hulle is met daardie klank opgelei. En hulle weet, wanneer daardie klank opklink, beteken dit 'n sekere ding.

172 Hoe toe Titus die mure van Jerusalem beleër het, dit met leërs omsingel het, al daardie opgeleide soldate; daardie dissipels, hoe die geskiedkundiges skryf.

173 Jesus, wat daardie dag op die berg gesit het, gesê het: "Wanneer julle Jerusalem deur leërs omsingel sien; laat dié wat op die land is, nie omdraai na sy huis, om sy kleed te kry nie. Laat dié wat in die huis is, nie na die dak gaan, of afkom nie." Het gesê: "Maar vlug na hulle berg, want daar gaan 'n dag van verdrukking wees."

174 Nou kyk wat al daardie groot denominasionele kerke gesê het toe hulle Titus sien opmars het. "Ons sal nou na die huis van die Here gaan om gebed op te offer." Hulle was te laat. Dit was 'n onseker klank, van die priester. Dit was 'n onseker klank, van die kerk.

175 Maar vir hulle wat met die Stem van Jesus opgelei is, hulle het afgesit na die berge so vinnig soos hulle kon, en die enigstes wat dit oorleef het. Die onseker klank . . . "Vlug van die stad," nou, Jesus, as Hy hulle nie dit gesê het nie en hulle nie daardie opleiding gegee het nie, daardie klank opleiding, hoe sou hulle geweet het om te hardloop?

176 Nou, Josephus, die groot historikus, het gesê: "Die enigste ding wat dit oorleef het, was die dissipels van—van Christus, wat kannibale was." Een van die historici het gesê hulle was kannibale. Het gesê: "Hulle het 'n man met die naam van Jesus van Násaret, wat Pilatus gekruisig het, en hulle het sy liggaam uit die graf gesteel, en het uitgegaan en dit opgesny en dit geëet."

177 Wat hulle gedoen het was om nagmaal te gebruik: "die liggaam van die Here," julle weet, soos ons hier doen. Sien?

178 En het gesê: "Hulle was die enigstes wat dit oorleef het, want hulle het uit die stad gekom." Hulle het die Klank geken.

179 O, broer, mag die Heilige Gees vanmôre in ons harte kom, ons die klank van daardie hartklop van die Heilige Gees en Sy Krag gee. Dit alleen sal kan oorleef: daardie klank van die Basuin van God, en ons harte voorbereid vir hierdie uur, te weet wat om te doen.

180 "Ons wat in die lewe oorbly, sal die ontslapenes hoegenaamd nie voor wees nie, want die Basuin sal weerklink." Al daardie soldate wat daar oorkant lê, aan die slaap, dwarsdeur die eeue, maar wanneer die Basuin weerklink . . . alhoewel hulle dood is in slaap, sal dit hulle nie hinder nie, want die Basuin sal weerklink en hulle wakker maak. Hulle is voorbereid.

181 Daardie onvoorbereides ken nie die Klank nie. Wanneer daardie . . . Wanneer daardie Klank, van die Koms van die Here, losbars, sal Dit die Hemel en hel skud, wanneer Dit losbars. Maar diegene wat in die hel is, diegene wat verlore is, ken nie daardie Klank nie. Hulle weet nie wat om te doen nie.

182 Maar diegene, alhoewel hulle in Christus aan die slaap is, ken hulle daardie seker Klank.

O, die Basuin van die Here sal weerklink, en tyd sal verby wees,
En die môre breek Ewig, helder en skoon;
Wanneer die verlostes van die aarde sal vergader na hul tuistes oorkant die hemele,
En wanneer daardie rol opgeroep word daar oorkant, wil ek Daar wees.

183 Sit jou naam op die Lam se Boek van die Lewe, vandag, deur die Bloed van die Here Jesus, en dit sal nie 'n onseker klank wees nie.

184 Nou ons hoor die geklank van moeilikheid wat kom, atoombomme wat oral hang, spanning tussen die nasies, probleemtye. Hoekom sou ons oor werk bekommerd wees? Hoekom sou ons oor ons huis bekommerd wees? Hoekom sou ons oor enigiets bekommerd wees?

185 Jesus het nooit gesê ons moet ons bekommer nie, maar het gesê: "As julle hierdie dinge sien gebeur, hef julle hoofde op, en wees bly, want julle verlossing is naby." Dis die sekerheid van die klank van die Evangelie.

186 As ons die Heilige Gees sien inkom in die kerk, die gedagtes van die hart begin onderskei, hierdie groot tekens doen, die terugkoms van die Gees terug in die aandtyd wanneer die Ligte skyn, sien ons Hom kom en presies dieselfde ding doen wat Hy daar by Sodom gedoen het, voor dit afgebrand het. Sien daardie Engel met sy rug gekeer, sê: "Hoekom het Sara gelag?" agter Hom. Jesus het gesê: "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal

dit wees by die koms van die Seun van die mens." Wat is dit? Dit is die aankondiging van die Koms van die Here Jesus.

187 "Kyk, Ek stuur julle Elía die profeet voor daardie groot en vreeslike dag die wêreld sal vernietig. Hy sal die harte van die kinders draai terug na die oorspronklike Geloof, terug na die Evangelie, terug na die Krag van God, terug na die ware Heilige Gees, weer terug na Christus, voor die groot Dag kom."

188 Ons hoor die Basuin wat weerklink. O, goeiste! Wat is dit? "Word wakker, julle heiliges van die Here, hoekom sluimer wanneer die einde naderkom, laat ons gereedmaak vir daardie finale roep." As dit 'n onseker klank gee, wie sal hulleself gereedmaak vir oorlog, as dit onseker is? Maar Dis nie onseker nie.

189 Mense sê: "Wat is hierdie goed waarvan hulle praat, die Heilige Gees wat die einste gedagtes van die mense lees, en die dinge wat Hy doen?" Dis die sekerheid van die klank van die Evangelie. Christus het gesê dit sou so wees.

190 "Wel, hoekom kon al hierdie groot kerke wees?" Christus het gesê dit sou so wees. Nie onseker nie. Dis die sekerheid daarvan. Ons is pas deur 'n agtdagbyeenkoms daaroor, om te weet dat die Bybel uitdruklik sê dat hierdie ding so sal wees. Groot denominasies sal opstaan, hulle sal almal hulleself vorm in 'n konfederasie van kerke. Ons het dit, maak 'n beeld vir die dier, die Katolieke hiërargie. Ons sal 'n beeld vir die dier maak. Daar het ons dit, konfederasie, elke denominasie daarin. Dis nie 'n onseker klank nie. Dit gee 'n ware opregte klank. Dis 'n seker klank.

191 "Ons het 'n groot geloof in ons V.N., Verenigde Nasies." Wel, dis net omtrent so diep as wat die Volkebond was, net dieselfde ding. Ons het 'n Volkebond gehad, na Eerste Wêreldoorlog. Hulle sou die hele wêreld polisieër. Dit het nie gewerk nie. Die ware gesprek van die V.N. is nou so onseker. Hulle weet nie wat om te doen nie. Hulle is daarbinne toe Krushchev sy skoen uitgetrek het en op die tafel geslaan het. En watter goed doen dit? Al die verskillendes. Dis die onsekerheid van die V.N. Die V.N. is goed, sover dit gaan, maar dit is te laat. Dis te laat vir enigiets soos dit.

192 Daar is net een seker Klank. Dis die Evangelie. Maak gereed vir die geveg. Watter geveg? Die Koms van die Here. Maak julle nou gereed vir geveg teen die bose, terwyl die bose die mense in besit neem op elke manier. Alles wat verkeerd gaan, en huislike lewe wat verkeerd gaan, en V.N. wat val, en die nasies wat verbrokkel, en atoombomme in die omtrek, en huise wat opbreek, en moederskap en dit wat laag daal, en immorele dinge onder die mense, en—en wantroue onder mekaar, alle denominasies wat stry en veg, wat wil jy doen? Wees seker. Maak jouself gereed vir die geveg.

193 Wanneer die televisie begin verrot word, en radio, en koerant. Al die uitgange van advertensie, die ding net aanhoudend sigarette, tabakke, en whiskey, en drank, en onsedelik—aangetrekte vroue. Vuil grappe en grapvertellers op die televisieprogramme, en Amerika wat daarvoor val. Soos 'n groot. . .Het soos Koning Nebukadnéser se huis van—van vrolikheid gebring daardie nag, toe daar 'n mal warrel daar deurgekom het. Hulle het 'n—'n groot wynpartytjie en dans gehad, en die televisie, as dit in daardie dae sou wees, hulle grapvertellers het daar uitgekom. En daar het 'n Hand gekom wat teen die muur geskryf het.

194 En, vandag, toe ons gedink het ons is so beskermd. Ons het die beste wetenskaplikes in die wêreld gehad. Ons het die beste in die wêreld. Uitgevind, ons is ver agter, in die missiel wedloop. Uh—huh. En wat het toe gebeur met die Verenigde State? Nie net 'n handskrif teen die muur nie, maar daar is die—die ballistiek van die missiele wat in die hemel skryf, dat ons ver agter is, jare agter. Wat is die probleem? Die handskrif is teen die muur.

195 In daardie dag, was dit geskryf in onbekende taal, handskrif teen die muur. Daar was net een man, in die hele koninkryk, wat dit kon interpreteer. Maar hy het die gawe van interpretasie gehad. En hy het dit geïnterpreteer, en gesê: "U is geweeg in die skaal, en te lig bevind. God het 'n nasie van mense hier tussen jou gestuur, wat jy 'holy—rollers' noem. Jy het daar na onder gegaan en hulle veronteer, en hulle doodgemaak, en hulle versmoor. En het jou gode en afgode en dinge geneem, en by dit aanbid, en smaaklik gelewe. En nou het jy gegaan en die einste voorwerpe uit die tempel van hulle God geneem, en kom hier en vertel grappe oor hulle, maak bespotting daarvan, 'die "holy—roller", die bles—kop prediker,' en al daardie. En God het genoeg daarvan gehad. En die uur van jou vernietiging is op hande." Einste nasie wat hulle sou neem, het net toe by die hek gewag. Net kort daarna, is hulle geslag. Hulle vroue was afgesny. Hulle wagte, hulle weermag, alles, is oorgeneem. "Geweeg in die skaal, en te lig bevind."

196 En ons is radio— en televisie—mal, en grappe, en vuilheid, en vieslikheid, en skelm, en ontugtigheid, en alles, tot God moeg is daarvan. Terwyl die Evangelie, die ware Evangelie van die Heilige Gees Kerk, heen en weer oor die nasie is, wat die sekerheid van Jesus Christus en Sy Koms wys, tot die tyd hierbinne is wanneer God oor ons hemel sal skryf: "Geweeg in die skaal, en te lig bevind." Amen. Ons is in 'n vreeslike toestand. Luister na die seker Klank, nie die onseker V.N. nie. Ja, meneer!

197 Selfs nou die dag, toe ons verkiesing gehad het. Hulle het hier, 'n tyd gelede, gesê, dat toe hulle die stemme getel het van die politieke wêreld, en hulle sou toe sê, hulle sê: "Ons het. . . Ek het 'n masjien nou, dat almal moet eerlik wees, want jy trek net 'n klein hefboompie en dit stem vir jou man. Jy trek af, 'n

klein kliek, en stem vir jou man." Huh! Hulle het uitgevind dat dit onseker is.

198 Mnr. Edgar Hoover het dit ontbloot, het die Demokratiese Party nou die dag ontbloot. Toe hulle die masjien opgestel gehad het, dat, elke keer wat hulle vir Mnr. Nixon gestem het, moes hulle vir Kennedy dieselfde stem. En hoekom doen hulle dan nie iets daaromtrent, as hulle uitgevind het dis so nie? Hoekom? Wel, daar's geen sekerheid daaraan nie. Julle weet wat gebeur het, Mnr. Hoover. Sien? Goed. Julle sien, alles is onseker. Jy kan nie sê wie verkies was nie, of Kennedy of of . . . Kennedy was "gekose" genoem, maar ek weet nie of hy verkies is of nie. Nou, ek's nie 'n politikus nie. Ek weet niks daarvan nie. Maar ek weet wat is reg en verkeerd. Ek het soveel verstand. Wanneer dit reg voor ons is, dat die man dit bewys het, deur die F.B.I., dat hulle die masjien opgestel gehad het om dit te doen. Dit was nie so gedoen vir die ander party nie. Dit was op die—die—die Kennedy se party wat dit gedoen het. Hoekom? Dit moet so wees.

199 Daar is niks in hierdie wêreld wat kan staan, buiten die Koninkryk van God nie. Want elke koninkryk is "geweeg in die skaal en te lig bevind," ons nasie. Hoekom is dit?

200 Hier 'n paar jaar gelede, het ek 'n groot ou boom hier gehad, waarnatoe ek gewoonlik gegaan het en gaan sit het. Ek het gedink: "Daardie boom. As ek 'n ou man is, as ek lewe, sal ek onder daardie boom kom sit." Dit is nou net 'n stomp. Die plek waar ek gebly het, ek sou my pappa sien uitkom daar, en sy klein, kort arms. Hy was, o, 'n Kentuckier daaronder, en hy het houtgekap en dinge; 'n klein kêreltjie, omtrent 'n honderd vyf—en—veerig of vyftig pond, maar fris. O, goeiste! Mnr. Coots, hierbo, het my vertel dat hy hom 'n negehonderd—en—vyftig—pond essehout stomp sien oplaai het, alleen, net regtig 'n—'n sterk man. Ek het hom altyd gesien sy moue oprol, om daarbuite te was, by 'n ou stuk gebreekte glas, vasgemaak aan die appelboom.

201 En party van julle Indiana mense mag miskien nie weet hoe ons ver daaragter moes bly, met 'n ou waspan wat daarbuite by die lampetbeker gesit het, pomp nie. En ma het 'n ou sak daar gehad, 'n meelsak, 'n handdoek daaruit gemaak, soort van versier. Ek het party van die toutjies uitgetrek en klein versierinkies by die punt gemaak. Groot ou . . . Sy sou my skrop en my dan vryf met daardie handdoek, die vel het amper afgekom, met daardie ou growwe, meelsak. Sy het my geskrop en my gevryf met daardie ou handdoek.

202 Nou, ek sou pa daar sien staan, inkom, julle weet, en die klein ou moutjies oprol, en hy sou was. O, goeiste, kyk daardie spiere! Ek het gesê: "Julle weet, hy sal lewe om vyfhonderd jaar oud te wees, hy's so sterk." Maar weet julle wat? Hy het gesterf toe

hy twee—en—vyftig was. Hoekom? "Hier het ons geen blywende stad nie."

203 Ek het oorkant in Rome gestaan, waar—waar die groot Keisers gestaan het, wat deur die strate geloop het, met hulle groot massas, en—en die swier en die glorie, en alles wat hulle gehad het. En weet julle waar om hulle koninkryk te kry? Dis twintig voet onder die grond. Tweeduisend jaar het dit laat sink.

204 Ek het in Kaïro, Egipte, gestaan, waar die—die groot Farao gestaan het, eendag, wat die volk van God vervolg het, wat hulle uitgejaag het en slawe van hulle gemaak het. Twintig of dertig voet daaronder, is die ruïnes van hulle plek.

205 Ek het oorkant in Londen, Engeland, gestaan, waar al die—die groot aarts hiërargieë en dinge gestaan het, en dit alles. En uitgevind, dis gesink onder die grond. Wat is dit? "Hier het ons geen blywende stad nie, maar ons soek Een wat kom."

206 Hoekom is hierdie koninkryke? Dis net jou te sê, praat van Een wat Ewig is. Hoekom is 'n boom mooi? Dit wag. Dit wag vir die volle manifestasie van die seuns van God, wanneer daardie boom vir altyd sal lewe. Daar is 'n Koninkryk wat sal kom. En die—die Bybel het gesê: "Hier het ons geen blywende stad nie, maar ons soek Een wat kom." En daar het God ons 'n Koninkryk gegee wat nie beweeg kan word nie.

207 Alles op aarde is beweeglik en skudbaar, val. Alles verrot. Ons lewe in 'n sterwende wêreld. Alles sterf. Bome sterf. Gras sterf. Blomme sterf. Stede sterf. Die wêreld sterf. Julle sterf. Alles sterf. Ek sterf. Alles sterf. Die—die seker strale van sure en goed in die lug, wat, chemikalieë in die lug.

208 Neem net hierdie groot brug hieronder, toe ek dit gesien kom het, twee—en—twintig jaar voor dit opgesit is daaronder, gesien die mense verloor hulle lewens daarop, toe hulle die brug daaronder oorgesit het, en daarvan gepraat het. My ma wil my na die dokter neem, gedink ek het senuwee sametrekkings. Ek het haar vertel. Ek het gesê: "Ek het 'n brug sien oorgaan, en ek het daardie mans getel." Twee—en—twintig jaar daarna, het die brug oorgegaan, en die selfde getal mans het hulle lewens verloor. Ek dink dit was sestien. Presies.

209 Nou, ek het gedink, toe hulle daardie groot steunbalke daarop gesit het, dat daardie brug vir altyd sal hou. O, hulle het dit drie of vier keer geverf, en dit roes nou af. Wat is dit? Die strale in die lug, verbrand dit.

210 Ons vind 'n pragtige jong meisie, sestien, wat in die kerk sit, kougom blaas, en grappe maak en aangaan, wat uitgaan en haar klere optrek in 'n klein plekkie waar sy wulps lyk, om haarself te verdraai. En dis nie 'n paar sonsondergange nie, en sy is oud en verrimpeld, en die vlees wat van haar afval. En daardie klein liggaampie wat sy gedraai het, en 'n gees daarin laat leef het, haar beheer, wat haar sedes vir die honde gegooi het, en moet

antwoord, die Oordeelsdag, vir owerspel pleeg. "Wie na 'n vrou kyk om haar te begeer, het alreeds met haar owerspel gepleeg." Besef nie dat sy niks anders as stof is, en terugkeer na stof nie, want: "Stof is jy, en na stof sal jy terugkeer." Wat is dit? As sy net sou besef, en stop. Dis 'n onseker klank.

211 "Wel, nou, *so—en—so* op die televisie, *so—en—so* by die skool," probeer sekere klein persoonlikhede by die skool namaak. Moet nooit dat dit jou patroon word nie. Kyk na God.

212 O, onseker klanke! Uitverkiesing! Hoedat die tyd nou gekom het, onsekerheid!

213 As ons tyd gehad het, kom ons blaai gou daarnatoe. Ek sien die susters, almal skryf Skrifte neer, soort van. Nou in Tweede Timothéüs 2, kom ons lees net vir 'n paar minute. Tweede Timothéüs, die 2de hoofstuk, en begin met die 3de hoofs—. . . Tweede Timothéüs, die 3de hoofstuk, kom ons lees. Luister hier. "Maar weet dit. . . " Nou, hierdie is die Gees.

> *Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom.*

214 Nou, dis die Heilige Gees wat julle in die kerk hoor vanmôre, wat spreek ver terug, tweeduisend jaar gelede, 66 vC, van hierdie dag.

> *Want die mense sal liefhebbers van hulle self wees, . . . grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig,*

215 Kyk na daardie dag, vandag. Jy praat van heilig, noem hulle jou "holy—roller." Kyk na kinders, wat hulle doen. "Jeugmisdaad," noem hulle dit. Nou gaan ek verskil van jou, ouer. Dis nie jeugmisdaad nie; dis ouermisdaad. Sien? Dis wat dit is.

216 Party van julle noem hierdie ou Kentucky moeders hierbo, hoe "ongeletterd" was Kentucky. Daardie ou mammies daarbo, met 'n ou sonhoed op soos dit, en praat van haar wat so ongeletterd is en nie haar ABC's ken nie. Sy mag miskien nie so stylvol wees nie, maar, ek sê jou, laat een van haar dogters een aand inkom soos sommige van julle s'n party aande; klere van haar afgedraai, en lipstiffie oor haar hele gesig, haar hare alles opgekoek. Sy sou nie sê: "Het jy 'n lekker tyd gehad, skat,"? nie. Sy sou 'n slaanding gryp van iets af, en sy sou—sy sou die laaste keer geweet het wat sy sou uitgaan. Dan noem jy dit "ongeletterdheid." Ja. Dis dit.

> *. . . ondankbaar, onheilig,*

> *sonder natuurlike* liefdes, *onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie,* haat die mense wat probeer reg lewe. (Sien?)

> *verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God;*

217 Goeiste, hulle sal miljoene dollars spandeer om na 'n bofbalwedstryd te gaan, of so—iets, of waar 'n filmster 'n sekere iets gaan doen, iets anders soos dit, net soos die ou Roomse sirkus baie jare gelede. Maar wanneer dit kom om oor die straat na 'n Heilige Gees byeenkoms te gaan, sal hulle op hulle stoep sit en lag, daarvoor.

218 Wel, jy sê: "Wel, Broer Branham, hulle is kommuniste." Goed, laat ons sien wat die 5de vers sê.

> *mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het . . .*

219 Die Krag Waarvan verloën? Die Krag van God. "Wat 'n gedaante van God het, maar die Krag van God verloën." Gaan kerk toe en behoort aan 'n denominasie, maar verloën die einste bestaan van die Heilige Gees wat in die Kerk is, wat dit laat handel en doen met dieselfde dinge soos hulle in die begin gedoen het. O, goeiste! Sien hoe daardie denominasionele vloek is? Uh! Ek hoop nie julle word kwaad vir my nie. Maar ek hoop julle ontvang dit in die lig waarin ek dit probeer sê. Sien? Nou let hierna op.

> *wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Van sulkes . . .*

Wat sê Hy vir die Kerk? "Draai weg." Draai weg daarvan. Kom daaruit. Dis reg.

220 Want, luister, kom ons lees nog 'n vers, of twee. Luister net, want kom ons sien hoe seker daardie soort mense is. Kyk of dit onseker is.

> *Want uit hulle is die wat in die huise insluip en lawwe vrou gevange neem wat met* sonde *belaai is en deur allerhande begeerlikhede* gedraai *word,*
>
> *wat altyd leer en nooit tot die kennis van die waarheid kan kom nie.*

221 Wat is Waarheid? Jesus Christus is Waarheid. Hy het gesê: "Ek is die Waarheid."

Pilatus het gesê: "Wat is Waarheid?"

"Ek is die Weg, die Waarheid, die Lewe."

222 Vroue, met alle soorte van 'n—'n—'n vroue verenigings, en maak komberse, en gaan saam, en vertel grappe, en aandetes en sop aandetes om die pastoor te betaal, ensovoorts soos dit: "En nooit tot die kennis kom om te weet dat Jesus Christus vandag in die Krag van Sy opstanding leef, in die Heilige Gees nie." Sien: "Nooit!"

223 "Lawwe vroue." Nou, hy het nie met julle susters gepraat nie. Gesê: "Lawwe vroue," goed: "wat met allerhande begeerlikhede belaai is." Julle weet beter as dit. So ek is bly vir julle, my klein susters.

224 "Kom nooit." Hoe onseker is daardie klank, dan, 'n formele denominasie. Hoe onseker is die klank van die kerk vandag. Wie weet wat om te doen? Laat ek vir julle die kerk vandag wys. Daar's 'n oorlogwolk wat oral hang, probleme oral, en mense wat in hul kerk inhardloop en nie die antwoord kan kry nie. Ek gaan daaroor preek, Kersaand: *Geen Antwoord Vir Die Ster In Die Ooste Nie*. Nou let op. O, goeiste! Daar hang Dit, en hulle het nie die antwoord nie. Hulle weet nie wat om te sê nie. Hoekom? Die enigste ding waarna hulle kan terugverwys: "Ons het dit in die kollege geleer."

225 Die Kerk is nie afhanklik van wat hulle in die kollege gedoen het nie. Maar dis die lewende Heilige Gees in die Kerk, wat Dit lei en Dit rig, en Dit dinge vooruit wys wat moet kom, soos Dit gedoen het in die dae van Titus; hulle waarsku van dinge wat kom, om te vlug van die toorn wat kom. O, goeiste! "Hy wat 'n oor het, laat hom Hoor wat die Gees aan die kerke sê."

226 Is daar dan nou enigiets? Ek sou vra. Ek wil julle nie te lank hou vanmôre nie. Maar is daar enigiets wat seker is? As ek julle soveel dinge vertel het wat onseker is, is daar enigiets wat seker is? Is daar enigsins enige sekerheid aan enigiets? Wel, sekerlik, ek's so dankbaar dat daar is. Is daar enigiets wat seker is?

227 Ek sal julle sê wat is seker, dit is, die Evangelie van Jesus Christus. Nou, as julle dit wil neerskryf. Ons sal nie daarheen blaai nie, maar julle kan as julle wil. Matthéüs 24:35, Jesus wat praat van hierdie dae en wat sou plaasvind. Matthéüs 24:35, het Hy gesê: "Hemele en aarde sal verbygaan, maar My Woord sal nooit verbygaan nie." Dis seker. Is dit nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dis een ding wat seker is, is Sy Woord. Nou, daar's een ding. Ons sien ons kan nie op ons kerk bou nie. Ons kan nie op ons nasie bou nie. Ons . . . Dis te onseker. Maar daar's een ding wat seker is, dit is, God se Woord is seker. Jy sal dit sekerlik moet doen.

228 Een van hulle het gesê: "Een seker ding was—was belastings." O, nee. Belastings is nie te seker nie. Die Here mag kom. Dan kan hulle dit aftrek. Dan is dit alles verby.

229 Hulle het gesê: "Die dood is seker." Nee, meneer. Die dood is nie seker nie. Nee, inderdaad nie. Daar mag 'n Wegraping wees, dan is daar geen dood nie. Die dood is nie te seker nie. Nee, nee, nie in hierdie dag nie. Dit was, baie jare gelede, maar nie nou nie. Die dood is nie te seker nie.

230 En in elk geval, ek het eenmaal 'n man geken, wat met God gewandel het, om 'n voorbeeld te wys. En een dag het hy moeg geword van loop, so hy het net baie lig geword en begin boontoe loop, opgegaan Huis toe saam met God. Weet enigiemand wie hy was? [Gemeente sê: "Henog."—Red.] Henog. En wat was hy? 'n Tipe van die Kerk in hierdie dag.

231 En Noag, wat 'n tipe is, en ons het dit verlede week in ons les gehad. Noag, die tipe van Israel wat oorgeneem is, sal daar oorkant op die Berg van Verheerliking wees, daar oorkant in—in Europa, onder in Palestina, wat kyk. En wanneer hulle . . . Toe Noag sien dat Henog weg is, het hy gedink: "Wat het van Henog geword? Wat het van Henog geword? Waar is hy heen?" Wie, 'n kleinseun was. Noag was Henog se kleinseun. En hy het gesê: "Waar is dit heen? Wat het van hom geword? Ons kan hom nie meer kry nie." Noag het begin bou aan daardie ark. Hy het toe geweet dat die tyd op hande was.

232 En nou wanneer die Kerk opgeneem word, en die mense sê: "Wel, ek—ek—ek het die polisie gebel. Ek—ek het oproepe uitgestuur. Sy het net hier by die tafel gesit, en sy het verdwyn." Ja. "Ek—ek weet net nie wat van haar geword het nie." Wel, dis nie net dit nie. Wel, polisie sê: "Ons het—ons het vyfhonderd oproepe soos dit, vanmôre." Wat het gebeur? Dan is dit verby, vir julle Heidene. Dis reg. Kyk.

233 Die Woord van God is seker. "Hemele en aarde sal verbygaan," Matthéüs 24:35: "maar God se beloftes kan nie faal nie." Jesus het gesê: "Die hele hemele en aarde sal verbygaan."

Jy sê: "Hemele?" Ja. Ma— . . .

234 Openbaring 21, het Johannes gesê: "Ek het 'n nuwe Hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie. En ek Johannes het die Heilige Stad, die Nuwe Jerusalem gesien, wat neerdaal uit die Hemel, toeberei soos 'n Bruid (dis wat Dit was) wat vir haar man versier is." O, dis waar ek wil wees. God, help my om Daar te wees daardie dag. Goed. God se beloftes is seker. Ons besef dit.

235 Nou laat ons net 'n klein 'n klein Skrif neem, of 'n klein reis, en gaan terug en vind iets uit wat geglo het in vroeër dae, hoe hulle uitgekom het, deur te vertrou dat God se Woord 'n seker klank was. Nou laat ons teruggaan na die begin van die Bybel, net vir twee of drie karakters. En ons sal gereed wees vir die gebedsry, die volgende vyftien minute, of iets.

236 Nou kom ons gaan terug na die eerste, en neem Broer Noag, in die begin. Noag, in Génesis. Ons vind uit dat daar twee of drie klanke was, baie klanke is uitgegee in die dae van Noag. Een van hulle, Noag het die Stem van God gehoor, het gesê: "Dit gaan reën." Nou, God . . .

237 Luister. God sê gewoonlik vir jou iets wat so absoluut belaglik is, vir die dinge van die wêreld, dat dit net . . . Hy doen dit om die wêreld te verbyster. Sien? Hulle is net verbyster in hulle gedagtes. Hulle sê: "Nou, 'n klomp 'holy—rollers,' o, genade! Moenie dit vir my sê, dat God, die heilige God, sal woon in so 'n klomp soos daardie nie?"

238 Dis dieselfde ding wat Balak gesê het, en Beleam gesê het, toe neergekyk is en Israel gesien is. Gesê: "Wel, hulle het enigiets sleg gedoen wat daar was, in die ry af, doen hulle." Maar hy het nie die geslaande Rots gesien en die Koperslang, en die tekens en wonders gesien, van genesing en dinge, in die kamp nie. Fundamenteel, was hulle net dieselfde. Maar God doen iets so radikaal. God is 'n radikaal. Nou dit klink vreemd, maar Hy is. Nou, ons vind net uit, met 'n paar karakters.

239 Kyk na Noag. Nou, die Bybel sê dat, in Noag se dae, het dit nog nooit uit die hemel gereën nie. God het die aarde benat, op deur die aarde. Dit het nooit gereën nie. En hier is 'n "fanatikus" buitekant, wat 'n groot ou boot bou, omtrent twee stadsblokke lank. 'n Boot om te dryf, toe daar niks was vir dit om in te dryf nie! Daar was geen water nie. Daar was nie eers enige nie. Enigste ding op aarde, die grootste ding, was 'n fontein. "Nou waarvoor bou hy daardie ding, en smeer dit van binne en van buite, en dinge soos dit? Hoekom," sê hulle "waar kom daardie water vandaan, Noag?"

"Uh, van *daarbo* af."

240 "Wel, ek is 'n wetenskaplike. En ek—ek—ek kan bewys, deur hierdie lug, dat—dat daar is geen—daar is geen water daarbo nie. Daar was, sou dit nou reguit afgekom het. Daar's geen daarbo nie. Ek kan wetenskaplik bewys aan jou dat daar geen is nie."

241 "Wel, maar," het Noag gesê: "julle weet, God is in staat om daarvan daarbo te sit." Dis dit. "God het gesê dit sou daarbo wees, en dit sal daarbo wees."

"Wel, wat doen jy, Noag?"

"Ek—ek maak gereed daarvoor. Sien? Ek maak gereed."

242 Wel, nou, wetenskap het 'n klank gegee. Wetenskap het gesê: "Daardie klomp 'holy—rollers' op daardie heuwel is eintlik mal. Tog, hulle is—hulle is buite hulleself. Wel, hulle is—hulle is . . . Hulle sny 'n ou boot daar uit. Wel, wat op aarde gaan hulle daarmee maak? Wel, as ons elke fontein in die wêreld sou neem, en dit alles in water sit, sal nie dit nie genoeg wees om die romp klam te maak nie. En hier sê hulle: 'Dit gaan dryf. En daardie water kom af van *daarbo* af.'"

243 Maar, Noag, maak nie saak hoe belaglik wetenskap gesê het dit was nie, hy het geluister na 'n seker Klank. God het gesê: "Ek gaan die wêreld vernietig met water." Niks onseker daaromtrent nie. Dit het toé onseker geklink, maar dit was God se Woord, maak nie saak hoe verspot dit klink nie.

244 God het gesê: "Ek is die Here wat jou gesond maak." Daar's niks onseker daaromtrent nie. Glo julle dit.

245 God het gesê: "Ek sal, aan wie ook al wil, die Heilige Gees gee." Dit kom. Daar's niks onseker daaromtrent nie.

Sê: "Ek's 'n dronkaard. Ek's 'n prostituut. Ek's . . . "

246 Ek gee nie om wat jy is nie. "Wie ook al wil, laat hom kom." Niks onseker.

247 Ek sou liewer dat hy dit gesê het, as gesê het: "As William Branham sal kom, in 1960, sal Ek hom die fonteine van die Water van die Lewe gee." Nou, dit sou baie goed gewees het, gelyk asof dit ek was. Maar daar mag twee William Branham wees. Ek sou nie weet watter een ek was nie.

248 Maar toe Hy gesê het "wie ook al," weet ek dit was ek, in elk geval, so ek was—ek was die een wat wou kom. Sien?

So, julle sien, God se Woord is seker.

249 Nou aan die buitewêreld, die wetenskaplike wêreld, klink dit baie onseker. Sien? Want, gesê: "Nou wie sou ooit dink . . . Nou kyk. Daar's die maan snags. Daar's die sterre. Daar's die atmosfere." En hulle was baie slimmer in daardie dag, julle weet, as wat hulle nou is.

250 Hulle het die sfinkse gebou in daardie dag. Kon ons dit vandag bou? Een poot, en dit het sestien platbak waens geneem, om dit daarop te sit, en sit 'n halwe stadsblok hoog, in die lug. Kon ons dit bou?

251 Hulle het die piramiede in daardie dag gebou. Wanneer, daardie rotsblokke daarbinne, honderde van duisende ton geweeg het. Wel, ons het niks in die wêreld wat dit kon bou nie. Ons het geen krag nie. Die petrol of enigiets anders sou dit nooit daar oplig nie. Jy kon nie 'n masjien groot genoeg hê nie. Hoe het . . . En dis so perfek totdat . . . Daar's geen sement daarin nie. Maar hulle het dit hier op die grond gesny, en dit daarbo gekry, op 'n manier, en jy kan nie 'n skeermeslem neem en *so* daarlangs insny nie, dit sit so naby aanmekaar. Slimmer as wat ons nou is. En daardie slim . . .

252 Hulle het destyds 'n kleursel daar gehad. Hulle kon 'n mummie maak in daardie dag. Ons kan nie vandag een maak nie. Ons kon nie 'n menslike liggaam 'n mummie maak nie, ons weet nie wat hulle in hulle gesit het, om hulle natuurlik te laat lyk nie. Hulle het—hulle het kleursel gehad, wat hulle in klere gesit het in daardie dag, wat ons dit nie nou het nie. Ons kan niks soortgelyks doen nie. Daar is net baie dinge wat hulle toe gehad het, wat ons nie gehad het nie.

253 Hier 'n tyd gelede, het hulle 'n—'n moderne waterwerke opgegrawe, reg hier in Mexiko, wat gesink is gedurende die sondvloed. Moderne waterwerke, baie slimmer as wat ons vandag is! Sien?

254 "Soos dit was in die dae van Noag," slim mense soos om daardie te doen: "so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens," nog 'n slim geslag.

255 Hoe slim daardie mense was, waarskynlik groter wetenskap, wat kon meet hoe ver elke ster uitmekaar was. Hulle was so slim

totdat, geografies, hulle daardie groot, groot piramiede reggesit het, en so gesentreer in die aarde, totdat, maak nie saak waar die son is nie, daar nooit 'n—nooit 'n skaduwee rondom dit is nie. Oggend, aand, middag, enige plek, geen skaduwee rondom dit nie. Sien? Ek was daar.

256 Nou let op al hierdie dinge wat hulle gedoen het, en die kragte wat hulle gehad het. En kan julle julle voorstel, dit het nooit gereën nie, en niks in die hemele om dit te laat reën nie. Hoe op aarde het—het daardie man ooit daardie boodskap oorgebring? Hy het nie. Dit was dit.

257 Maar soos Noag gestaan het in die deur van die ark, en die mense gewaarsku het van die aankomende verwoesting, so staan 'n Evangelie prediker wat wedergebore is, vandag, in die Deur, Christus Jesus, heel omhul met die Heilige Gees, wat die mense waarsku van 'n aankomende verwoesting. Sekerlik. Soos dit was in die dae van Noag, hier staan ons in hierdie dag.

258 Nou, hoe wetenskap kon sê: "Reën van *daar* af kom?" Maar, julle sien, God het geweet hoe om reën van daar af te bring. Hy het óf 'n aardbewing veroorsaak, of iemand het atoomkrag gehad, dat hulle dit gegooi het en 'n deel van die aarde gebars het. En dit het die aarde terug laat swaai, dit uit sy wentelbaan gegooi, en nou leun dit terug. En toe hulle dit gedoen het, het die hitte van die aarde en die koue van die aarde, van die son en weg van die son, die wolk laat oorkom. Hy is Jehova—jireh. Hy kan vir Homself enigiets voorsien wat Sy Woord gesê het.

259 Nou Hy kan vir Homself 'n Kerk voorsien. Hy hoef nie vir my te hê nie. Hy hoef nie vir jou te hê nie. Nee. Hy hoef nie. Hy hoef dit nie te hê nie. Hy kan voorsien, iemand anders kan jou plek neem. "Wees versigtig dat iemand nie jou kroon neem nie." Hy hoef ons nie te—te hê nie, maar ons moet Hom hê. Jy ooit lewe, jy moet Hom hê, want Hy is die enigste Een, soos Petrus gesê het. Wanneer . . .

260 Hy het gesê: "Wil julle almal so gaan?"

Toe Hy vir hulle die Waarheid begin vertel het. Hy was 'n groot Man toe Hy al hulle siekes gesond gemaak het. O, toe Hy tekens en wonders gehad het wat Hom gevolg het, was Hy 'n groot Man. Maar toe Hy hulle die Waarheid begin vertel, wat het toe gebeur? Toe: "Hy het 'n fanatikus geword." Hulle het weggeloop van Hom af.

Hy het omgedraai na die dissipels. Onthou, Hy was baie onafhanklik, want Hy was God. Hy het omgedraai, gesê: "Wil julle ook gaan?"

261 Petrus het gesê: "Here, na wie toe sal ons gaan? Waarnatoe sal ons gaan? Want U is die Een wat die Woorde van die Ewige Lewe het, en ons is seker hiervan." Sien? Geen onsekerheid Daaraan nie. "Ons is seker dat U die Een is wat Dit het. Ons is nie rondgegooi met elke wind van doktriene nie. Ons weet dat U die

Woorde van die Ewige Lewe het, want geen mens kan hierdie dinge doen wat U doen, behalwe as God in hom is, dis reg, met hom is nie." Nikodémus het dieselfde opmerking gesê.

262 Nou laat ons sê, dan, Noag. Was die klank onseker, waarna Noag geluister het? Nee, meneer. Dit was reg. Ons het 'n sondvloed verwoesting gehad, het die hele wêreld vernietig, en God het die water gestuur net soos Hy gesê het Hy sou. Hoekom? Is die Woord van God wat so gesê het. Wetenskap het verdrink en vergaan.

263 Kyk, die einste ding wat Noag gered het, het sy kritici doodgemaak. Het julle dit geweet? Die einste water. As daar geen water was nie, kon Noag nie gered word nie. Die ark was die een wat gedryf het. So die einste ding wat die ark laat dryf het, het die kritikus verdrink.

264 En die einste Heilige Gees vandag, waarmee mense die spot dryf, Dit sal die Kerk red en die kritikus veroordeel. Presies dieselfde ding, sien, presies dieselfde ding. Wat red, maak dood die . . . Wat die gelowige red, veroordeel die ongelowige. Dis reg. So, julle sien, hê geloof in God se Woord. Dis een ding waarop julle kan staan, en weet Dit is seker. Wat God sê is seker. Glo Dit net.

265 Nou laat ons 'n ander kêrel neem, in die dae van Moses. Nou, Moses het probeer deur opvoedkundige program, hy het probeer deur militêre programme, om Israel te verlos, omdat hy geweet het hy was gebore om dit te doen. En dit was die uur vir hom om dit te doen. Maar hy het sy eie manier probeer, sy opvoeding, en sy groot gemeenskap gevorm, of iets anders, 'n militêre voorstel daarvan gemaak. Met sy eie standaarde, het hy gefaal. Nou luister aandagtig.

266 Maar eendag, het God hom beetgekry, by 'n brandende bos. En kyk hoe—hoe onredelik het God daardie man behandel. Nou, God het hom opgetrek na 'n brandende bos, en Hy het met hom gepraat. Nou, God het nooit tevore met hom gepraat nie, hy het dit net uit 'n boek geleer. So, God het met hom gepraat.

267 Dis waarom Noag geweet het waarvan hy praat. God het met hom gepraat. Dis hoe hy geweet het. Hy het Dit by God gehoor. Sien? En nou eendag toe geen . . .

268 Moses, opgelei, blinkgevryf, o, goeiste, was hy 'n geleerde! Goeiste! En was hy 'n militêre man! En hy het gedink: "Met al my geleerdheid . . . Ek het 'n PhD, 'n DDD, 'n dubbel LD, en al die DD's waaraan gedink kan word. Maar, nou, sekerlik sal ek weet hoe om dit te doen, want ek's die—ek's die verstand van Egipte."

269 Ek gee nie om waarvan jy die verstand is nie, dit beteken niks, wanneer dit kom by God s'n nie. Dis dwaasheid. Jou verstand is dwaasheid, vir God. Sien? "Want, My weë is hoër as julle weë, en My gedagtes is hoër as julle gedagtes, sê God." Sien? So, julle beste verstand . . .

270 Soos Paulus gesê het: "Ek kom nie na julle, en preek aan julle woorde met betowende woorde nie, soos die wysheid doen nie. Want, as ek dit gedoen het, sou julle hoop gebou wees. . . " Nou, Paulus kon dit doen, want hy was 'n slim man. Hy het gesê: "Ek kon dit doen. Maar, wat was dit, julle sou staatmaak op die filosofie van die mens. Maar ek kom na julle, in die krag en die opstanding, met die Heilige Gees, dat julle geloof in God sou wees." Daar het julle dit. Want, dis 'n onseker klank, is die ander een. Maar *Hierdie* is seker, waar. Wel, toe het Noag gehad. . . Verskoon my.

271 Moses het probeer, met 'n onseker klank, sy standaarde. Sy geleerdheid, dit was onseker. Maar eendag het hy 'n seker Klank gehoor. O! Nou voel ek godsdienstig. Ja. Hy het 'n seker klank gehoor, want hy het 'n Lig in 'n bos sien hang. "Trek jou skoene uit, waar jy staan, want dis heilige grond." Hy het gesê: "Ek het die uitroepe van My volk gehoor, en Ek het My Woord onthou." Amen. Niks onseker daaromtrent nie. "Ek onthou wat Ek vir Isak, en Jakob, en Abraham, en hulle almal gesê het. Ek onthou My beloftes. Ek vergeet hulle nie. Ek sien die uitroepe van daardie volk, en die tyd is op hande. Ek gaan jou stuur, Moses."

Moses het gesê: "Hoe kan ek ooit teruggaan?"

272 Luister. "Sekerlik sal Ek met jou wees." Niks onseker daaromtrent nie.

273 "Soos Ek met Moses was, so sal Ek met jou wees." Sien? "En Ek sal met jou wees." Daar's niks onseker daaraan nie. "Ek sal met jou wees."

Hy het vir Josua gesê, jare daarna: "Soos Ek met Moses was, so sal Ek met jou wees."

"Hoe gaan ek daardie groot ommuurde stede inneem?"

274 "Dis nie vir jou om uit te dink nie. Ek was met Moses. Ek sal met jou wees. En oral waar jou voet trap, is besitting. Hou net aan loop. Sien? Niks gaan voor jou staan, al die dae van jou lewe nie." Niks onseker daaromtrent nie. "Ek sal met jou wees."

"Sekerlik sal Ek met jou wees," het God vir Moses gesê.

275 Nou ek wil hê julle moet oplet wanneer 'n man die Stem van God hoor, persoonlik die Woord van God hoor. Nou, jy kan Dit hoor. Jy sê: "Wel, God moet kom om my te ontmoet." Ja, meneer. Ek kon hier sit en preek tot—tot ek dood neerval in die preekstoel, tien, twintig, dertig, vyftig jaar van nou af, jy sal Dit nooit hoor tot God die Woord aan jou openbaar nie. Jy kan reg in jou sitplek sit. Jy hoef nie by 'n brandende bos te wees nie. Miskien is jy nader as wat jy dink jy is. Sit net daar en laat God met jou praat, in die Woord.

276 "Ek moet ophou met hierdie soort lewe wat ek lewe. Ek moet reg wees." Dis God, God in Sy Woord, wat Homself bekend maak aan jou. "Ek behoort my lewe reg te maak met God." Dis God.

Dis God, sekerlik. "Ek moet een of ander dag sterf." Sekerlik gaan jy sterf. "Ek moet antwoord by die Oordeel." Sekerlik gaan jy antwoord by die Oordeel.

277 Dan waar is jou oordeel, oorkant by die Troon waar jy geen genade het nie, of hier by die Troon waar jy kan genade kry. Nou, jy's die keuse. Daar's 'n boom, soos in tuin van Eden, een van Lewe en een van dood. Stel Dit uit, tot Daar, sterf jy. Neem Dit nou, en jy lewe. Nou jy's die regter, sien, jy's die een wat moet. Jy's die regter nou, maar Hy's die Regter dan. Jy's nou regter, of jy Dit wil hê of nie. Hy's die Regter dan, of jy Dit ontvang het of nie. So jy moet net jou besluit neem, wat jy wil doen, maar dit hang van jou af. Elke mens, soos Adam en Eva, die regte en verkeerde voor elke persoon gestel, en jy moet jou besluit neem.

"Sekerlik sal Ek met jou wees."

278 "Hoe sou ek ooit teruggaan en vir my baas vertel dat ek gered is en gevul is met die Heilige Gees?"

"Sekerlik sal Ek met jou wees."

279 "Hoe gaan ek ooit my man vertel dat ek gaan ophou met my gemeenheid? Hoe gaan ek ooit in staat wees om dit te doen?"

"Sekerlik sal Ek met jou wees."

280 Hoe kan ek my vrou vertel, dat ek—ek verkeerd gelewe het, ek dinge verkeerd gedoen het? Hoe kan ek dit ooit doen? Hoe kan ek ooit weer voor my familie staan? Hoe sal hulle my ooit glo, wanneer—wanneer hulle weet dat ek gevloek het en aangegaan het, en die dinge gedoen het wat ek gedoen het, en teruggaan en hulle vertel 'ek's 'n Christen'?"

"Sekerlik sal Ek met jou wees," het God gesê.

281 Dit sal jou dinge laat doen wat jy nie sou dink nie. Kyk na Moses, hoe radikaal dit hom laat optree het. Wat het hy gedoen, daardie man, tagtig jaar oud?

282 Julle sê: "Wel, Broer Branham, ek—ek raak 'n middeljarige man, 'n ou man. Of . . . " Ek gee nie om hoe oud jy is nie. Dit het nie een ding daarmee te doen nie. Die dag wat God jou stil genoeg kan kry om met jou te praat, en jy Sy Woord kan hoor, daardie dag praat Hy met jou, maak nie saak jou ouderdom nie. "Hoe kan ek dit ooit doen, Broer Branham?"

283 Kyk na Moses, tagtig jaar oud. Egipte het die hele wêreld oorwin. Hulle het alles gehou, al hulle militêre geheime en alles in hulle eie hand. En Moses het sy vrou op 'n klein ou muil gelaai, Gersom op haar heup gesit. En hier gaan hy, die volgende oggend, met 'n krom stok in sy hand, die wit wangbaarde wat afhang soos *hierdie*, en waarskynlik sy kaal kop wat skyn soos daardie. En hierdie ou muil wat afgaan daardeur, trek hierdie ou muil saam. Hy het geskree: "Glorie aan God! Prys die Here!"

Iemand sê: "Moses, waarheen gaan jy?"

284 "Gaan af na Egipte, om die ding oor te neem."

"Hoe belaglik!"

285 Maar wanneer 'n man met God praat, en die Stem van God in hom het, en die Woord van God in hom het! "As julle in My bly," Johannes 15. "As julle in My bly, en My Woorde in julle; kan julle vra wat julle wil en dit sal vir julle gedoen word." Sien? Niks onseker nie. Dit sal gedoen word. Dis reg. Niks onseker nie.

286 Moses: "Hoe U . . . " Moses mag vir God gesê het: "Hoe gaan ek dit doen, 'n een—man inval wees? Hoe kan ek, 'n ou man hier, tagtig jaar oud, en hoe gaan ek daar afgaan na daardie yslike groot weermag van miljoene manne, en dit oorneem?"

287 "Sekerlik sal Ek met jou wees." Dis al wat hy moes weet. Hier gaan hy. Hier gaan hy. Hy gaan ondertoe. En hy het oorgeneem, ook. Hoekom? Hy was seker dat die Klank wat hy gehoor het, reg was.

288 En die Klank wat julle vanmôre hoor, is reg, want Dis die Woord van God.

289 Die Hebreeuse kinders by die vuuroond, hoe het hulle geweet hulle sou verlos word? Hulle het gesê: "Ons God is in staat om ons te verlos." Hy het dit nooit tevore gedoen nie. "Hy is in staat om ons te verlos uit hierdie vuuroond. Maar, nietemin, ons is seker dat Hy in staat is." Geen onsekerheid daaraan nie. "Ons ken net Sy wil, maar, steeds, sal ons nie buig voor jou beeld nie."

290 "Ons gaan nie uit na daardie partytjie nie. Ons gaan nie daardie sigarette rook nie. Ons gaan nie daardie alkohol drink nie. Ons gaan nie daardie leuens vertel nie. Ons gaan nie owerspel pleeg nie. Ons gaan nie meer ons vroue verkul, ons mans meer nie. Ons is seker, God kan ons verlos."

291 "Wel, as julle dit doen, gaan hulle julle uitgooi uit die bunkospel. Hulle sal julle uit die kaartpartytjie gooi, dameswelsyn."

"Ek gee nie om wat hulle met my doen nie. God is in staat om my te verlos."

292 "Weet jy wat hulle gaan doen? Hulle sal jou outyds noem. Laat jou hare weer uitgroei, as jy dit doen. Hulle dra daardie lang klere, en tree op soos 'n dame. Weet jy wat hulle gaan doen? Hulle gaan jou outyds noem."

293 "Ek gee nie om wat hulle doen nie. Maar God is in staat om my te verlos, en dis die ding wat ek nastreef vandag. God is in staat om my te verlos. Dis al."

294 "Wel, as jy nie kortbroek dra hierdie volgende somer nie, wat gaan Susie sê?"

295 "Ek gee nie om wat Susie sê nie. Ek wil weet wat God sê. Want, Susie het 'n onseker klank. Maar God s'n is reg. Dis 'n seker Klank." So, Hy het hulle verlos.

296 Hoe seker was Abraham, na vyf—en—twintig jaar se wag, vir 'n baba wat God vir hom gesê het dat hy sou hê? Kan julle jul voorstel, Abraham, 'n ou man, goeie reputasie onder die mense? En eendag, het God met hom gepraat, gesê: "Abraham, Ek gaan jou 'n 'vader van nasies' maak, gaan jou naam verander nou, en jou Abraham noem, van Abram na Abraham. En Ek gaan noem, van Sarai (S—a—r—r—a) na S—a—r—r—a—h 'prinses,' en Ek gaan haar naam verander. En nou's julle albei . . . Laat ons sien, Abraham, jy's vyf—en—sewentig en sy's vyf—en—sestig. Jy het saam met haar gelewe vandaar sy omtrent sestien, sewentien jaar oud was, want sy's jou halfsuster. En jy het saam met haar geleef al hierdie tyd. Jy het met haar getrou toe sy net 'n klein meisietjie was, en tog het jy geen kinders gehad nie. Maar Ek—Ek gaan dit doen. Uh—huh. Ek gaan vir jou 'n baba gee. En glo jy My, Abraham?"

"Ja, Here, ek glo U."

"Wel, nou, hulle—hulle gaan sê jy's 'mal.'"

"O, dis alles reg, Here. Dis goed."

"Jy vertel vir hulle jy gaan 'n baba hê."

297 Wel, hy gaan rond en gryp Sara, en sê: "Skat, weet jy wat? Ons gaan 'n baba hê."

"Wat? 'n Baba?"

"Ja."

"Hoe weet jy?"

"God het so gesê."

298 "Amen. Dis reg, dan, skat, ons gaan dit hê. Wel, nou, weet jy wat gaan ek doen? Gee jy vir my 'n bietjie geld. Ek gaan af, 'n paar skoentjies koop. Ek gaan 'n bietjie doekies en 'n paar spelde kry. En ons gaan gereedmaak vir hierdie baba, sien, want dit kom binnekort. Ja, meneer." So af na die winkel het sy gegaan.

299 En ek hoor hulle afgaan na die dokter, en sê: "Dokter, weet jy wat? Wil hê jy moet gereedmaak oorkant by die hospitaal. Ons gaan 'n baba kry."

300 "Uh, uh, uh, uh, uh! Huh! Uh, jy, wat het jy gesê is jou naam?"

"Abraham."

301 "Uh—huh." Ja. Ja, meneer. "Verskoon my. Ek's haastig vandag, jy sien."

302 Gaan terug, sê: "Haai, julle beter die owerhede uitstuur, daardie ou man se verstand toets. Tog, hy's vyf—en—sewentig jaar oud, en daardie ou vrou wat daarbuite sit met 'n klein tjalie oor haar skouer, soos 'n klein oumatjie, en gesê sy gaan 'n baba hê. Tog, is daardie—is daardie nie die seun van Tera daaronder nie, wat afgekom het van bo in Sínear, daarbo by die toring nie? Is dit nie—is dit nie dat die . . . Is dit nie sy seun nie?"

"Ja."

303 "Wel, die arme ou kêrel het buite in te veel son gekom. Hy het sonsteek. Hy's 'n bietjie mal. Sien? Ja." Maar dis 'n onseker klank.

Maar Abraham het 'n seker Klank gehad: "God het so gesê."

304 "Wel," het die owerhede gesê: "Hy was 'n getroue ou man. Ek weet van baie keer, wat hy vir die weduwees goed gegee het. En hy gee goed. Hulle—hulle. . . En sy is baie gaaf. Ek wil hulle nie opsluit, of iets nie. Moenie laat ons hulle daarbuite teen die boom sit, in daardie boeie en dinge soos daardie nie, hulle sou erger wees. Ek sê julle, ons sal net 'n oog oor hulle hou, julle weet." En hulle het hulle bly dophou. "Uh—huh? Uh—huh?" Wat 'n onseker klank!

305 Maar Abraham het geweet daardie Klank was seker. So hy het gesê, eerste maand het verbygegaan: "Hoe voel jy, skat, enige verskil?" Nou onthou, julle dames; die agt—en—twintig dae, sy was lankal daarby verby, omtrent veertig jaar oud. En hier was sy, vyf—en—sestig. "Hoe voel jy, skat?"

"Wel, skat, daar's geen verskil nie."

306 "Glorie aan God, ons gaan dit hê, in elk geval." Niks onseker nie. "Seker. Ek's positief. Ja, meneer. Ek is seker ons gaan dit hê."

"Hoe weet jy, Abraham, gaan dit hê?"

"God het so gesê. Gaan dit hê, in elk geval."

307 Wel, tweede maand, derde maand, eerste jaar: "Voel enigsins anders, skat?"

"Nee."

"Nog niks gebeur nie?"

"Nee. Nee."

"Wel, glorie aan God! Gaan dit hê, in elk geval."

308 "Abraham, ek het gehoor jy het gesê jy gaan 'n baba hê. Hee—hee! Hee—hee!" Dis 'n onseker klank. Sien?

309 Maar Abraham het klaar 'n ander Klank gehoor wat daardie alles uitgedoof het. "Glorie aan God. Ek gee nie om hoe lank ek wag nie. Gaan dit hê, in elk geval."

"Hoe weet jy, Abraham?"

"God het so gesê."

"Nou, Hy, het God afgekom en met jou gepraat?"

"Ja."

"Hoe weet jy? Laat ek Hom hoor?"

310 "Hy het my gepraat, nie met jou nie. Wel, gaan aan." Gesê: "Gaan aan, jou ou ongelowige. Jy glo in elk geval nie. Ek glo Hom, sien, so bly net voortgaan." Dis reg. "Gaan 'n baba hê, in elk geval." Vyf—en—twintig jaar het verbygegaan.

311 Maar voor daardie tyd aangebreek het, het hulle getee—hee en gelag. God het gesê: "Weet jy wat? Ek gaan jou net wegneem van hulle. Pak al jou klere en dinge op, maak gereed. Gaan uit, sonder jouself af van daardie klomp ongelowiges. Ek gaan vir jou 'n klein kerkie hier oorkant gee, 'n paar mense wat jou sal glo. Kom weg van daardie ou koue formele denominasie. Kom hier uit. Wandel saam met My, alleen." God het hom nooit geseën totdat hy dit heeltemal gedoen het nie, homself afgesonder het van al die ongeloof nie.

312 En Hy sal jou nooit seën totdat jy dieselde doen nie. Neem al daardie ou bygelowe weg van jou, en: "Miskien is Dit so, en miskien is Dit nie."

As jy kom om voor gebid te word, vanmôre, kom jy met 'n ware geloof: "God het so gesê, en dit handel dit af." Dis reg. "God het so gesê." Dis al wat daaraan is. "God het so gesê." Hy het dit gesê, en dit—dit handel dit af. Moenie verder oor stry, oor dink nie. Goed.

313 Nou, na vyf—en—twintig jaar, en Abraham het nou 'n ou man geword. Hy was 'n honderd jaar oud. En Sara was negentig jaar oud. Nou dink daaraan, klein oumatjie, 'n klein tjalie oor haar skouer, 'n klein stofkappie. En oupa, julle weet, soos *hierdie*. "En hoe voel jy, skat?"

"Niks anders nie."

"Gaan dit hê, in elk geval. Glorie aan God!"

314 Eendag het hy gekyk, en hier kom drie Mans nadergeloop. Hulle het gaan sit. Twee van hulle het afgegaan na Sodom, om te preek.

315 Hy het gesê: "Abraham, waar is jou vrou, Sara?" O, goeiste! Sjoe! Nou onthou, Jesus het gesê dit sou weer plaasvind, julle weet, daardie selfde Engel.

Hy het herken hulle was Engele. Sien? Hy het daardie Klank gehoor. Toe hy daardie Man hoor praat, was daar iets daaromtrent wat hy herken het, dat daardie dieselfde Stem was. Sien? Hy het geweet daardie was dieselfde Een.

316 Hy het gesê: "Sara?" Ingeglip, gesê: "Skat, glip baie gou uit buitentoe, en stof die vuurherd baie vinnig af, en rol 'n bietjie uit, knie 'n bietjie, neem die wig en sit dit in die ou sif." Onthou julle hulle? "Sif 'n bietjie meel uit."

317 Hoeveel, julle Kentuckiërs, onthou dit? Wel, goeiste, julle behoort te. Ek het moeder daardie ou ding sien neem en slaan: "bang, bang, bang," en dit vryf, en die vryf, en "bang, bang, bang," die meel uitskud, om vir ons 'n paar roosterkoeke te maak. En kook dan daardie ou vleisvelle uit, in die braaipan, julle weet, of broodpan, en sit die vet daarin. En swartoog ertjies en raapgroente, baie goeie maaltyd. So toe, toe die appelsap hard geword het en asyn gemaak het, julle weet; en al die muf daarvan

afgehaal het, 'n klein bietjie asyn daarop gesit. Dis goed. So toe—toe . . .

318 Ek sien Sara hierdie roosterkoek bak, buite op hierdie klip, soort van. Abraham het uitgegaan, en gevoel om te sien waar hy 'n klein, vet kalf kon kry; en dit doodgemaak, en ingebring, en dit berei.

319 Daar uitgegaan, gesê: "Daar's iets omtrent daardie Man. Ek het daardie Stem vantevore gehoor. Ek weet Sy klere is heeltemal vol stof, en dinge. Hy sit daar, vryf Sy gesig, en kyk rond soos hierdie. Maar ek sê jou, ek ken daardie Stem, want dis nie 'n onseker klank nie. Want, ek het dit gehoor, vyf—en—twintig jaar gelede. En, skat, ons het al hierdie tyd vertrou, om te glo. En daar's iets omtrent daardie Man. Ek weet nie hoekom nie, maar daar's iets omtrent Hom, glo ek." Goed.

320 So toe hy uitgegaan het, en hy die vliegbos gekry het en al die vlieë weggewaai het, julle weet, en daar gesit terwyl Hulle eet. So toe, na 'n tydjie, het twee van Hulle begin afkyk na Sodom. En Hulle het afgegaan soontoe, 'n moderne prediker het afgegaan soontoe om toe die Evangelie te preek.

321 So Abraham het daar gesit saam met hierdie Man, en Hy het Sy rug gedraai gehad na die tent. Hy het gesê: "Abraham, waar is jou vrou, Sara?"

Gesê: "Sy's in die tent, agter U."

322 Gesê: "Volgens die tyd van die lewe, gaan Ek jou besoek volgens die belofte wat Ek aan jou gemaak het." Hy het toe geweet daardie Klank was seker.

323 Wat het gebeur? Onmiddellik nadat die Engel vertrek het, het Sara 'n jong vrou geword, pragtig, reguit teruggeskud, gewys wat Hy gaan doen met elke Saad van Abraham. Daardie ou ouma het 'n jong vrou geword. En Abraham, die boggel het uit sy rug gegaan, en die wit baard het weggegaan, en hy was weer 'n jong man.

324 En hulle het 'n klein reis onderneem, driehonderd myl, af na Gerar. En toe hulle daaronder kom, het Abiméleg, die koning van die Filistyne daaronder, gesoek vir 'n vrou. En hy het oral rondgekyk, daardie mooi Filistynse vroue. Wat, hulle is mooi. En so het hy daar rondgekyk, al daardie Filistynse vroue gesien, gesê: "Ek kan net nie een kies, om een of ander rede nie. Ek net . . . " Eendag het hy klein Sara sien afkom nou, 'n honderd jaar oud, klein oumatjie. Hy het gesê: "Dis die een waarvoor ek gewag het. Daar is sy. Dis sy." So, hy het haar geneem, en sou met haar trou.

325 En God het aan hom verskyn, in 'n droom, gesê: "Neem jy haar?" Gesê: "Dis my profeet se vrou." Gesê: "Jy's so goed soos 'n dooie man."

Gesê: "Here, U ken die opregtheid."

326 Geen onsekerheid daaromtrent nie. Hy het gesê: "Jy neem hom terug. Ek sal nie enige gebed hoor wat jy vir My sê nie. Ek sal niks daarvan hoor nie. Want, hy's 'n profeet, en jy neem haar terug en herstel haar. Want, Ek . . ." Hy het 'n bietjie geld nodig gehad, dis waarom dit alles gebeur het. So, hulle het bietjie geld nodig gehad. "So gaan jy uit daar en herstel haar, sy vrou terug na hom. As jy dit nie doen nie, is jy so goed soos 'n dooie man." Daar's niks onseker daaromtrent nie, want God het elke skoot van alles toegemaak van alles wat hy gehad het. Presies reg.

327 Hy het daar uitgegaan, en gesê: "Abraham, hoekom het jy dit gedoen?"

328 Gesê: "Tog, sy is my suster, soos ek u gesê het sy was. Maar," gesê: "sy het my vrou geword."

329 Toe, voortgegaan. Nou wat was hy? Toe, toe die klein babatjie gebore is, na al hierdie jare, toe hulle terug verander is. God het gesê, eendag, gesê: "Neem hom bo—op 'n berg, sny sy keel af." O, goeiste!

330 Génesis 22, hy het hierdie klein babatjie daar na bo geneem. En vir klein Isak geneem, o, was nie 'n babatjie nie, hy was omtrent veertien jaar oud, sy krulletjies teruggesit soos *daardie*. En die mes uitgehaal, daardie ou bewende hand van daardie ou vader; sonder twyfel, hard gesluk, terug gesluk, julle weet. "My enigste seun. Ek het al hierdie jare gewag. Goeiste! Ek het nooit 'n seun gehad nie. Kyk na hom. Kyk na hom. Hier, hy's my enigste seun, arme klein kêreltjie. Maar, God, U het vir my gesê om dit te doen. Ek weet om U Woord te vertrou. Ek weet nie hoe U dit gaan doen nie. Maar, Here, U het hom vir my gegee, soos een uit die dode."

331 Nou as julle daardie wil neerskryf, Hebreërs 11:17 tot 19. Laat ons net soontoe blaai, en dan sal ons dit net kry. Hebreërs 11, sewe— . . . tot 19. Ons maak gereed om af te sluit, net binne 'n minuut. 11:17; goed.

> *Deur die geloof het Abraham, toe hy op die proef gestel is, Isak geoffer: ja, hy wat die* belofte *ontvang . . . wat die* belofte *ontvang het, het sy eniggeborene geoffer,*
>
> *van wie gesê is: In Isak sal jou nageslag genoem word want hy het gereken dat God mag het om selfs uit die dode op te wek;*
>
> *Daaruit . . .* (Die 19de vers.)
>
> *Daaruit het hy hom ook, om so te spreek, terug ontvang.*

332 Abraham het gesê: "Here, as u neem . . . Destyds toe ek onvrugbaar was, het ek niks gehad nie. Ek was 'n sondaar, en U het my iets gemaak. U het vir my 'n belofte gemaak. En hier is dit, U het my hierdie seun gegee. En ek het vyf—en—twintig jaar vir hom gewag om te kom. En nou, veertien jaar later, tog, hier

is hy, 'n jong man, net die trots van sy moeder se hart. Ek het hom uitgeglip uit die huis. Hou . . . Moeder sou dit nie verstaan nie. Maar ek verstaan U, Here, ek weet dat U Stem waar is. Nou het U my gesê om hom op te offer, om hom dood te maak. En U het my vertel, dat, deur my, my, ek die vader van baie nasies sou wees. Deur hierdie seun, dat U hierdie seun sou neem, en deur hom . . . Toe U die belofte aan my gemaak het, en daardie stukke vleis uitmekaar gesny het, daardie dag, en daardie klein wit Lig tussen hulle deurgegaan het, het U 'n belofte aan my gemaak, dat, volgens hierdie kind hier, dat U U Eie Seun sou oprig. Amen. U sou U Eie Seun bring. Deur die saad van my seun, sou U U Seun bring, en Hy sou alle nasie red. Ek weet nie hoe U dit gaan doen nie, Here. Dis nie my besigheid nie. Maar ek ken die sekerheid daarvan. Ek ken die sekerheid van U belofte, en ek is oortuig dat ek hom ontvang het soos een uit die dode. En ek is ten volle oortuig dat U in staat is om hom uit die dode op te wek. As ek hom doodmaak, kan U hom weer opwek. Ek sal U Woord neem, Here."

333 Die mes uitgetrek. Gesê: "Totsiens, Isak." Hom gesoen. Teruggetrek.

334 En toe het God gesê: "Wag 'n oomblik, Abraham. Wag 'n oomblik. Ek weet jy glo My. Ek weet jy het My lief. Stop jou hand."

335 Omtrent daardie tyd, het hy iets agter hom gehoor. Gekyk, en daar was 'n ram gehaak in die bosse agter hom. Waar het daardie ram vandaan gekom? Waar het dit vandaan gekom? Hy was 'n honderd myl van die beskawing, agter in die wildernis waar daar leeus, wolwe, jakkalse, en al daardie dinge is soos daardie, wat skape doodmaak. En dan was hy ver bo bo—op die berg, waar daar geen water of enigiets anders daarbo is vir die skaap om van te lewe nie. En dit was nie daar, 'n minuut tevore nie. Teruggekyk, en daar was dit, die volgende oomblik, daar. Jehova—jireh! God het gesê . . .

336 Abraham het opgekyk, gesê: "U is Jehova—jireh." Wat beteken *Jehova—jireh*? "U kan enigiets voorsien wat U sê. As U so gesê het, dit handel dit af. U is in staat om dit te maak."

337 Wat het hy gedoen? Hy het dieselfde klank gehoor wat Noag gehoor het. Wanneer: "Hoe gaan Hy die water daarbo in die lug kry?"

338 "Ek weet nie. Maar, Hy's Jehova—jireh. Hy kan water daarbo voorsien."

339 "Hoe gaan Hy 'n man oplig van hierdie aarde en hom in die Heerlikheid inneem?" Ek kan jou nie sê nie. "Ons is swaar. Ek weeg 'n honderd—en—vyftig pond. Ek weeg tweehonderd." Ek gee nie om wat jy weeg nie. Hy's Jehova—jireh. "Hoe kom die vervoer?" Ek kan jou nie sê nie, maar Hy sal die vervoer daar hê wanneer daardie tyd aanbreek.

Sê dit ter wille van my gekleurde vriende wat hier sit, vanmôre. Onder in die Suide was daar 'n ou gekleurde man wat 'n Bybel rondgedra het. Hy het gesê. . . En sy baas wat met hom spot, omdat hy gesê het hy het 'n godsdiens van die hart gehad. Hy het gesê: "Daar's glad nie so 'n ding soos 'n godsdiens van die hart nie."

Hy het gesê: "Baas, daar's een ding wat jy kortkom." Gesê: "Glad nie so 'n ding soos 'n godsdiens van die hart, sover jy weet nie." Sien? Maar hy het anders geweet.

Gesê: "Wat doen jy met daardie Bybel? Jy kan nie lees nie."

340 Gesê: "Ek glo Dit." Gesê: "Ek glo Dit, van "kiver" tot "kiver," [Buiteblad tot buiteblad.—Vert.] En ek glo die "kiver," ook. Want," het hy gesê: "want Dit het 'heilige Bybel' Daarop geskryf."

Gesê: "Ek neem aan jy glo al daardie stories Daar?"

341 Gesê: "Ja, meneer." Gesê: "Ek glo alles wat God gesê het. En alles wat God vir my vertel, glo ek."

342 Hy het gesê: "Nou, nou luister, Sambo, jy kan nie dit doen nie." Gesê: "Nou wat as God vir jou sê om deur daardie klipmuur daar te spring, sou jy dit doen?"

Hy het gesê: "Ja, meneer. Ek sal regdeur daardie klipmuur spring."

343 Hy het gesê: "Hoe gaan jy deur daardie klipmuur kom, met geen gat daarin nie?"

344 Gesê: "As God vir my sê 'spring,' sou Hy 'n gat hê wanneer ek daar kom." So dis net omtrent reg. Dis reg.

345 God sal Sy Woord hou. Geen onsekerheid daaromtrent nie. Wanneer die Basuin van God in jou ore blaas, die Evangelie Basuin, is dit seker. Amen. Bly reg daarby. O, o, Dis seker!

346 Hoekom al hierdie mense nou. . . En ons raak verby tyd; nog net een opmerking, of twee Skrifte hier, wat ek neergeskryf het, dink ek. Hoekom het al hierdie mense dit gedoen? Omdat hulle die Stem van God gehoor het. Nou, baie vinnig nou, om klaar te maak, binne omtrent drie of vier minute.

347 Jesus, toe Hy op aarde was, het Hy gesê: "Ek het mag om My lewe neer te lê. Ek het mag om dit weer op te neem." Nou, daar was niks onseker daaromtrent nie. "Ek het." Nie: "Ek sal hê nie." Maar: "Ek het," nou. "Ek het mag om My lewe neer te lê. Ek het mag om dit weer op te neem." Goed.

348 Martha, nadat sy haar broer, Lasarus, verloor het, het sy Hom hoor sê: "Ek sal gaan en hom wakker maak." Gesê: "Waar het julle hom begrawe?" Nou Hy. . .

349 Sy het gestuur, gesê: "Jesus, kom maak my broer gesond. Hy is siek." Jesus het nooit enige aandag daaraan geskenk nie;

en aangegaan. Sy het weer gestuur, sy en Maria. En hulle het aangegaan, Hy het nooit enige aandag daaraan geskenk nie.

350 Toe, na 'n tyd, het Lasarus gesterf, hom in die graf gesit. Hy het gestink, daarbinne gelê vir vier dae. Neus het klaar ingeval; wurms in hom, alle, toegedraai in hierdie doeke en dinge. 'n Rots bo—oor die graf gelê, soos hulle die dooies begrawe in die ooste. Jy het net 'n gat, lê dan 'n klip bo—oor dit. Dit was die graf.

351 So hulle het gesê, en eerste ding waarvan jy weet, gesê: "Jesus kom." En so het Martha haar tjalie aangetrek, en sy het met die straat afgegaan, hierdie jong, pragtige meisie. Sy het afgehardloop soontoe. Sy het gesê: "Here." Kyk na daardie benadering. Sy het 'n Klank gehoor, eendag, en Dit was seker. Sy het geweet dat daar iets omtrent Hom is. Sy het gesê . . .

352 Nou wat as sy gegaan het en gesê het: "Ons het uit ons denominasie gegaan omdat U daarteen gepreek het. En ons het dit alles gedoen omdat U *so—en—so* gemaak het. En ons het in U geglo. Nou het almal—het almal hulle mond vol van ons. Almal sê: 'Waar's julle "holy—roller" Pastoor nou? Sien? Iets is in nood. Waar is Hy? Hy het weggehardloop. Sien? Waar is Hy? Waar is daardie Goddelike genesers?'"

353 Onthou dit was gesê by jou, Broer Wright, daaronder, by jou kerk van Christus predikers en hulle. Ja, meneer.

354 "Waar is hulle? Waar? Wat alles hiervan? Wat daarvan nou, sien?"

355 So naderhand, gelyk asof sy 'n reg gehad het om Hom uit te skel en iets vir Hom te sê, sê: "Hoekom het U nie gekom toe ek geroep het nie?" Maar, sien, dis nie die manier om God te benader nie.

356 Moenie bevraagteken nie. Weet die Klank is seker. Reguit opgeloop, sê: "Ja, Here."

357 "Here, as—as hulle hande lê op my, hoe weet ek ek gaan gesond word?" Dit het niks met jou te doen nie. Sien?

358 Enigste ding vir jou om te doen, is net om daardie seker Klank te ken, dat: "God so gesê het." Glo Dit en gaan aan. God het so gesê. Sien? Ja, meneer. Dis God se Woord.

359 Nou, toe, eerste ding wat jy weet, wel, het klein ou Marthatjie daar uitgehardloop gekom. En sy het gesê: "Here." O, ek hou daarvan! Sien, sy het Hom betitel wat Hy was. Hy was haar Here. "As U hier was, sou my broer nie gesterf het nie." Sien? Gesê: "Selfs nou, wat U ook al van God vra, sal God vir U gee." Niks onseker daaromtrent nie. Nee. Sien? Sien?

360 Dis wanneer twee positiewe ontmoet. Sien? Dis wanneer twee almagtiges ontmoet. Sien? Wanneer, een almagtige wat sy gehad het, sy het perfekte almagtige geloof in Christus gehad; en Christus was almagtig. Sien? Sy het perfekte, oneindige geloof in Christus gehad, dat Hy die Here was; en geweet, wat Hy ook al

God gevra het, God dit vir Hom sou gee. Ander woorde, sy het gesê: "Spreek U net die Woord, dis al wat U hoef te doen. Wat u ook al vir God vra, dit sal God vir U gee." Dis al—. . . Dis—dis almagtig, alkragtig. Want Hy het net so gesê. Sien? Goed, en Hy was alkragtig. Dis wanneer twee magte, twee almagtige magte, mekaar ontmoet. Dan is dit 'n kontak.

361 Wanneer 'n lyn hier 'n honderd—en—vyftig volts *bevat*, en *hierdie* een het 'n honderd—en—vyftig volts; wanneer hulle bymekaar kom, het jy 'n honderd—en—vyftig volts, na beide kante toe. Sien?

362 En wanneer jy Almag het. Toe Jesus gesê het: "Lê hande op die siekes, hulle sal gesond word," en jy het die hoogste geloof dat daardie die Waarheid is; het jy 'n allerhoogste God nodig wat 'n hoogste belofte gemaak het en 'n hoogste resultaat sal kom. Amen. Dis reg. Sien?

363 Nou hou haar dop. Sy kom, sy het gesê: "Here, as U hier was, sou my broer nie gesterf het nie. Maar selfs nou, wat U ook al van God vra, dit sal God vir U gee."

Hy het gesê: "Jou broer sal weer opstaan."

364 Sy het gesê: "Waarlik, Here, hy sal opstaan in die laaste—die laaste dae." Hoekom? Sy het die Woord gehoor. Sy het geweet dit was 'n seker Klank. "Sekerlik, Here, Hy sal opstaan in die laaste dae. Hy was 'n goeie seun. Hy sal opkom in die algemene opstanding, in die laaste dag."

365 Jesus het gesê: "Ek Is." Niks onseker daaromtrent nie. "Ek is die beide, opstanding en Lewe." Huh! Sjoe! "Ek is die opstanding en die Lewe. Hy wat in My glo, hoewel hy dood was, tog sal hy lewe. Wie ook al lewe en in My glo, sal nooit sterwe nie." Niks onseker daaromtrent nie. "Glo jy dit?"

366 Sy het gesê: "Ja, Here. Ek glo dat U presies is wat U gesê het U is. U is die Seun van God wat in die wêreld ingekom het om ons te red. En ek glo dat wat U ook al doen of sê, net perfek is. Daar's glad geen onsekerheid omtrent U nie."

"Waar het julle hom neergelê? Ek sal gaan en hom wakker maak."

367 Nou nie—nie: "Ek sal gaan en kyk of Ek kan, Ek sal gaan en probeer, Ek sal gaan en kyk wat Ek kan doen daaromtrent," nie. Nee, niks onseker nie. "Ek sal gaan en hom wakker maak."

368 Hoekom? Die Vader het Hom vertel, en Hy het die belofte van God gehad, wat waar was. Hy het die belofte van God gehad. Want, Hy het gesê, in Johannes 5:19, dat: "Die Seun kan niks in Homself doen nie, behalwe wat Hy die Vader sien doen." Hy het alreeds die visioen gehad van wat God sou doen, so Hy het dit positief gehad. Geen on—. . .

369 "Ek sal nie gaan probeer nie. Ek gaan dit doen." Amen, amen, amen. O, ek wens ek kon net Daardie neem, soos 'n kurktrekker,

en Dit in elke persoon indraai. Sien, nie "Ek sal gaan probeer, Ek sal gaan kyk of Ek kan," nie: "Ek sal. Ek sal gaan en hom wakker maak. Ek sal nie gaan probeer nie. Ek sal dit gaan doen. Ek sal gaan en hom wakker maak," en Hy het. O, goeiste! Niks onseker nie. Nee, nee. "Ek sal nie probeer nie. Ek het die belofte."

370 En—en—en toe Hy nou weg is, het Hy ons nie verlaat en gesê nie: "Wel, Ek sê julle wat. Gaan julle almal in die hele wêreld in en organiseer groot organisasie. En, o, julle gaan 'n paar honderd van hulle hê, maar hulle sal in die haak wees." Nou, dit sou onseker wees. Dis wat die mens gedoen het.

371 Maar hier is wat Hy gesê het voor Hy weg is, om seker te maak dat ons nie mislei sou word nie. Hy het gesê: "'n Klein tydjie, en die wêreld sien My nie meer nie. Dis die ongelowiges, daardie mense is heeltemal vol gestop met ongeloof, hulle sal My nie meer sien nie. Tog sal julle My sien, want Ek, Ek, Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot die einde van die wêreld."

372 Johannes 14:12, het Hy gesê: "En die werke wat Ek doen sal julle ook doen, en groter werke as hierdie sal julle doen, meer daarvan." Die woord daar, absoluut, kyk in die Grieks, dit sê: "Meer sal julle doen." Want hoekom? Hy, God, was net in een Man. Nou, is God in Sy hele Kerk. Sien? God was in een Man toe; alle mense wat Hom nou sal glo. "Meer as hierdie sal julle doen, want Ek gaan na My Vader. Ek sal terugkeer na die Lig wat Ek was, wat die kinders van Israel deur die wildernis gelei het. Ek sal terug verander daarnatoe. En dan 'n klein tydjie, en Ek sal weer kom." Sien? Johannes 14:12: "Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen," en nou het Hy gesê: "en meer as hierdie."

373 In Markus 16, toe Hy aan die vertrek was, het Hy gesê: "Gaan julle in die hele wêreld in, en preek die Evangelie aan elke skepsel. Hy wat glo en gedoop word sal gered word; hy wat nie glo nie sal verlore gaan. En hierdie tekens sal . . . " Miskien? Nee. "Sal!" Hulle is seker.

374 "Wel, julle weet, ons glo Dit, maar, natuurlik, ons woon in 'n ander dag," sê die denominasie. Dis onseker.

375 Maar Jesus het gesê: "Hulle sal, hulle sal beslis, diegene volg wat glo." Wat sal hulle doen? "Hulle sal duiwels uitdryf; praat met nuwe tale; hande lê op die siekes, en hulle sal gesond word." O, broer!

376 Nie: "Hulle, miskien sal hulle dit doen. Hulle—hulle mag dit verander en 'n denominasie daaruit maak," nie. Nee, nee. "Hierdie teken, wel, hulle is steeds gelowiges." O, nee. Nee, nee.

377 "Hierdie tekens sal, beslis, hulle sal hulle volg." Hy is steeds dieselfde God. Hy is nie dood nie. Hoe kan die Christenkode sê dat Hy opgestaan het uit die dood, en Hom dan ontken om dieselfde gister, vandag, en vir altyd te wees?

378 Nou in Matthéüs 17. Julle almal wat dit wil neerskryf, Matthéüs 17, Matthéüs 17:2. Julle vind daar uit, op die verheerliking. Nou, as julle kry, as julle 'n Griekse leksikon het, julle daar daarna kyk, oor verheerliking. Gesê: "En Hy was verander." Ek glo dis . . . Laat my kyk of ek dit net reg het, nou, Matthéüs 17. Ek het hulle almal daarbinne.

> *En na ses dae het Jesus vir Petrus en Jakobus, en Johannes, sy broer, saamgeneem en hulle op 'n hoë berg in die . . .*
>
> *En Hy het voor hulle van gedaante verander, . . .*

379 Nou, weet julle wat die regte Grieks gesê het Hy gedoen het? In "verander" voor hulle: "Hy het Sy gedaante verander."

380 O, hoeveel tyd het ons? [Broer Neville sê: "Heeldag." Gemeente sê: "Amen. Heeldag."—Red.] Verdra net—net 'n klein—klein—klein bietjie. Ek moet dit net inkry. Iets het my net toe so hard getref, dat ek dit net moet sê. Vergewe my. Nou, die—die middagete, die boontjies sal nie brand nie. En laat dit net—net gaan. Goed.

381 Hy's steeds dieselfde. Hy het nooit verander nie. Hy's steeds dieselfde. Hebreërs 13:12 en 13, het gesê: "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Nou kyk. As ons glo dat Hy opgestaan het, dan is Hy nie dood nie. Hy's nie in die graf nie. Hy's lewendig. Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Julle glo dit, dan nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

382 Wel, wat het Hy hier gedoen, toe Hy verheerlik is? Die Grieks sê: "Hy het Sy gedaante verander." O, kyk! Kyk na die orde van die opstanding. Dit is wat my net toe getref het. Let op. Wat het eerste verskyn? Hy . . .

383 Terug hier oorkant in die volgende hoofstuk, die 16de hoofstuk, het Hy vir hulle vertel: "Sommige wat daar staan sou nie sterf voordat hulle die Koninkryk van God in Krag sien kom het nie." Met ander woorde, wat sou hulle doen? Hulle sou die voorsmaak van die Koninkryk van God sien. Hulle sou die orde van die opstanding weet en die Koms van God. Sien, in die 16de hoofstuk.

384 Nou hier gaan Hy daar na bo, en Hy, wat het gebeur, Sy gedaante is verander. Met ander woorde, Hy is geopenbaar in 'n ander manier. Volg julle my? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

385 Wat vind ons was die openbaring, nou die aand, in die apokalips, die apokalips beteken? 'n Beeldhouer, dit was hieronder uitgegrawe, iets gemaak; en dan wat hy doen, hy neem net die gordyn uit, sê: "Daar is dit."

386 Wat het Hy weer hier gedoen? Hy het Homself openbaar in 'n ander gedaante? Waarin was Hy? 'n Verheerlikte, veranderde toestand; Sy Koms, die manier waarop Hy kom, 'n verheerlikte Christus, veranderd. Sy klere het geskyn soos die son. Goeiste!

O! Hy het gestaan in die wolk; en Hy kom in die wolke van heerlikheid. Oorskadu deur 'n wolk; nie 'n klein wit donderwolk daarbo nie. Maar die wolk waarin Hy kom is 'n wolk van heerlikheid, al Sy engele saam met Hom. Halleluja! Goeiste! Dis die manier waarop Hy kom, kom in 'n wolk van heerlikheid.

387 Nou, let op, toe hulle Hom daar sien staan het. En voor dit, het daar aan Hom verskyn, Moses en Elía. Hou dop die . . .

388 Daardie, wat het Moses beteken? Moses, was, het diegene voorgestel wat gesterf het en geslaap het in die graf, want Moses het gesterf en is begrawe. Niemand weet waar hy begrawe is nie. Maar hy het diegene verteenwoordig wat aan die slaap was, toe Hy gekom het.

389 En Elía het die verheerliktes verteenwoordig wat nie nodig gehad het om te sterf nie. Sien? Daar het julle dit. Sien?

390 En Petrus, Jakobus, en Johannes; het die oorgeblewenes van Israel verteenwoordig wat daar gestaan en gesê het: "Kyk, daar is ons God Waaraan ons geglo het." Daar's jou honderd—vier—en—veertig duisend. (Waar is jy, Broer Woods? Dis reg.) Sien? Daar het jy dit. Petrus, Jakobus, en Johannes; drie, 'n getuie, om te gee wanneer Hy terugkeer.

391 Wat was die eerste ding? Die opstanding, Moses en (voegwoord) Elía het aan Hom verskyn. Sien? Die opstanding van die dooies, en diegene wat nie hoef te sterf nie, is verander, en het daar in Sy Teenwoordigheid gestaan. O, goeiste! En daar het Hy gestaan, verheerlik.

392 En daar was Petrus, Jakobus, en Johannes; die oorblyfsel van die Jode, wat gekyk het, en gesê het: "Dis Hy. Dis Hy." Dis die orde van die Koms van die Here. Sien dit? Daar is dit, die opstanding. Daar was hulle. O, is dit nie wonderlik nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

393 Nou let op, enigste ding wat Hy gedoen het, Hy het Sy masker van menslikheid afgehaal en in 'n verheerlikte toestand gegaan. Sien? Hy het Sy gedaante verander.

394 Nou, nie—nie drie mense nie, soos hulle vandag probeer sê, die denominasies nie. O, broer! Nie drie mense nie, nie drie nie. Verander! Nie drie mense nie, maar drie veranderings van dieselfde Persoon. O, goeiste! Goedheid! Eenkeer, het Hy verskyn as 'n Vader; Hy het die masker afgehaal, Hy was 'n Seun; nou haal Hy die masker van vlees af en Hy's die Heilige Gees. Nie drie gode nie; drie veranderings van dieselfde God. O, geseënd sy die Naam van die Here! Drie veranderings van dieselfde Persoon. Sien?

395 Nou, toe Hy op aarde was, was Hy die Vuurkolom, het die kinders van Israel gelei. Dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Toe het Hy vlees geword, in die Seun van God, om die dood te smaak vir die hele menslike ras, 'n versoening te maak. Glo julle

dit? ["Amen."] Nou wat is Hy vandag? Dieselfde Jesus. Dieselfde (wat?) gister, in die Vaderskap; selfde in die Seunskap; selfde hier in die vorm van die Heilige Gees, selfde Lig.

396 Paulus, op sy pad na Damaskus, is neergevel deur 'n Lig. En gesê: "Wie is U, Here?"

Gesê: "Ek's Jesus." Uh—huh. Dis reg.

397 Wat is dit? Drie kere wat Hy Sy masker afgehaal het.

398 Sy masker afgehaal, van 'n Vuurkolom af, en (wat?) 'n Man geword, om sonde weg te neem.

399 Toe Sy masker afgehaal, as 'n Man, en weer teruggegaan na 'n Gees, genaamd die Heilige Gees; die Gees van 'n Man, om terug te kom en op julle te wees, en in julle, en dieselfde werke. H'm! Sien julle dit, kerk? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Daar's niks onseker daaromtrent nie. "Die werke wat Ek doen, sal julle ook. Want Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot die einde van die voleinding," ander woorde: "die einde van die wêreld, die einde van die tyd, einde van alle dinge. Ek sal reg by julle wees, en dieselfde werke doen." Nou, daar's geen onsekerheid daaromtrent nie.

400 Maar julle hoor iemand sê: "Wel, jy moet 'n Presbiteriaan wees. Jy moet 'n Metodis wees. Jy. . . Ons Baptiste het Dit. Ons Pinksters het Dit." Dis alles verkeerd. Dis leuens. Dis onseker. Hoe kon Pinkster Dit hê, die Pinkster denominasie, wanneer daar omtrent dertig verskillende organisasies van hulle is? Watter een het Dit? Hoe kan die Metodiste Dit hê, wanneer daar Primitiewes is, en Vrye Metodiste, en Metodiste maal Metodiste maal Metodiste? En iets oor die sestig, dink ek, verskillende organisasies van die Baptiste, en soveel verskillende organisasies van Katolieke, ensovoorts. Waarby is hulle almal? Watter een is Dit? Dis onseker klank.

401 Maar wanneer julle Hom hoor: "Ek's dieselfde gister, vandag, en vir altyd," is dit 'n seker Klank.

402 So wie sal weet hoe om homself voor te berei as die basuin 'n onseker klank gee? Wat is dit? Waar kan, hoe kan hulle? Hoe kan hy dit doen, wanneer daar negehonderd verskillende organisasies is? Goed. Hulle kan dit nie doen nie.

403 Toe Hy gesê het, Handelinge 2:38: "Bekeer julle, elkeen van julle, en word gedoop in die Naam van Jesus Christus tot vergifnis van julle sondes," is daar niks onseker Daaromtrent nie: "julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang." Nie "miskien sal julle; miskien behoort julle te," nie. Maar: "Julle sal." Wanneer? Wanneer julle bekeer is. Nou, julle kan daar ingaan sonder bekering, en julle sal Dit nie kry nie. Maar wanneer julle deeglik bekeer is en glo aan die Here Jesus Christus, gaan julle Dit kry. Niks onseker nie. "Julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang." Dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

404 Toe Hy gesê het: "As hulle hul hande op die siekes lê, sal hulle gesond word. Wat julle ook al in My Naam vra, dit sal Ek doen." Niks onseker nie. Dis seker. Hierdie tekens: "Ek sal met julle wees."

405 Nou julle sê: "Wel, ons kerk glo nie in daardie soort goed nie." Wel, dis net onseker klank.

406 Die Bybel het dit gesê. Hy het gesê, Self: "Ek sal met julle wees. En die werke wat Ek eens gedoen het, sal Ek altyd in julle doen; en met julle wees, reg tot die einde van die wêreld. En diegene wat in My glo, wanneer hulle hul hande op hulle lê, as hulle siek is, sal hulle gesond word. Hulle sal." Nie "miskien sal hulle," nie.

407 "Jones het, maar Johnson het nie." Dit het nie een ding daarmee te doen nie. As Johnson geglo het soos Jones, sou hy ook gesond geword het. Dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

408 Niks onseker nie. Niks onseker nie. "Hy wat na My toe kom, sal Ek op geen manier uitwerp nie." Niks onseker nie.

409 "Wel, nou, Hy mag my dalk nie ontvang nie." O, jou arme misleide persoon!

410 Luister. Laat ek jou vertel, as Sy dienaar. Daar is niemand wat na Hom toe kan kom sonder dat Hy hulle ontvang nie. "Al was jou sondes soos skarlaken, hulle sal so wit wees soos sneeu." Niks onseker nie: "Ek sal 'n deel van hulle vergewe, miskien het jy *dit* gedoen; en jy het *dat* gedoen; en Ek sal teen jou hou." "Hulle sal so wit wees soos sneeu."

411 "Wel, Hy sal my nie vergewe vir wat ek aan my man gedoen het, wat ek aan my vrou gedoen het, wat ek my suster gedoen het, wat ek aan my broer gedoen het, wat ek gedoen het nie."

412 Ek gee nie om wat jy gedoen het nie. Daar's niks onseker nie. Hy sal alles vergewe. "Hoewel hulle so rooi soos is soos karmosyn, hulle sal so wit wees soos wol." Niks onseker nie.

413 "Bekeer julle, elkeen van julle, en word gedoop, in die Naam van Jesus Christus, tot die vergifnis van sondes, julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Belofte is aan julle, julle kinders, hulle wat daar ver is," nou hou nou dop, hou dop, jou streng Drie—enige: "selfs soveel as wat die Here ons God sal roep." Hierdie selfde voorskrif, dit sal werk deur elke ges— . . .

414 Nie: "Dit mag wees. Dit sal—dit sal verander, na 'n tydjie, na 'Vader, Seun, en Heilige Gees,'" nie. Jou arme misleide leraar.

415 God kan nie verander nie. Hy's oneindig. Voorskrif werk elke keer, wat jy Dit op die regte manier gee. Ja, meneer! Nou: "Bekeer, en word gedoop in die Naam van Jesus Christus, tot die vergifnis van sondes, julle sal die Heilige Gees ontvang. Want Dit is . . . "

Wat? Hierdie Voorskrif, hierdie doop, hierdie vorm van doop, hierdie Heilige Gees, hierdie selfde Krag! Nie net hande skud, en sê: "Ek sal 'n nuwe blaai omblaai en beter doen nie," nie. Nee, meneer! "Julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. En die Krag van God sal oor jou kom, jou weë verander, in tale praat, hande op die siekes lê, duiwels uitdryf, dieselfde doen as wat hulle gedoen het."

Vir hoeveel? Hoe lank?

416 "Tot die einde van die dissipels." Jy is 'n valse profeet as jy dit sê. Jy's 'n valse leraar as jy dit sê.

417 Want: "Jesus Christus," die Bybel leer ons dat: "Hy dieselfde is gister, vandag, en vir altyd." En die apostels het hier gesê, dat: "Die belofte is aan julle, en aan julle kinders, en aan hulle wat daar ver is, selfs . . . " Sê dit saam met my. [Broer Branham en die gemeente voltooi saam die aanhaling van Handeling 2:39—Red.] " . . .selfs soveel as wat die Here ons God sal roep." Hoeveel? Elke eeu, elke geslag, elke kleur, elke geloof, elke wat dit ook al is, soveel as wat God roep. En as God jou geroep het, beveel Hy jou om gedoop te word, die Naam van Jesus Christus, en die Heilige Gees te ontvang, dan lewe Christus Self in jou. En daar's geen onseker klank nie, geen onsekerheid Daarvan nie. Jy het die Bybel. O, jy kan Daarop staan. Jy kan Daarop lewe. Jy kan Daarop sterwe. Jy kan Daarop opstaan. Glorie! Dis God se Woord. Sjoe! Goeiste!

418 Soos Rebekka wat vir die kameel water gegee het, die einste kameel wat sy water gegee het, sy het daarop gery, om haar te ontmoet, bruid. Die einste God waaroor ons preek, die einste Woord wat God is, die einste God wat in die Woord is, sal ons eendag opwek, deur die doop van die Heilige Gees. En ons kritici sal doodgemaak word deur dieselfde Krag wat jou opwek na Heerlikheid. O, goeiste! Staan op en ry Daarop.

Julle mense wat siek is, moet julle nie ongelowig wees aan God nie.

419 Het Leo en hulle. . .Ek weet nie of. . .Het hy enige gebedskaarte uitgegee? Is enige gebedskaarte uitgegee? Billy het nie vanmôre gekom nie. Hy—hy het 'n verkoue gekry, gister. En hy—hy. . . Goed. Wat nou? Ons—ons sal dit nie nodig hê nie. Ons sal dit nie nodig hê nie. Luister.

420 Glo julle wat ek gepreek het, is die Waarheid? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Glo julle met julle hele hart? ["Amen."] Is dit 'n seker Klank vir julle? ["Amen."]

421 Hoe klink dit? Die eerste opdrag wat Jesus gegee het, Matthéüs 10, aan Sy Kerk: "Gaan julle, en hierdie. . . " En ek lees Dit nie. Ek haal Dit net aan, Matthéüs 10. Ek kon Dit hier kry. "Hy het Sy twaalf apostels bymekaar geroep, en hulle krag teen onrein geeste gegee, om bose geeste uit te dryf, om die siekes gesond te maak, en die dooies op te wek, en duiwels uit

te dryf, en die melaatsheid te genees." Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Deur mense te kry om dit te glo, dan hande op hulle te lê. Mense te kry om dit te glo, dan hande op hulle te lê. Mense te kry om dit te glo, dan hande op hulle te lê. Was dit Sy eerste opdrag toe Hy Sy sewentig gestuur het? ["Amen."]

422 Wat was die laaste opdrag wat Hy gegee het? Markus 16, laaste Woorde wat geval het van ons Here se lippe, toe Hy Sy Kerk opdrag gegee het. "Gaan in die hele wêreld in, preek die Evangelie aan elke skepsel. Hy wat glo en gedoop word, sal gered word. Hy wat nie glo nie, sal verlore gaan."

423 Nou onthou: "Hy mag verlore gaan? Hy mag 'n kans hê"? Hy sal nie een aardse kans hê nie. Geen onseker klank Daaromtrent nie. As hy nie glo nie, sal hy verlore gaan.

424 Nou watter soort tekens gaan hulle volg? Hierdie tekens: "Wel, met sommige van hulle sal dit volg; waarskynlik sal dit; miskien sal dit"? Hierdie tekens sal hulle volg. Hulle sal in genesing glo. Hulle sal in uitdryf van duiwels glo. Hulle sal in praat met taal glo. O, hulle sal in al die bonatuurlike werke van God glo, die opgestane Jesus wat saam met hulle werk. Is dit die Waarheid? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Is dit God se laaste Woord? ["Amen."] Dan vervloek is hy wat probeer byvoeg by, of wegneem van. Dis hoe Dit is, hoe Dit is.

425 Was die pinkster Kerk nie 'n raserige Kerk, destyds aan die begin toe die Heilige Gees die eerste keer geval het nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Die maagd Maria, asof sy dronk was, gesteier onder die Krag van God, en hulle almal soos daardie. En die mense het gesê: "Hulle is vol nuwe wyn." Dis hoe die Kerk verordineer is. Dis hoe elke Kerk verordineer is. Elke keer wat God 'n Kerk het, sal dit dieselfde soort Kerk wees, want Dit het geen onseker klank nie.

"Wel! Wel, ons biskop het gesê . . . "

426 Ek gee nie om wat die biskop sê nie. Wat die Woord gesê het! Sien? Die biskop het 'n onseker klank. As sy klank dieselfde ding weerklink wat Hierdie is, is hy reg. En dan as die kerk nie maak soos Dit gemaak het nie, soos daardie nie, is hy verkeerd. As jy sê jy het Dit, en maak nie so nie, dan is daar iets verkeerd met jou. Want, dis presies wat Dit gesê het, elkeen nou, aan. Nadat afgegaan het na die huis . . .

427 Filippus het afgegaan, gepreek aan die Samaritane. Hande gelê op hulle, Paulus het afgekom of . . . Petrus het afgekom, hande op hulle gelê. Hulle het die Heilige Gees ontvang, dieselfde ding gedoen wat hulle aan die begin gedoen het.

428 Opgegaan, die huis van Cornélius, en daar was al die Heidene daarbo, die Grieke, ensovoorts. Hande gelê op hulle, hulle het die Heilige Gees ontvang soos hulle het aan die begin.

429 Laat ek julle iets vertel. Ek is 'n sendeling, julle weet. Nou, ek glo 'n sendeling is die kêrel wat gaan en kom. Dis 'n sendeling. As jy soontoe gaan om te bly, hulle noem dit 'n sendeling; maar dis 'n bewoner, jy het net jou woonplek verander. Sien? Dis nie 'n sendeling nie. 'n Sendeling, bl—. . . Paulus was 'n sendeling; hy het nie gebly nie. Hy het net bly aangaan, aangaan, aangaan, 'n sendeling. Nie woonplek verander nie; net bly aangaan, 'n sendeling.

430 Nou, in die sendingveld, sal ek julle sê, onder in die—die laagste gebiede van Afrika, onder na die ou boesmantjies. En hulle nie eers geweet of hulle menslik is of nie, vir 'n lang tyd nie. Die Britse regering, toe hulle Suid—Afrika oorgeneem het, jy sou in 'n klein oerwoudjie ingaan en daar sou wees. . . Jy sien die boesmans: "burrr," soos 'n klomp ape skud; en rondkyk, en daar's niks. Sou kyk, opdruk deur die sand, sou jy 'n klein swart koppie sien rondkyk. Sien? Hy het homself in die sand begrawe, uitgehardloop en die sand oor hom gekrap, sommer gou. Hulle het nie gedink hulle is. . . Hulle het gedink hulle is diere, vir 'n lang tyd. Maar weet julle hoe hulle uitgevind het hulle was—hulle was menslik? Hulle het honde gehad. En 'n hond sal by niks anders as 'n mens bly nie. Sien? Hulle het uitgevind dat hulle menslik was.

431 En neem een van daardie klein kêreltjies, en neem een van die—die Basoetoes, die Shangaan, Xhosa, enige van daardie stamme, weet nie eers watter is regter en linker hand nie, altyd iets: "blaw, blaw, blu," julle weet, en praat soos daardie. En kaal vroue, mans, en almal. Ek sê jou wat jy doen. Jy laat die Heilige Gees op hom val, en hy sal dieselfde ding doen wat jy net hier doen wanneer die Heilige Gees op jou val. Daar's geen onseker klank Daaromtrent nie. Hy het nooit so iets soos praat in tale gehoor, in sy lewe nie, en, kyk, hier praat hy in tale met jou.

432 Maar hier staan die tolk, hierdie kêrel staan daar en sê: "Blaw? (Jy wil gered word?)"

"Blaw—luh. (Ja.)"

"Is iemand daarbo. . . (Ah—blaw, blaw, blaw?)"

"Steek op julle hande en ontvang Dit. (Ah—blaw.)"

433 Wel, wel, o, goeiste! Hier gaan hy, praat in tale; nooit Daarvan gehoor nie, weet niks Daarvan nie. Daar's geen onsekerheid daaromtrent nie. Dis Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Hou hom dop. Hy sal reg in die stamme ingaan en begin bid vir die siekes. Jy hoef hom nie te vertel nie.

434 En ons Amerikaanse vroue, julle kerklidmate. Ek praat nie soseer, julle hier nie. Hierdie word opgeneem, julle weet. Julle kerklidmate, wat daarbuite kortbroeke dra, en aangaan soos julle aangaan. Elke jaar neem julle 'n klein bietjie weg, dan het julle kortbroeke, dan kort kortbroeke, en dan kort kortbroeke met kort kortbroeke, en alles soos daardie. Wel jou arme misleide

kerklidmaat, jy's erger as wat hulle in Afrika is; toe daardie vroue reg daar gestaan het daardie dag, toe dertig duisend Christus as hul persoonlike Verlosser ontvang het, op een keer. En julle sing in kore, en dra kortbroeke in die agterplaas, en sny gras, en in die dorp. Julle is erger as hulle. Julle sal. . . Hulle sal opstaan in die Oordeelsdag en julle skaam maak vir julself.

435 Ek het vroue daar sien staan, was kaal, en niks behalwe 'n klein lappie oor hulle voorkant gehad soos daardie nie. En bo in hulle dele hier, hulle—hulle borste dele, glad niks nie. En net een klein bandjie, omtrent vier of ses duim, 'n—'n bietjie rondom hulle middels soos *hierdie*, wat voor hulle hang. En die mans, ook, wat heeltemal kaal daar staan. Het nie regter en linkerhand geken nie. En so gou soos die krag van die Heilige Gees gekom het, het daardie vroue hulle arms gevou; en niks om hulle boesem te bedek nie; hulle arms gevou, in skaamte, en weggeloop. En die volgende dag het hulle klere aangehad. Halleluja! Daar's—daar's—daar's geen onsekerheid daaromtrent nie.

436 Die Heilige Gees laat jou klere aantrek. Jy sal. . . Laat jou ordentlik optree. Niks onseker daaromtrent nie. Wil julle Hom nie hê nie? Sou julle nie graag Iemand soos daardie, die Here Jesus, wou dien nie? Kom weg van hierdie onseker klanke.

437 O, jy's 'n gewilde klein dingetjie, ja, heel opgetooi, en alles. Jy dink jy's gewild. Maar, skat, jy's sterwend. Jy dink jy lewe, en jy's sterwend. Die Bybel het gesê: "Die vrou wat lewe in genot, is dood terwyl sy lewe." Die Bybel het dit gesê. Dis geen onseker klank nie. Gesê: "Sy is dood." Dis reg. Geen onseker klank Daaromtrent nie. Dis sekerheid, broer.

438 God is 'n heilige God. En wanneer 'n man gebore is uit die Heilige Gees, is hy 'n—'n is hy 'n kandidaat. Hy's nie net dit nie, maar hy's 'n koning, hy's 'n prins. Hy's van 'n ander Volk. Sy Koninkryk is van Bo. Hy's gevul met God se Krag, God se Teenwoordigheid. Die vrou wat dit doen, trek klere aan. Die man lewe ordentlik en trou aan sy vrou. Die vrou lewe trou en ordentlik aan hul man. Hulle wil niks van die wêreld hê nie. Hulle emosies is gestel op dinge van Bo. Hulle is klaar met die dinge van die wêreld. Hulle is nuwe skepsels in Christus. En hulle is heilig, lewe dit; nie hulle heilig nie, maar die Heilige Gees wat hulle regeer. Hulle het nie hulle eie verstand nie. Die Heilige Gees beweeg in hulle. Dis hoekom hulle kranksinnig optree, vir die mense van die wêreld, want hulle word beweeg deur 'n—'n Gees van 'n ander Koninkryk.

439 O, ek weet dis so, vriend. Ek was eens was verlore, maar ek's nou gevind. Ek was blind vir daardie dinge, maar nou sien ek. Dit was genade wat my hart geleer het om te vrees. Dit was genade wat my vrese verlig het. Hoe kosbaar het daardie genade geblyk die uur toe ek begin glo het, toe ek na Christus gekom het!

440 Nou ter afsluiting. Vir beide verlossing en vir genesing, laat ek hierdie woorde sê net vir 'n oomblik.

441 Paul Rader was 'n vriend van my. Ek het hom net 'n klein rukkie geken. Ek was net 'n seun, gesit aan sy voete; groot prediker wat in Kalifornië gesterf het hier nie lank gelede nie. Toe hy sterwend was. . . Hy het kanker gekry, en was sterwend daarbuite in Kalifornië. By die tabernakel nou wat O. L. Jaggers het, hy het dit daarbo gehad. Die ou. . . Net, ek vergeet wat die naam daarvan wat dit genoem was toe, maar dis die Wêreld kerk nou. Paul Rader se ou tabernakel, en was bo van Eldoradostraat af, soos jy opgaan soontoe, oorgaan na McPherson se tempel, net oorkant die pad daar by die park. Nou, en toe Paul Rader pastoor was daar, het hulle uitgegaan daar en toe was hy. . .

442 Voor hy gesterf het, het hy sy hande op 'n broer se skouer gesit, wat ek baie goed ken, 'n vriend van Ern Baxter, en gesê: "As ek my boodskap van genade geneem het en dit verkoop het aan die vuurwarm Pinksters, in plaas van om te probeer om om te gaan met julle klomp Baptiste, sou ek vandag gelewe het. Maar," gesê: "julle het my bekommer, en ek het so opgebreek geraak, en heeltemal in so 'n penarie, totdat ek nou sterwend is."

443 So toe hy in die kamer gelê het daar, het hulle die—die blindings en dinge afgetrek, en hulle het daar gestaan, en gesing, *Nader, My God, By U*. En hy het 'n sin vir humor gehad. Hy het gesê: "Wie is sterwend, ek of julle? Julle klink meer of julle sterf as wat ek is," het hy gesê. Hy het gesê: "Moenie dit doen nie. Sing vir my 'n paar vinnige, Evangelie liedere." En 'n klein kwartet van die Moody Bybel Instituut het begin sing, *Onder By Die Kruis Waar My Verlosser Gesterf Het*. Hy het gesê: "Dit klink beter. Prys God!"

444 Gesê: "Waar is Luke?" En Luke en Paul het bymekaar gebly, net soos ek en Billy, my seun. Hulle was broers, en hulle het bymekaar gebly. Gesê: "Waar is Luke?" En Luke wou nie sy broer sien sterf nie, en hy was in die volgende kamer daar by die hospitaal. Gesê: "Gaan kry hom, en sê hom om hier te kom."

445 En toe hy oorgekom het na waar Paul was, het Paul oorgereik en sy hand geneem. En Luke het sy kop probeer wegdraai. Hy het gesê: "Luke, ons is deur menige harde stryd saam. Is ons nie, broer?"

446 Gesê: "Ja, ons is. Deur hierdie jare, het ons gewerk, broer. Dis reg, menige harde stryd."

447 Maar gesê: "Luke, dink daaraan. In vyf minute van nou af, sal ek staan in die Teenwoordigheid van Jesus Christus, geklee in Sy geregtigheid." Sy broer se hand gedruk, toe gesterf. Daar's niks onseker daaromtrent nie. Hy het geweet waarheen hy gegaan het. Hy het geweet. Hy het die doop van die Heilige Gees gehad, Krag van God in sy lewe.

448 Hy was eers ’n houtkapper, en hy het bome en dinge afgekap. En gesê . . .

449 Hy was ’n sendeling, ook, soos wat ek oor die see gaan. En hy en Luke, en hulle, was onder in ’n eiland, hulle het swartwater koors gekry. As enigiemand wat weet wat dit is, dis vinnige dood. En dis baie sleg. So, hy het swartwater koors gekry. Dit was ver terug in die oerwoude, waar daar niks is nie. Hy en sy pragtige klein vroutjie was daar. Julle weet hoe hy gesê het . . . Ek het julle die storie vertel, hoe hy gesê het: “Die laaste keer, het ’n gevoel daaroor gehad, toe sy hom totsiens gesoen het.” En so was hulle daaragter. En dit het geword, bly donkerder word, donkerder in die kamer, hy het geweet hy was aan die gaan, of hy het gedink hy was.

450 Hy het vir sy vrou gesê, gesê: “Skat, dit word so donker hierbinne.” Gesê: “Ek’s sterwende.”

451 En sy het gesê: “O, Paul. Paul.” En sy het op haar gesig neergeval en begin huil.

452 Gesê: “Skat, hou net aan uitroep. Laat my laat . . . Hou aan uitroep na God, en laat my jou stem hoor. Laat iemand bid. Ek kan nie meer bid nie.” Gesê: “Terwyl ek sterf, wil ek dit hoor.”

453 En sy het bly uitroep na God: “O God, moet hom nie laat sterf nie. Sy werk is nog nie klaar nie. Hou . . . ” Roep: “O God, moet asseblief nie vir Paul laat sterf nie.” Sy het oor hom gelê, soos daardie.

454 Donkerder en donkerder geword. Gesê: “Skat, dit word donkerder en donkerder, en donkerder en donkerder.”

455 Uiteindelik, het hy flou geword. Hy het gesê: “Toe ek flou geword het, het ek gedroom ek was weer ’n jong man.” Gesê: “Ek was bo in die woud,” bo in Oregon waar hy vandaan gekom het. Gesê: “Ek het ’n boom afgekap. Die baas het gesê, vir my gesê: ‘Gaan daar bo—op die heuwel, Paul, en ek wil hê jy moet ’n sekere boom afkap, en soveel, en dan moet ons ’n bietjie hout maak.’”

456 En gesê hy het gesê: “Goed, baas.” En sê hy kon hulle ruik, hoe vars dit was; en hoe goed hy gevoel het. Gesê hy het opgehardloop deur die woud soos daardie. En hy het sy byl geneem, en gesê hy kon daardie ou byllem voel ingaan in daardie sagte denne, julle weet, daardie Oregon denne. En gesê, toe dit afgegaan het daarbinne . . . Julle weet, onder in die Suide, het hulle daardie selfde boom, dis baie hard. Jy gaan op, Noordwaarts, en hoe kouer jy word, hoe sagter word die hout. Gesê hy kon vind . . . Gesê hy het sy byl geneem, en oorgehardloop, met daardie ou dubbellem, en al die takke daarvan afgekrap. Gesê hy het die byl daar ingesteek, gesê: “Wel, ek sal reg afgaan teen die heuwel daarmee.”

457 Hy het dit beetgekry, en gesê hy kon dit net nie optel nie. Hy kon dit net nie optel nie. Hy het gesê hy het probeer en hy het

probeer. Hy het gesê hy het onthou dat 'n man se beste spiere in sy rug is. So hy het gesê hy het sy knieë bymekaar gesit, sodat hy nie homself sou skeur nie, en hy het oorgebuk en dit beetgekry. En hy het sy knieë geneem, spiere aan die agterkant van sy bene, hierbo, die kuit van die been, in sy arms, in sy rug, al sy spiere daar ingesit. En gesê hy het getrek, en hy het getrek, en hy kon net nie. Gesê hy het net geswoeg, totdat hy probeer en probeer het. Gesê: "Ek moet hierdie stomp daaronder kry. Ek gevra. Ek moet dit daar kry. Tog," gesê: "gewoonlik . . . ek weet nie waar my krag alles heen is nie. So ek kon die ding op my skouer sit, en daarmee loop," gesê: "maar ek kan dit net nie opkry nie." En probeer, en hy het probeer, en hy het probeer. Hy het gesê hy kon dit net nie doen nie. Hy het net homself uitgeput.

458 Gesê hy het net onder teen die boom geval. Hy het gesê: "Huh, huh, huh! Ek het net geswoeg, en ek het geswoeg. Ek het geswoeg, en ek het geswoeg, totdat ek net nie enigsins verder kon gaan nie. En ek—ek moet daardie stomp daaronder kry, maar ek weet nie hoe ek dit kan doen nie. Ek kan dit nie lig nie." Gesê, net daar gesit, so hy het gesê: "Ek weet net nie wat om te doen nie."

459 En gesê hy het Sy Stem gehoor, van Sy Baas, sê: "Paul," en gesê dit was die soetste Stem wat hy ooit gehoor het.

460 En gesê: "Toe ek omgedraai het om te kyk," gesê: "was dit nie my baas nie, maar dit was my ware Baas." Gesê: "Dit was Jesus."

461 Gesê: "Waarom swoeg jy daarmee, Paul?" Gesê: "Sien jy daardie stroom wat daar gaan?" Gesê: "Daardie stroom gaan reg by die kamp verby." Gesê: "Hoekom stoot jy dit nie net in die water in en ry daarop, gaan af nie?"

462 So hy het gesê hy het net die stomp geneem en dit in die water ingerol, en daarop gespring; en oor daardie kabbelings gegaan, net aan die gil en skree, gesê: "Ek ry daarop. Ek ry daarop."

463 En gesê, toe hy bygekom het, in die kamer, sy vrou wat oor hom lê, wat bid; het hy opgespring in die middel van die vloer, aan die skree: "Ek ry daarop. Ek ry daarop."

464 Broer, laat ek vir jou iets vertel vanmôre. Moenie daarmee swoeg nie. Ek probeer nie daarmee swoeg nie. Dit sal jou moeg maak, heen en weer. "Is ek 'n Metodis? Ek's 'n Baptis? Ek is *hierdie*." Ek het net Jesus ontvang. Ek het Sy belofte geneem, deur genade. Hy het na my toe gekom, en ek ry Daarop. Ek gee nie om wat gebeur, of wat gaan, hoeveel keer ons "mal, of fanaties" genoem word nie.

465 Oor julle genesing vanmôre, wanneer vir ons gebid word. Ons gaan nie nou tyd hê, dit is naby eenuur, vir 'n onderskeidingslyn nie. Ons gaan vir die siekes bid, en kry . . . en—en bid vir elkeen hier. Jesus het gesê: "Hierdie tekens sal hulle wat glo volg." Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] "As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." Is dit reg? ["Amen."] Ek ry Daarop. Is julle gereed om Daarop te ry? ["Amen."]

Laat ons ons hoofde net 'n oomblik buig.

466 Dierbare God. O, hierdie laaste dag, wanneer die ure donker word, het die kerk om die Woord gerol. Hulle het gedraai deur die denominasies. En hulle weet dis nie reg nie, Here. Mag hulle Dit net ophou draai. Daar's is waarskynlik mense hier, vanmôre, wat van kerk tot kerk gegaan het. Eenkeer was hulle in die Metodiste, toe in 'n Baptiste, toe 'n Pinkster, toe 'n kerk van God, toe 'n Nasareens. O God, mag hulle net ophou om dit te doen.

467 Mag hulle net kom, ry op die belofte vanmôre, Here; net ontspan, God op Sy belofte neem, toe Hy gesê het: "As julle julle bekeer, en gedoop word in die Naam van Jesus Christus vir die vergifnis van julle sondes, sal julle die gawe van die Heilige Gees ontvang." God, skenk dat hulle net sal ry op daardie belofte, vanmôre, net reg in die oseaan van Sy goedheid sal val, die sproeie van ewigdurende Lewe, die Water van die Gees. Skenk dit, Here.

468 Mag die Heilige Gees, wat loop, kabbel, vars, reg verby hulle deur nou, mag hulle net oorstap in die Stroom, op die belofte van God, en sê: "Here, ek ry Daarop. Hier kom ek. Ek ry Daarop."

469 Mag die siekes en beproefdes, wat siek is en nie weet wat om te doen nie; die dokters het hulle opgegee. Hulle het gestoei, van hospitaal na hospitaal, van deur tot deur, van plek tot plek. Hulle weet nie wat om te doen nie, Here. Maar die Stroom van die Lewe loop reg verby hulle, vanmôre. Mag hulle daardie Skrif, Markus 16 neem: "As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." Die gelowiges sal gesond word wanneer hande op hulle gelê word.

470 Here, mag hulle dit net in oorweging bring, vanmôre, Daarop klim, en sê: "Here, hier is ek. Ek weet nie hoe ek gaan nie, maar ek ry Daarop. Ek gaan reguit af met die Strome, juigend, spat met my hande in die Waters van die Lewe, gooi in my siel in, en bo—oor my kop, en bad myself in U goedheid, en juig soos ek gaan, aan die ry op U belofte wat U gesê het: "Hulle sal gesond word." Skenk dit, Vader.

Nou met ons hoof gebuig.

471 Ek wonder of daar 'n persoon in hierdie gebou is, vanmôre? Hoeveel in hierdie gebou, vanmôre, wat nie Christus as julle Verlosser ken nie, en julle glo dat die Stroom van die Lewe na julle toe gebring is? Julle het alle soorte van onseker klanke gehad. Julle het jul huis gebou op dinge wat sinkende sand is. Julle besef dat julle eendag gaan sterf. Julle gaan uit hierdie wêreld uit. En julle wil, julle wil regtig 'n seker Klank hoor, en julle glo julle het Dit vanmôre gehoor, dat Christus julle steeds liefhet. Ek gee nie om hoe sondig julle is nie, Hy het julle steeds lief. En julle wil hê ek moet julle onthou in gebed?

472 En reg waar julle staan. Ons kan julle nie hier by die altaar roep nie. Daar's geen altaar nie, want dis vol kinders, ensovoorts.

Maar julle wil graag, julle glo dat julle Christus wil aanvaar net nou as julle persoonlike Verlosser, en julle wil hê ek moet julle onthou in 'n woord van gebed? Sal julle julle hand opsteek. Jy sê: "Ek nou . . . " God seën jou. God seën jou. God seën jou. God seën jou. God seën jou, ver agter, ver agter. God seën jou, hier bo in die middel. Onder aan *hierdie* kant, God seën jou. "Ek aanvaar Christus nou as my persoonlike Verlosser. Ek wil hê Hy moet goed wees vir my." God seën jou, ver agter in die agterkant. Ver agter in die gang, sien jou daaragter. God seën jou. Sou daar nog een wees? Steek op jou hand, maak nie saak waar jy is nie. Hoofde gebuig. God seën jou, jong dame. God seën jou, daaragter, suster. God seën jou daaragter, suster. Ek nie . . .

473 Jy het nie jou hand opgehad nie. Maar ek het jou man gaan sien gisteraand, was daar in die hospitaal, baie sleg; van daarbo by die broer se kerk. Moenie bekommerd wees nie. Hy sal reg wees. Die Here het hom net daar aangeraak gisteraand. Ek het gesien wat verkeerd was met hom. Die dokters het probeer vir vier dae, om dit te vind, maar hulle kon niks vind met die x—straal nie. Maar die Heilige Gees gaan dieper as 'n x—straal. So hy het . . . Dis alles reg. Hy sal—hy sal nou huis toe kom. Hy sal miskien vandag huis toe kom. Goed.

474 Iemand anders? Moet . . . Ver agter in die agterkant, God seën jou. "Ek wil Christus aanvaar as my persoonlike Verlosser. Ek wil gereed wees, dan. Ek ken die onsekerheid van my huis. Ek ken die onsekerheid van my werk. Ek ken die onsekerheid van my lewe. Ek weet nie watter tyd ek gaan sterf nie. Ek mag nog vandag sterf. Ek weet nie. Dis onseker. Maar ek wil 'n seker Klank hê. Ek glo ek het dit vandag deur die Evangelie gehoor, dat Jesus Christus my liefhet. En ek wil Hom aanvaar as my persoonlike Verlosser." Iemand wat nie hulle hande opgelig het nie, en dit wil doen? God seën jou. God seën jou. Goed. Iemand anders lig julle hande op, wat dit nooit tevore opgelig het nie. Lig jou hand, sê: "Onthou my, Broer Branham, in gebed." God seën jou. Goed.

475 Hemelse Vader, daar was 'n seker Klank wat hierdie mense gehoor het. Baie van hulle hier, letterlik baie, wat U vanmôre aanvaar het as hulle persoonlike Verlosser. Nou, Vader, ek weet dit is tradisioneel om mense op te bring na 'n altaar, om te bid, maar dit is nie Skriftuurlik nie, want die Skrif het gesê: "Soveel soos aan Hom geglo het, is gedoop." So ek bid, Vader, dat diegene wat aan U geglo het, dat U Uself aan hulle openbaar het, in daardie seker Klank van 'n Stem, dat hulle weet dis U. En hulle wil U hê as Verlosser. Hulle het hulle hand opgesteek, vir my om hulle in 'n woord van gebed te onthou.

476 O God, wetende dat die ure naderkom, ligte uitgaan nou. Die lig van beskawing gaan uit. Die lig van Amerika gaan uit. Die lig van—van die nasies gaan uit, want die Lig van die wêreld kom in. Ek bid, God, dat U hulle hierdie groot Lig sal laat ontvang. Ons

besef dat geen duisternis kan bestaan in die teenwoordigheid van Lig nie. Lig is soveel sterker as duisternis.

477 En laat hulle weet dat omtrent vyf—. . . tien ure gelede, hierdie gebou so donker was soos dit kon wees, jy nie 'n sitplek kon sien nie. Dit was middernag donker in die gebou, tien ure gelede. Maar, die son het opgekom. Waarnatoe het die duisternis gegaan? Kry dit vir my. Hulle kan dit nie kry nie. Waar is die—waar is die samestelling daarvan? Wat het daarmee gebeur? Dit kan nie gevind word nie. Dis weg.

478 So is hulle sondes nou. Waar, twintig minute gelede, duisternis in hulle siel was; maar hulle het U aanvaar as hulle Verlosser nou, en die duisternis is heeltemal uitgedryf. "Julle sondes, wat baie was, is gereinig, en hulle is nou so wit soos sneeu." Jy kan hulle nie meer kry nie. Hulle is van die Boek af. Hulle is van die rekord af. Die Bloed van Jesus Christus vergewe hulle van hulle sonde. Mag hulle, in ruil, opstaan en gedoop word vanaand in die Naam van Jesus Christus, en die Naam van die Here aanroep, en die Heilige Gees aanvaar. Skenk dit, Vader. Ek vertrou hulle toe aan U, as die trofeë van die Boodskap vanmôre, in die Naam van Jesus Christus, U Seun.

Nou met julle hoofde gebuig.

479 Elkeen van julle wat julle hand opgesteek het, as julle nog nie gedoop is in die Naam van Jesus Christus nie, die kerk sal wees. . . het dienste vanaand. En maak gereed nou, laat die pastoor julle naam neerskryf nou, vanmôre. Julle doop, dis nie vanmôre nie, is dit, broer? [Broer Neville sê: "Dood vanmôre, ook."—Red.] Ja. Doop, vanmôre; onmiddellik na die diens, doop. Kom reguit op. Ons het klere gereed vir julle om gedoop te word in die Naam van Jesus Christus.

480 Jy is nou 'n Christen. Die Lig van God het na jou hart toe gekom. Onthou hoe goed dit is. Jesus het gesê: "Niemand kan na My toe kom, behalwe as My Vader hom trek nie." Hoekom het jy jou hand opgesteek? Omdat Iets jou gesê het om te. Dieselfde Een wat jou gesê het, het die belofte gemaak. "Hy wat My Woorde hoor, en aan Hom glo wat My gestuur het, het ewigdurende Lewe." Geen onsekerheid daaromtrent nie. Jy het nou ewigdurende Lewe. As jy dit glo met jou hele hart, het jy nou oorgegaan van die dood na die Lewe. Jy lewe vir altyd.

481 Nou ontvang Sy Heilige Gees, die Krag van God, om te werk in jou lewe en jou te laat werk vir Hom. Mag jy Dit ontvang vanmôre, soos jy gedoop word in die Naam van Jesus Christus.

482 Vir diegene wat siek is en gebed verlang, ek wil die getal sien, sodat ek kan sien of ons. . . Steek julle hand op. Sien hoeveel, om 'n onderskeidingslyn te hou. Daar's te veel. Ons sal net vir hulle moet bid. Daar's te veel. Daar's 'n honderd— en—vyftig, tweehonderd mense, om voor te bid. Goed.

483 Hoeveel het ooit die onderskeiding gesien, steek julle hand op. Goed, almal van julle. Dis reg, so julle weet wat dit is. Nou glo julle, vanmôre, dat julle die Stem van God gehoor het?

484 Nou gaan ek vra vir Broer Wood, Broer Fred Sothmann, en party van die trustees, om net 'n oomblik hiernatoe te kom. Party van julle trustee broers, of diakens, of wat ook al, kom net 'n oomblik hier. Nou dit gaan redelik vol wees hier, en ek wil hê julle moet help. Nou aan julle, julle mense aan hierdie, my regterkant, waarvoor gebid gaan word, ek wil hê julle moet na *hierdie* kant hier kom. En broer, Broer Collins, staan reg onder daarbinne, as jy sal. En kom reguit af hiernatoe, sodat hulle kan verbykom en voor gebid word.

485 Ek gaan julle klein kindertjies aan *hierdie* kant van die altaar, of julle na *hierdie* kant toe sal oorgaan, vir 'n paar minute, vir Broer Branham; nie vir my nie, maar vir die Here Jesus.

486 Nou julle broers staan hier so dat die mense reguit deur kan kom, en dan—dan sal ons almal neem aan hierdie ander kant. Nou vanaf hierdie eerste ry net hier. Broer Charlie, ek wonder of julle broers, jy en David, of julle hier na boontoe wil kom, of soort van wil terugskuif na die agterkant? Goed. Nou die eerstes hier in *hierdie* ry, staan net op soos daardie; begin net van daardie kant af, oorkant en teen die muur, soos ons bid, nou, wanneer ons gereedmaak om te begin. Nou, nog nie. Dan wanneer hierdie kant hier oorkant, sal ons julle almal laat teruggaan na *hierdie* kant; en dan, en dan uitkom na *daardie* kant, en dan afkom. Nou die trustees en hulle sal julle in die regte posisie kry.

487 Nou, as daardie dame kreupel is en nie kan opkom nie, en soos die klein meisietjie hier in die stoel, nou jy sit net daar waar jy is. Ek sal reguit na jou toe kom. Sien? Ek ken klein Edith, sy's daaragter, en ons sal haar reguit hiernatoe bring. Diegene wat nie kan opstaan nie, ek sal na julle toe kom.

488 Nou watter nut sal dit vir ons hê om hier te staan en praat, watter nut sal dit vir ons hê om hierdie Woord van God te preek, as julle Dit nie hoor nie? Sien? "Hy wat hoor en glo. Hy wat hoor!"

Is julle gereed, is elkeen van julle gereed om julleself aan God toe te vertrou, en sê: "Dit is God se Woord. Ek gee nie om wat my toestand is nie, nadat ek voor gebid is, is ek in elk geval genees"? Sal julle dit glo? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

489 Nou 'n klomp mense soek na iets, julle weet. Soos wat as. . . Daardie vrou, toe ek vir haar gebid het op die agterste trappe daaragter, ek het afgekyk na haar, en toe het daardie plaasgevind. Wat as sy gesê het: "Wel, eerste maand het verbygegaan, ek is net. . . ek word die heeltyd al groter"? Sien? Nee, nee, nie sy nie. Sy het 'n Stem gehoor, en daardie Stem het haar vertel. En sy het Dit geglo met haar hele hart. En die gewas, naderhand, het reguit afgegaan. En nou is sy normaal en gesond.

490 Leo, waar is jy? Is hy hier iewers? Ek vergeet wat daardie dame se naam is. Miskien sal iemand. Ek het haar adres. Ek sal dit afbring kerk toe. Leo, wat, onthou jy haar naam? [Broer Leo sê: "Pearl, Pearl . . ."—Red.] Is dit Led— . . . Redford, of Redfort? Ons het haar naam en adres, as julle wil skryf.

491 Sy is net hier genees, met 'n gewas, oor die dertig pond geweeg. Nie 'n skrapie op haar, van 'n mes nie. Daar's haar foto, waar sy die gewas gehad het. Hier is sy nou, sonder 'n skrapie iewers. God het haar genees, dit weggeneem van haar. Daar is dokters verklarings, waar hy haar opgegee het: "Om te sterf, met kanker wat haar niere uitvreet." En nou is sy normaal en gesond, heeltemal sonder enige nierprobleme.

492 Sy is een van die tiene van duisende. Wat is dit? Nie 'n onseker klank nie. Maar die ding daarvan is, vriend, kan jy Dit hoor?

493 Nou as die basuin 'n onseker klank gee, sê: "Wel, party raak gesond en party nie." Dis onseker. Sien? Moet dit nie glo nie.

494 Jesus het gesê: "Wie ook al." Dis seker. "Hierdie tekens sal hulle wat glo volg. Laat hande op hulle lê, sal hulle gesond word." Glo julle dit nou? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Met julle hele hart, glo julle dit.

495 En ek gaan die pastoor vra, nou ons sal net . . . Nou ons het 'n doopdiens wat hierop volg. So, sien, dan sal ons nie te veel tyd hê nie.

496 Maar ek gaan bid vir die gemeente, vir elke siek persoon hierbinne. En wanneer hulle verbykom, gaan ek . . . Glo julle dat ek Sy dienaar is? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] As julle dit glo, dan sal die salwing van die Heilige Gees reguit in julle inkom. Sien? Dit moet, vriend. Ek sê nie . . . Dis niks, ek nie. Ek's net . . . Ek's net julle broer.

497 Ek is die geringste onder julle, maar dis wat ek moet wees. "Laat hy wat die geringste onder julle is, laat—laat—laat . . ." Laat ek die dienaar van julle almal wees. Sien? Dis wat ek wil wees. Ek's julle dienaar. Jy's God se kind. Ek, ek's net Sy dienaar. Ek probeer julle dien, julle sien. Ek's die kleinste een. Niks omtrent my nie, maar, sien, iemand moet hande lê op julle. En dan as Hy my die Woord sal laat bring, en, julle glo die Woord kom na my toe. Soveel van julle noem my 'n gelowige, en dan kom die Woord na my toe, julle oordeel vir julleself of Dit reg of verkeerd is. Sien? Laat God die oordeelwerk doen, deur Sy Woord. Wel, as Dit so is, dan is elke belofte so. Dit moet wees. Sien?

498 Noag, hy het net bly bou aan die ark. Hulle het gesê: "Hy's 'n fanatikus. Daar's niks daarbo nie. Hoe gaan jy dit kry?"

499 "Maak geen verskil nie. God kan dit daarbo sit," en net bly voortkap. Hoe is—hoe is . . .

500 Wie was dit, anders, waarvan ek gepraat het? Moses, hoe het Moses soontoe gegaan, daardie weermag oor te neem? Hoe gaan hy die hele Egipte oorneem? Hoe kan hy dit doen, een ou man, tagtig jaar oud, sy vrou en kind? Hoe gaan hy dit doen?

501 "Dis nie my besigheid nie. God het gesê: 'Gaan neem dit oor,' en ek gaan soontoe." Hoe gaan jy hulle uitlewer uit Farao se hande? "'Ek, sekerlik sal Ek met jou wees.'" Niks onseker nie.

502 "Hierdie tekens sal hulle wat glo volg." Niks onseker nie. As julle dit glo, hande op julle laat lê, moet julle gesond word. Glo julle dit met julle hele hart? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

503 Nou, ek wil hê elke persoon hierbinne, wat kan bid, ek wil hê jy moet jou hoof buig. Ek wil hê jy moet stil bid. Ek gaan bid vir hierdie doeke wat hier lê, want ek voel die Teenwoordigheid van die Heilige Gees.

504 Hemelse Vader, ons maak gereed om een diens af te sluit en in 'n ander in te gaan. Baie het U ontvang, Here, vanmôre. Baie hande het opgegaan. Hulle het oorgegaan uit die dood na die Lewe, daardie klein stadige oomblik wat verbygegaan het, 'n klein Liggie het by hulle verbygegaan. 'n Klein versmoring het oor hulle gewete gekom. Wat was dit? Hulle het gesterf, en hulle toe oorgegaan uit die dood na die Lewe.

505 Soos 'n graankorrel wat in die grond val. Eerste ding, dit versmoor; dit sterf, vrot weg. Dan kom daar 'n klein fonteintjie lewe daaruit, en dit produseer nog 'n graan.

506 Nou, Here, vanmôre, het 'n klein versmoring van dood oor hulle gegaan. En toe dit het, het hulle wakker geword, binne 'n paar oomblikke toe hulle hulle hande opgesteek het. Hulself voel versmoor, deur die Woord van God, Iets wat sê: "Jy's veroordeel. Jy's 'n sondaar. Jy sal sterf en hel toe gaan. Jy sal verlore gaan. Jy sal nooit weer opstaan nie," daardie dood wat op hulle kom. Uiteindelik het hulle gesterf by daardie plek, tot hulle 'n Stem hoor sê het: "Maar Ek is jou Verlosser. Kom na My toe, almal van julle wat vermoeid en belas is."

507 En hulle het hulle hande opgesteek: "Ek wil Hom aanvaar as my persoonlike Verlosser." En toe het 'n fonteintjie van Lewe in hulle siel ingekom. Hulle het weer opgespring, om nog 'n Christen voort te bring.

508 God, mag hulle nou na die water toe gaan, voor die gehoor, gedoop word in Jesus Christus se Naam, vir die vergifnis van hulle sonde; die mense te wys dat hulle deeglik uitverkoop het aan die—aan die dinge van die wêreld, en Christus van nou af gaan dien. Want hulle is dood en begrawe saam met Hom in die doop, om op te staan in nuwe Lewe, te wandel in 'n nuwe lewe.

509 Hier is baie sakdoeke wat ek vashou in my hande, Here. Hulle verteenwoordig siek mense.

510 Nou, in die Bybel, eenkeer, soos ek dit dikwels aangehaal het. Toe Israel in die pad van plig was, oorgegaan het na die beloofde land, het die Rooi See in hulle pad gestaan. God het afgekyk deur die wolke, met kwaai oë, deur die Vuurkolom. En daardie Rooi See het bang geword, want God het 'n belofte gemaak. Geen onseker klank nie. Die see het geweet dat God se Woord nie onvas was nie. Hulle het geweet dit was seker. Israel was bestem vir die beloofde land. Niks kon in hulle pad staan nie, want God het so gesê. So, die see het bang geword en terugbeweeg, 'n droë pad gemaak reg deur die middel daarvan. En hulle het oor droë grond geloop.

511 Nou daar's baie Christene wat siek is, Here. Hier's hulle sakdoeke. Hulle sê, in die Bybel, dat: "Hulle het van die liggaam van Paulus geneem, sakdoeke, of voorskoot." Ons weet ons is nie Paulus nie. Maar ons weet dat U steeds dieselfde God is, met dieselfde Woord en dieselfde belofte. Wanneer ek hierdie sakdoeke stuur aan daardie siek en beproefdes, mag die duiwel, wat hulle gebind het, bang word en terugbeweeg. Mag die kinders van God uitstap na die belofte van goeie gesondheid. Skenk dit, Here.

512 Nou baie van hulle is in hierdie gebou. Hier is U pastoor, vanmôre, my broer, Neville. Hier is U diakens en trustees wat hier staan, verordineerde manne van hierdie kerk, wat U so genadiglik seën, hoewel ons onwaardig is, Here. Maar ons sien U Gees onder ons beweeg, en ons is so bly hiervoor; lyk soos 'n herlewing wat uitbeweeg vir die laaste keer. O God, ons is uitverkoop, aan Egipte, nou is ons op ons pad na die beloofde Land. Net 'n paar dae se reis nou en ons sal oor die Jordaan gaan.

513 En nou, Vader God, ons bid dat U elke hindernis in ons pad sal wegneem. Baie van hierdie mense is nie in marsjeer toestand nie. Hulle is hier omdat hulle siek en beproef is. Hoe kan daardie siekte daardie mense vashou? Hoe kan daardie beproewinge hulle kreupel hou, en in 'n rystoel, wanneer hulle op die mars na die beloofde Land is? Halleluja! God, wanneer ons ons hande aanwend aan hulle liggaam, mag die Duiwel bang word en terugbeweeg. Mag hulle in marsjeer toestand wees.

514 Ek dank U vir daardie vrou waarvan ek die hele oggend gepraat het, kan haar nie van my gedagtes afkry nie. Om daardie vrou te sien, kon nie eens opstaan nie, met daardie groot gewas, dokters wat haar bespot. Maar, sy het 'n Stem gehoor, Dit was nie onseker nie. Dit was 'n seker Klank, en sy het Dit geglo.

515 Nou, Here, mag elke siek persoon hierbinne sien. . . daardie selfde Klank hoor, vanmôre; en in marsjeer toestand wees, om te vertrek, Here, vir die reis. Skenk dit, Here. Ons het alles opgepak nou. O! Ons is gereed om te marsjeer, Here. Ons is gereed vir die wildernis, en om die Jordaan oorkant oor te steek. Net 'n paar dae se reis en ons sal daar wees. God, laat ons gaan in die Krag van

die Heilige Gees. Mag ons altyd teenwoordig wees wanneer ons daardie Lig oorkant sien skyn, Here, wat die weg wys, daardie opgestane Christus wat skyn na daardie perfekte Dag. Skenk dit, Vader. Nou soos ons . . .

516 Salf ons hande, salf ons, dat die Heilige Gees wat nou in ons is, sal voortskyn. Die kosmiese lig, die anderkant kos— . . . Die Lig van God voortskyn in daardie siek, swak liggame in, en elkeen van hulle genees word.

517 Ons kom vorentoe, Here, om die Duiwel te ontmoet. Ons kom vorentoe om die Rooi See te ontmoet. Daardie, soos dit die Rooi See was, dis, die see van siekte wat hierdie mense terughou van marsjeer. Ons kom vorentoe met die Heilige Gees wat voor ons skyn, om die Duiwel te ontmoet in die Naam van Jesus Christus. Daardie siekte sal moet terugbeweeg, want U kyk af deur die Krag van U Woord. En hulle moet gesond word. Ons kom in Jesus se Naam, om die vyand te ontmoet. Amen.

Die Onseker Klank AFR60-1218
(The Uncertain Sound)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagoggend, 18 Desember 1960, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2013 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org